# GESINSGEWELD: 'N KRIMINOLOGIESE ONDERSOEK

**deur**

**THOMAS IGNATIUS MULLER JOOSTE**

**voorgelê ter vervulling van die vereistes**
**vir die graad**

**D Litt et Phil**

**in die vak**

**KRIMINOLOGIE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER : PROF. HERMAN CONRADIE**

**FEBRUARIE 2005**

Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en heerlikheid, van nou af tot in ewigheid. Amen. (1 Timotheus 1:17)

Opgedra aan my eggenote Joey en ons seuns

Percy, Johannes, Tommie, Gerrit, Justice en Arista.

**DANKBETUIGINGS**

Graag wens ek hiermee die volgende persone en instansies te bedank vir die hulp en ondersteuning wat hulle verleen het tydens hierdie studie asook andersinds:

Prof. Herman Conradie, my promotor, vir sy besondere leiding en ondersteuning asook sy ononderbroke motivering terwyl hy in my vermoëns geglo het;

Prof. R. P. de la Rey, vir die wonderlike inspirasie en motivering toe ek dit op die nodigste in my akademiese loopbaan gehad het;

Dr. Anna-Mart Bonthuys, die taalkundige, vir voortreflike diens gelewer en werk van hoë standaard;

Yolinda Fölscher vir lang ure se onbaatsugtige harde werk met die rekenaar;

Senior Superintendent Marius Freislich, van die SAPD vir sy onbaatsugtige en waardevolle insette betreffende die verskaffing van inligting;

Hendrik Malan, my mentor en steunpilaar, wie se goeie raad en rype ervaring altyd vir my 'n inspirasie is en sal bly;

Dawid Pieterse, 'n ware ster en opregte vriend wat met sy formidabele persoonlikheid, oor die vermoeë beskik om die kampioen in 'n mens wakker te maak;

Johann Groenewald, 'n wonderlike vriend en broer in Christus wie altyd vir my daar was, waar en wanneer ek hom nodig gehad het;

Willie Jooste, my broer, wat sy skoolloopbaan kortgeknip het in moeilike omstandighede om my deur matriek te help; hoé sê 'n mens dankie?

Martin Steyn en Thys Smith, my gewaardeerde kollegas, beeldpoetsers en leermeesters in die skool van die lewe;

My eggenote Joey en ons ses pragtige seuns wat altyd vir my daar was, en my ondersteun het ten spyte van die gesinstyd wat soms tydens dié studie in die gedrang gekom het;

My Skepper.

T. I. M. Jooste
Februarie 2005

**TITEL**

# GESINSGEWELD: 'N KRIMINOLOGIESE ONDERSOEK

**Deur :** **T. I. M. JOOSTE**
**Studieleier :** **Prof. Herman Conradie**
**Departement :** **Kriminologie**
**Graad :** **D Litt et Phil**

## OPSOMMING

Die doel van hierdie navorsing was om gesinsgeweld in die Gauteng-Provinsie van Suid-Afrika te beskryf en te verklaar. Dit is gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie, en is uitgebrei met 'n empiriese ondersoek wat op polisiedossiere gebaseer is, teen die agtergrond van Seligman se teorie van aangeleerde hulpeloosheid, asook ander teorieë wat eklekties bygewerk is. Die literatuurstudie is gebruik om 'n skedule (vraelys) te ontwerp. Dié navorsingskedule is gebruik vir datavangs uit polisiedossiere. Die polisiedossiere van die Misdaadinligting-Analisesentrum (MIAS) van Gauteng se streekkantoor in Johannesburg is gebruik vir die samestelling van 'n gerieflikheidsteekproef bestaande uit 415 gevalle. Hierdie gevalle kom uit die aanmeldings by die aanklagkantore van Laudium, Alexandra, Hillbrow, Rietgat, Eersterust en Mamelodi, tussen 1 Januarie 2001 en 1 Maart 2002.

Makrososiale faktore, geslagsrolsosialisering en verhoudingsfaktore veroorsaak gesinsgeweld. Sekere elemente van die struktuur- proses- reaksie- en aangeleerde hulpeloosheidsteorieë kan dit verklaar. Die beregting van bogenoemde fokus op primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsaksies. Die dinamika waarop gefokus word met betrekking tot gesinsgeweld sluit in aspekte soos: die snellerfaktore, konfrontasie, die praktiese misdaadinsident en uiteindelik die herstelde ekwillibrium. Al die faktore (oorsake, verklarings, voorkoming en dinamika) lei uiteindelik tot die stadium waar waar verduidelik word hoe gesinsgeweld gestabilliseer word.

## TITLE

## FAMILY VIOLENCE: A CRIMINOLOGICAL SURVEY

**By:** **T.I.M. Jooste**
**Supervisor:** **Prof. Herman Conradie**
**Department:** **Criminology**
**Degree:** **D Litt et Phil**

## SUMMARY

The purpose of this research was to describe and explain family violence in the Gauteng Province of South Africa. It was conducted by means of a literature review, followed by empirical research, based on police dockets, against the background of Seligman's theory on learned helplessness. Other theories were also applied eclectically. The literature review was used to design a research schedule (questionnaire). This schedule was used for data capturing from police dockets from the Crime Information Analysis Centre (CIAC) at their Gauteng Regional office in Johannesburg. From this data, a convenience sample consisting of 415 cases, was compiled. These cases were reported at the charge offices of Laudium, Alexandra, Hillbrow, Rietgat, Eersterust and Mamelodi, during the period between 1 January 2001 and 1 March 2002.

Domestic violence is caused by macrosocial-, gender- and relationship factors. These causes can be explained by certain aspects of structural- process- reaction and the learned helplesness theories. The adjudication of this causes and explanations focus on primary, secondary and tersiary aspects of prevention. Triggering facors, confrontation, crime incidents and restoring the equalibrium were studied in relation to the dynamics of domestic violence. All these factors such as causes, explanations, prevention and dynamics , are considered to explain the stabilization of domestic violence.

**Key terms:**

**violence against women** **spouse battering** **sexual abuse**
**emotional abuse** **physical abuse** **crime prevention**
**learned helplessness** **victims** **service providers**
**rape**

## INHOUDSOPGAWE

**Hoofstuk** **Bladsy**

**1. Inleiding en metodologiese fundering ........ 1**

1.1 Inleiding........ 1

1.2 Die rasionaal van die studie ........ 3

1.3 Die doel van die navorsing........ 6

1.4 Konseptuele afbakening ........ 9

1.4.1 Omskrywing van kernbegrippe........ 9

Misdaad ........ 9

Slagoffer........ 9

Oortreder ........ 9

Gesinsgeweld........ 10

1.4.2 Tipes misdade........ 10

Aanranding (gewone)........ 10

Aanranding met die doel om ernstig te beseer........ 11

Verbale teistering ........ 11

Seksuele teistering........ 11

Verkragting ........ 11

Ontvoering........ 12

1.5 Tyd-ruimtelike afbakening........ 12

1.6 Kwalitatiewe afbakening........ 13

1.7 Kwantitatiewe afbakening........ 13

1.8 Hipoteses ........ 14

1.9 Teoretiese fundering........ 17

1.10 Die navorsingsproses........ 17

1.11 Die samestelling van die skedule ........ 18

1.12 Data-analise en interpretasie ........ 19

1.13 Die samestelling van hierdie verslag ........ 19

1.14 Samevatting ........ 20

**2. Die aard en omvang van gesinsgeweld ........ 21**

2.1 Inleiding ........ 21

2.2 Agtergrond ........ 22

2.3 'n Ou en nuwe misdaadverskynsel ........ 24

2.4 Die omvang van die probleem ........ 24

2.5 Die statistiese omvang van die probleem ........ 26

2.5.1 Die situasie met betrekking tot gesinsgeweld in verskeie lande ........ 26

2.5.2 Die situasie in Amerika ........ 27

2.5.3 Die situasie in Brittanje ........ 29

2.5.4 Die situasie in Kanada ........ 32

2.5.5 Die situasie in Suid-Afrika ........ 34

2.6 Tipes misdade ........ 39

2.7 Die oorsake van gesinsgeweld ........ 40

2.7.1 Makrososiale faktore ........ 40

2.7.2 Geslagsrolsosialisering ........ 41

2.7.3 Verhoudingsfaktore ........ 42

Verbaal ........ 42

Psigologies ........ 43

2.8 Weerhouding van misdaadinligting ........ 44

2.9 Misdaadstatistiek ........ 46

2.10 Slotbeskouïng ........ 48

**3. Misdaadverklaringsteorieë ........ 49**

3.1 Inleiding ........ 49

3.2 Struktuurteorieë ........ 49

3.2.1 Kenmerke van struktuurteorie ........ 50

3.3 Die anomieteorie ........ 50

3.3.1 Durkheim se bydrae ........ 51

3.3.2 Merton en Parsons se bydraes ........ 53

3.3.3 Toepaslikheid op gesinsgeweld ........ 55

3.4 Die misdaadekologiese teorie ........ 56

3.4.1 Uitgangspunte ........ 56

3.4.2 Aannames van die teorie ........ 57

3.4.3 Kenmerke ........ 59

3.4.4 Toepaslikheid op gesinsgeweld ........ 60

3.5 Prosesteorieë ........ 61

3.5.1 Uitgangspunte ........ 61

3.5.2 Aannames van die proses teorie ........ 62

Prosesteorië is mikro teorieë ........ 62

Misdaadveroorsaking is nie aan klasseverskille gekoppel nie ........ 62

Sosiale interaksie veroorsaak misdaad ........ 63

3.6 Differensiële assosiasieteorie ........ 64

3.6.1 Uitgangspunte ........ 64

3.6.2 Toepaslikheid op gesinsgeweld ........ 65

3.7 Die sosiale gebondenheidsteorie .......... 67

3.7.1 Uitgangspunte .......... 67

3.7.2 Drie belangrike konvensionele instellings .......... 70

Die Kerk .......... 70

Die huisgesin .......... 72

Die skool .......... 74

3.8 Sosiale-reaksie teorieë .......... 76

3.8.1 Etiketteringsteorie .......... 76

Primêre afwykings .......... 76

Sekondêre afwykings .......... 77

3.8.2 Uitgangspunte .......... 77

Interaksie tussen verskeie faktore .......... 77

Etikette deur die gemeenskap lei tot misdaad .......... 77

Etikette lei tot swak selfbeeld en herhaling van wangedrag .......... 78

3.8.3 Toepaslikheid op gesinsgeweld .......... 78

3.9 Konflikteorie .......... 79

3.9.1 Uitgangspunte .......... 80

3.9.2 Toepaslikheid op gesinsgeweld .......... 81

3.10 Slotbeskouïng .......... 82

**4. Die aangeleerde hulpeloosheidsteorie .......... 84**

4.1 Inleiding .......... 84

4.2 Die oorsprong en ontwikeling van die teorie .......... 84

4.3 Uitgangspunte van die teorie .......... 86

4.3.1 Kognisie, emosie en motivering .......... 87

4.3.2 Magteloosheid ........ 88
4.4 Aannames ........ 89
4.4.1 Persoonlike magteloosheid ........ 89
4.4.2 Geïnternaliseerde verplaasde magtelosheid ........ 89
4.4.3 Universele magteloosheid ........ 90
4.4.4 Algemene magteloosheid ........ 90
4.4.5 Depressie ........ 91
4.5 Kenmerke ........ 92
4.5.1 Stres, kognisie en intensiteit ........ 92
4.5.2 Viktimisasie ........ 93
4.5.3 Geslagsrolkultuur ........ 94
4.6 Toepassing op gesinsgeweld ........ 95
4.6.1 Persoonlike magteloosheid ........ 97
4.6.2 Algemene magteloosheid ........ 97
4.6.3 Universele magteloosheid ........ 98
4.7 Negatiewe punte wat soms geopper word ........ 98
4.8 Positiewe punte ........ 100
4.9 Slotbeskouïng ........ 100

**5. Die beregting van gesinsgeweld ........ 102**
5.1 Inleiding ........ 102
5.2 Benadering tot regspleging ........ 103
5.2.1 Reflektiewe modernisasie ........ 103
5.2.2 Detradisionalisasie ........ 103
5.2.3 Ontologiese onsekerheid ........ 104
5.3 Regsbetrokkenheid ........ 105

5.4 Regspleging in Suid-Afrika ........ 108
5.4.1 Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) ........ 108
5.4.2 Polisiëring ........ 111
5.4.3 Arrestasie ........ 112
5.5 Landdroste ........ 113
5.5.1 Aanklaers ........ 113
5.5.2 Klerke van die hof ........ 114
5.6 Korrektiewe beamptes ........ 114
5.7 Maatskaplike werkers van die staat ........ 115
5.8 Die Onafhanklike Klagte Direktoraat (OKD) ........ 116
5.9 Gesondheidswerkers ........ 116
5.10 Nie-Regeringsorganisasies ........ 117
5.11 Beskerming van die gesin ........ 117
5.12 Beskerming van die slagoffer ........ 119
5.13 Regsoorwegings en oplossings ........ 119
5.13.1 Verpligte arrestasies ........ 120
5.13.2 Die howe en straf ........ 122
5.13.3 Interdikaansoekers ........ 125
5.13.4 Interdikaansoeke ........ 126
5.13.5 Die tyd om aansoek te doen vir interdikte ........ 126
5.13.6 Prosedure wat gevolg moet word ........ 127
5.13.7 Amendemente aan die voorwaardes van interdikte ........ 129
5.14 Die breër spektrum van regsplegende voorkoming ........ 130
5.14.1 Maatreëls wat die Wet op Gesinsgeweld voorsien ........ 132
5.14.2 Strawwe wat deur die hof opgelê kan word ........ 133

5.14.3 Beter wetstoepassing ............ 135

5.15 Die totstandkoming van 'n gesinshof ............ 136

5.15.1 Vergemaklik die toepassing van die wet ............ 137

5.15.2 Rehabillitasie ............ 137

5.16 Samevatting ............ 141

**6. Voorkoming van misdade in gesinsverband ............ 142**

**6.1** Inleiding ............ 142

6.2 Die soektog na oplossings ............ 143

6.2.1 Lektuur ............ 143

6.2.2 Opvoeding ............ 144

6.2.3 Rehabillitasieprogramme vir oortreders en slagoffers ............ 146

6.2.4 Kultuur van selfbeheersing ............ 148

6.3 Kategorieë van voorkoming ............ 149

6.3.1 Primêre voorkoming ............ 149

6.3.2 Sekondêre voorkoming ............ 150

6.3.3 Tersiêre voorkoming ............ 151

6.4 Institusionele voorkoming ............ 151

6.4.1 Veilige plekke ............ 152

6.4.2 Die Pretoria Kinder-en Gesinsorg Vereniging ............ 154

6.4.3 Inter Trauma Nexus ............ 157

6.5 Ander voorkomingsorganisasies ............ 158

6.6 Voorkoming deur die owerhede ............ 158

6.7 Voorkoming deur die gemeenskap ............ 160

6.8 Beter fasilliteite vir slagoffers ............ 163

6.9 Die beginsels van alle voorkomingsprogramme ....163
6.10 Slotbeskouïng ....165

**7. Statistiese ontleding ....167**
7.1 Inleiding ....167
7.2 Biografiese data van die slagoffer ....168
7.3 Biografiese data van die oortreder ....170
7.4 *Modus operandi* van die oortreder ....178
7.5 Die dinamika van gesinsgeweld ....189
7.5.1 Die snellerfaktore ....189
7.5.2 Die insident ....192
7.5.3 Herstel die ekwilibrium ....194
7.6 Slotbeskouïng ....197
7.6.1 Bevindinge oor die biografiese data van die slagoffer ....198
7.6.2 Bevindinge oor die biografiese data van die oortreder ....199
7.6.3 Bevindinge oor die *modus operandi* van die oortreder ....199
**8. Samevatting, bevindinge en slotbeskoouïng ....201**
8.1 Inleiding ....201
8.2 'n Kort samevatting van die navorsing ....201
8.3 Bevindinge ....203
8.3.1 Bevindinge oor die slagoffer ....203
8.3.2 Bevindinge oor die oortreder ....203
8.3.3 Bevindinge oor die *modus operandi* van die oortreder ....204
8.3.4 Bevindinge aangaande hipotesetoetsing ....205
8.3.5 Bevindinge van die literatuurstudie ....206
8.3.6 Stabiliseringsmodel vir gesinsgeweld ....208

8.4 Aanbevelings vir verdere navorsing ........ 210

8.5 Algemene aanbevelings ........ 210

8.6 Voorstelle oor veiligheidsplekke vir vroue en /of kinders ........ 211

8.7 Voorstelle vir die verbetering van beradingsdienste ........ 212

8.8 Slotwoord ........ 212

**Bibliografie ........ 213 – 223**

**Vraelys ........ 224 – 225**


**Lys van tabelle**

1.7.1 Die samestelling van die universum ........ 14

2.5.5 Mans wat gevonnis is weens misdade teen vroue ........ 35

2.5.6 Misdade vir die tydperk 2003 / 2004 wat in S.A. voorgekom het ........ 35

2.5.7 Voorvalle aangemeld by die gesinshof in Pretoria ........ 37

3.5.8 Tipes misdade t.o.v. gesinsgeweld in Gauteng ........ 38

7.2.1 Geslag van die slagoffers ........ 168

7.2.2 Ouderdom van die slagoffers ........ 168

7.2.3 Die ras van die slagoffer ........ 169

7.3.1 Die geslag van die oortreder ........ 170

7.3.2 Die ouderdom van die oortreder ........ 171

7.3.3 Huwelikstatus van die oortreder ........ 174

7.3.4 Nasionaliteit van die oortreder ........ 176

7.3.5 Die beroep van die oortreder ........ 177

7.4.1 Die maande waarin gesinsgeweld die meeste voorkom ........ 179

7.4.2 Die dae waarop gesinsgeweld die meeste voorkom....180

7.4.3 Die tyd van die dag....182

7.4.4 Tipe misdaad....183

7.4.5 Plekke waar gesinsgeweld voorkom....185

7.4.6 Tipes beserings wat in gesinsgeweld opgedoen word....186

7.4.7 Die voorwerp waarmee die misdaad gepleeg word....188

8.1 Hipoteses....205

12 Die stabiliseringsmodel vir gesinsgeweld....208

**Kruistabelle**

7.3.1 Geslag van die oortreder versus die geslag van die oortreder....171

7.3.2 Ouderdom van slagoffer versus skuldigbeving aan tipe misdaad....173

7.3.3 Huwelikstatus oortreder versus ouderom slagoffer....175

7.3.4 Die tipe misdaad versus die ouderdom van die oortreder....184

7.3.5 Die tipe besering versus geslag van die klaer....187

**Grafieke**

6.6.1 Die regering se rol in die voorkoming van gesinsgeweld....160

6.7.1 Die gemeenskap se bydrae tot voorkoming van gesinsgeweld....161

**Diagramme**

3.3.3 Die verwantskap tussen anomie en misdaad....55

3.4.2 'n Diagrammatiese voorstelling van die ekologiese teorie....59

3.6.1 'n Diagrammatiese voorstelling van Hirschi se teorie....69

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN METODOLOGIESE FUNDERING

## 1.1 Inleiding

Daar is 'n onrusbarende toename van misdade in gesinsverband in die Suid-Afrikaanse samelewing. Bollen, Artz, Vetten en Louw (1999:5) het reeds ses jaar gelede gesê dat daar elke sesde dag 'n vrou deur haar verhoudingsmaat vermoor word en dat een uit elke ses vroue in Suid-Afrika in 'n gewelddadige verhouding betrokke is. Daar is gedurende die tydperk 1994 tot 1997 soveel as 49,289 verkragtings aangemeld, wat 'n styging van sewe persent in terme van vorige jare verteenwoordig, terwyl ernstige misdade (maar) met een persent per jaar gestyg het in die ooreenstemmende tyd. Polisiestatistiek is ook nie altyd heeltemal korrek nie, want dit is voor die hand liggend dat alle sake nie altyd aan hulle gerapporteer word nie. Die beleidsverandering van die SAPD ten opsigte van die bekendmaking van misdaadstatistiek het ook sedert 1999 die navorsing oor misdaadstatisiek aansienlik bemoeilik.

Hierdie situasie ontstaan as gevolg van die feit dat die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) en die National Victims of Crime Survey (VOC) se benaderings tot die registrasie van misdaad verskil. Waar die SAPD konsentreer op spesifieke definisies rondom wetlike aspekte, is die syfers van die VOC nie daaraan gebonde nie. Sommige persone is geneig om sekere tipes misdaad van rapportering te weerhou, bloot weens die praktiese komplikasies wat dit vir die klaagster inhou. Motordiefstal sal byvoorbeeld makliker gerapporteer word as wat die geval met aanranding deur 'n eggenoot sal wees. Daarom is polisiestatistiek nie altyd 'n ware barometer van die werklike situasie nie.

In 'n onlangse landwye opname (Bollen, S., Artz, L. en Louw, A. 1999:5) deur die Instituut vir Sekuriteitstudies (ISS), waaraan 269 vroue vanuit metropolitaanse stede in Suid-Afrika soos Durban, Kaapstad en Johannesburg deelgeneem het, is gevind dat:

- 'n vrou elke sesde dag deur haar metgesel vermoor word
- een uit elke vier vroue 'n verhouding met 'n geweldenaar het en
- tagtig persent vroue in die landelike gebiede slagoffers van gesinsgeweld is.

Hierdie voorbeelde oor verkragting en mishandeling van vroue is 'n duidelike aanduiding dat daar 'n probleem van gesinsgeweld in Suid-Afrika verskuil is. Daar is vele bewyse en dikwels skokkend van aard, wat nie geïgnoreer, weggelag, weggewens of weggerasionaliseer kan word nie. Hieroor sê Bollen *et al.* (1999:3) dat alhoewel verskeie pogings van stapel gestuur is om aan te toon dat gesinsgeweld en seksuele aanranding ernstig aan die toeneem is in die Republiek van Suid-Afrika (RSA), reflekteer beskikbare statistiek slegs 'n klein gedeelte daarvan. Wolpe (1999:24) sluit hierby aan met haar skets van 'n donker prentjie in die Sunday Times: "Die jaar wat verby is, is gekenmerk deur angswekkende verhale van verkragting, kindermolestering, gesinsgeweld, moord en ander geweldsmisdaad."

Van die verskillende vorme van gesinsgeweld is die seksuele misdade teen dogters seker die mees afkeurenswaardige. Tempelhoff (Beeld 2001:2) wys op die onrusbarende tendens wat in Suid-Afrika aan die toeneem is, naamlik dat daar 'n mite onder mans bestaan, dat geslagsgemeenskap met jong dogters wat nog maagde is, hulle van MIV kan genees. Sy sê: "Ons dink die kind se pa het die virus opgedoen nadat sy vrou swanger geraak het. En dat hy gemeen het hy sou genees word as hy met 'n maagd omgang het."

Dr. Nelia Louw (Beeld 2001:14) is ook met reg oor dieselfde saak bekommerd en sluit by Tempelhoff aan en berig: "Die Kinderbeskermingsinisiatief van Tshwane is uiters bekommerd oor die dramatiese toename in kinderverkragting gedurende die afgelope paar jaar. Dit wil voorkom asof een van die redes hiervoor die mite is dat mans wat MIV-positief is, 'gereinig' kan word deur seksueel te verkeer met 'n maagd."

Hoewel bloedskande waarskynlik die mees afkeurenswaardige vorm van gesinsgeweld is, word ander vorme van gesinsgeweld, soos mans wat hulle vroue aanrand asook vroue wat hulle mans aanrand, en broers en susters wat met geweld teenoor makaar optree, ook in hierdie studie aangeraak.

Ten einde die verskynsel van gesinsgeweld in meer diepte te kan beskryf en verklaar, fokus hierdie navorsing hoofsaaklik op gesinsgeweld in die Gauteng-Provinsie van die RSA. Daar is nege provinsies in die RSA, te wete die Vrystaat, KwaZulu-Natal, Noordwes-Provinsie, Noordelike Provinsie (Limpopo), Mpumalanga, Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap en Gauteng. Gauteng is een van die mees digbewoonde provinsies en bevat 37 persent van die bevolking van die RSA. Insake die beskrywing van die verskynsel, is die provinsie – en ses polisiestasies daarin – om gerieflikheidsredes gekies.

Ten opsigte van die teoretiese perspektief, is in hierdie navorsing vanuit 'n teoretiese eklektiese benadering gewerk. Dit wil sê, sommige aspekte van sommige teorieë wat van toepassing is op die navorsingsprobleem, is ingespan in die soeke na antwoorde. Meer aandag sal egter gegee word aan die teorie van aangeleerde hulpeloosheid weens die besondere toepasbaarheid daarvan op gesinsgeweld. Die kousale faktore t.o.v. gesinsgeweld word dus belig vanuit die aangeleerde hulpeloosheidsteorie.

Verder het die navorsing ook van literatuurstudie en empiriese data gebruik gemaak soos verderaan in hierdie hoofstuk verduidelik word.

Voorts word die rasionaal vir die navorsing verduidelik.

## 1.2 Die rasionaal van die studie

Die rasionaal vir die navorsing verwys na die motivering vir die keuse van die besondere onderwerp vir navorsing. Dit sluit aspekte in soos die akademiese en persoonlike belangstelling, en die noodsaaklikheid en of belangrikheid van die ondersoek. Kortweg gestel, dui die motivering dus op die rede(s) waarom (nog of

meer) kennis van die spesifieke probleem noodsaaklik is. Die redes vir die navorsing sluit daarom die volgende in:

Op 'n breë front verwys die rasionaal na die kriminologiese werklikheid van die kontemporêre wêreld, naamlik dat gesinsgeweld 'n probleem is waarmee die hele Westerse beskawing in toenemende mate te doen het. Dat selfs 'n liggaam soos die Verenigde Volke-Organisasie (VVO) die behoefte toon om verslae hieroor op te stel en die probleem te probeer verstaan, dui op die erns van die saak. Die United Nations Declaration on the Elimination of All Forms of Violence Against Women, werk ook hieraan mee (Bollen *et al.* 1999:9). Daar word verder soos volg gewys op die besorgdheid van die VVO hieroor: "The United Nations has referred to these abuses as a global epidemic that knows no geographical, cultural or linguistic boundaries"(Bollen *et al.* 1999:6).

Op 'n meer akademiese vlak – met verwysing na die situasie in Suid-Afrika – verwys die rasionaal na die feit dat die bewering gemaak word (Bollen *et al.* 1999:5) dat tussen 17 en 25 persent van die totale aantal vroue in Suid-Afrika, slagoffers van misdaad is. Indien hierdie bewering waar is, is dit 'n probleem wat groot reperkussies vir die hele samelewing inhou, en daarom behoort navorsing hieroor vanuit 'n kriminologiese perspektief 'n dringende prioriteit te word. Vroue leef en beweeg meestal in gesinsverband. Daarom — indien tot 25 persent van alle vroue slagoffers van misdaad is—vind van hierdie misdade teen hulle verseker binne gesinsverband plaas.

In die RSA is die bestaan van die probleem veral oor die laaste tien jaar eers werklik aan die groot klok gehang deur politieke leiers, gemeenskapsorganisasies en vroueregtebewussyns-woordvoerders. Die rasionaal van die navorsing staan ook in verband met die feit dat gesinsgeweld op nasionale agenda beland het.

Gesinsgeweld is duidelik 'n wêreldwye verskynsel, en die tendens dat daar in Suid-Afrika 'n styging daarin is, is uiters sorgwekkend. Verder is gesinsgeweld daarby ook 'n alledaagse verskynsel. Navorsing in Suid-Afrika (Bollen *et al.* 1999:6) het aangetoon dat:

- een uit elke ses vroue in Suid-Afrika slagoffers van een of ander tipe misdaad is
- verskillende tipes gesinsgeweld misdade soos die volgende insluit: seksuele, liggaamlike en finansiële benadeling, asook geforseerde isolasie
- die meeste verkragtings en gesinsgeweld nooit aangemeld word nie
- slegs 7-20 persent van die verkragtings aangemeld word by die SAPD
- meer as 70 persent van die aanmeldings eerder chronies van aard is as akuut
- slegs 9 persent van oortreders teen vroue is in 1998 effektief vervolg
- die uitwerking wat geweld teen vroue het, ernstig is; dit kan selfs lewenslank duur wanneer na ál die emosionele en psigologiese faktore gekyk word.

Ter motivering vir die navorsing kan verder ook gestel word dat kennis insake gesinsgeweld in die Gauteng-Provinsie belangrik is, nie net omdat dit op die nasionale regering se agenda is en toeneem nie, maar ook omdat gesinsgeweld en misdade teen vroue en kinders 'n polisiëringsprioriteit is. Meerdere kriminologiese kennis daarvan sal uit die aard van die saak bydra tot verbetering van die polisiëring daarvan. Die totstandkoming van spesialiseenhede in die SAPD soos die GKS (Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Misdrywe) motiveer die navorsing ook. Die eerste eenheid is aanvanklik in 1986 (volgens superintendent Kobus Neethling van die SAPD) in Durban gestig en vanweë die ernstige toename van misdade in hierdie kategorieë, is dit later regoor die Republiek van Suid-Afrika uitgebrei. Die eerste GKS in Johannesburg het in 1996 tot stand gekom. Tans is daar in Gauteng alleen, ses verskillende GKS-eenhede, naamlik:

- Pretoria- Sentraal (3 satellieteenhede)
- Oos-Rand (Germiston en Kathlehong)
- Braamfontein (Johannesburg)
- Wes-Rand (Krugersdorp en Carletonville)
- Soweto (Dube)
- Vaalrand (Vereeniging).

Omdat die kriminologie se fokus nie net op die aard en omvang van misdaad is nie, maar ook op die beskrywing van die misdadiger, die slagoffer, en die beregtingsprosesse (polisiëring, die verhoor, straf en rehabiliasie), kan die vak kriminologie ʼn betekenisvolle bydrae lewer tot die begrip en hantering van hierdie tipe misdaadprobleme. Kriminologie kan dus ʼn meer holistiese beeld van die verskynsel asook van die voorkoming daarvan gee. Tegelykertyd moet dit duidelik gestel word dat die meer gefokusde navorsing op gesinsgeweld in Gauteng nie bedoel is om ʼn provinsialistiese beeld van die verskynsel te probeer saamstel nie. Die provinsie is om gerieflikheidsredes vir die doeleindes van hierdie navorsing geselekteer.

Teen die agtergrond van die rasionaal vir die navorsing, kan die doel van die navorsing nou kortliks ontleed word.

**1.3 Die doel van die navorsing**

Mouton en Marais (1985:48) sê die doel van navorsing is om vrae insake die navorsingsprobleem te probeer beantwoord. Daarom is die doel van die navorsing ʼn breë aanduiding van wat met die navorsing beoog word en dit impliseer dat die gegewens in ʼn geïntegreerde raamwerk van kennis verwerk kan word (Van der Westhuizen 1998:9). In hierdie verband wys Mouton en Marais (1991:14) daarop dat (kriminologiese) navorsing die volgende doelwitte moet hê:

- beskrywing van ʼn misdaadverwante fenomeen
- verklaring van ʼn misdaadverwante fenomeen
- voorkoming van ʼn misdaadverwante fenomeen en
- kontrole (beheer) van ʼn misdaadverwante fenomeen.

In aansluiting by hierdie onderskeiding, is vir die doeleindes van hierdie navorsing gebruik gemaak van ʼn beskrywende of ondersoekende studie oor gesinsgeweld in die Gauteng-Provinsie van die RSA. Dit volg daaruit dat die doel is om die voorkoms van gesinsgeweld in Gauteng te beskryf. Die besluit om van ʼn beskrywende studie

gebruik te maak, is beïnvloed deur die feit dat hierdie metode hom in besonder leen tot volledigheid en praktiese uitvoerbaarheid.

Hieroor sê Lin (Ovens 1992:9): "Exploratory studies provide the most general information about the research problem. They supply the researcher with his first exposure to the existing information in his area of interest, and provide the basis for later review and consultation with experts and case exploration." Babbie (1992:91) wys verder daarop dat ondersoekende studies baie waardevol in sosiaal-wetenskaplike navorsing is en veral om drie redes uitgevoer word, naamlik (i) om die navorser se nuuskierigheid te bevredig; (ii) om die wenslikheid vir verdere uitbreiding van die navorsing te bepaal; en (iii) om metodes vir 'n dieptestudie te ontwerp.

Omdat al drie genoemde aspekte op hierdie navorsing van toepassing is, is die beskrywende navorsingstrategie gekies. Babbie (1992:111) sê van ondersoekende studie dat dit inderdaad die poging deur die navorser is om 'n fenomeen in sy oorspronklike vorm te probeer verstaan. Daarby sluit die doel van hierdie navorsing ten nouste aan.

Afgesien van beskrywing, wil hierdie navorsing ook misdade in gesinsverband in Gauteng teoreties verklaar. Om hierdie doel te bereik, is daar eklekties te werk gegaan. Dit beteken dat die toepaslike aspekte van sekere misdaadverklaringsteorieë aangewend is in die beredenering van die verklaring van die verskynsel. Meer aandag is aan die aangeleerde hulpeloosheidsteorie van Seligman gegee omdat die teorie homself waarskynlik die beste leen tot die verklaring van hierdie verskynsel.

Nadat die verskynsel van gesinsgeweld beskryf en verklaar is, volg dit logies dat maatreëls ter voorkoming aan boord sal kom. In hierdie navorsing is dit nog 'n doel, naamlik om op grond van die verkreë data, maatreëls ter voorkoming (of dan minstens ter vermindering) van gesinsgeweld aan die hand te doen.

Teen die agtergrond van die voorafgaande verduideliking kan die doelwitte van die navorsing kortliks soos volg geformuleer word:

(1) Analiseer die bestaande toepaslike literatuur met betrekking tot gesinsgeweld. In die proses word op die volgende gekonsentreer:

(2) Beskryf die aard en omvang van gesinsgeweld in Gauteng met verwysing na data wat uit geselekteerde polisiestasies se dossiere verkry is;

(3) Beredeneer die verklaring van gesinsgeweld in Gauteng eklekties met besondere vewysing na Seligman se teorie van aangeleerde hulpeloosheid;

(4) Beskryf die rol van regspleging as sodanig in die voorkoming van gesinsgeweld in Gauteng;

(5) Beskryf maatreëls wat op grond van hierdie navorsing ontwikkel kan word ter voorkoming van gesinsgeweld in Gauteng;

(6) Hierdie vier doelwitbereikings is daarop afgestem om op 'n model vir die beter kriminologiese insig (beskrywing, verklaring en voorkoming) met betrekking tot die verskynsel van gesinsgeweld uit te loop.

(7) Oor die algemeen gesien, kan sonder vrees vir teëspraak gestel word dat die meeste mense teen gesinsgeweld is —in sommige gevalle is selfs die oortreders daarteen. Nogtans gaan dit voort. Die akademiese onderbou van die navorsing wil dus deur die oorsake, verklarings en beregting daarvan te bestudeer, soek na 'n model wat die stabilisering (voortgang desnieteenstaande sterk teenstand) van gesinsgeweld probeer begryp en blootlê.

Ten einde hierdie gestelde doelwitte te kan verwesenlik, is die studieveld vir die navorsing soos volg afgebaken:

## 1.4 Konseptuele afbakening

Ten einde die navorsing te rig en om dit uitvoerbaar te maak, was dit noodsaaklik om dit af te baken. Die afbakening is soos volg ten opsigte van die hiervolgende aspekte gedoen:

### 1.4.1 Omskrywing van kernbegrippe

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word met die volgende konsepte die betekenisse en konnotasies bedoel soos wat vervolgens uiteengesit word.

**Misdaad**

Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen (1984:704) verwys na die term "misdaad" as sedelik slegte dade, kriminele handelinge of swaar vergrype. Volgens Louw, Van Heerden en Smith (1978:50) is misdaad dus juridies gesien, wederregtelike menslike handeling waaraan die dader skuld het en wat strafbaar is deur die staat. Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal met hierdie omskrywing van wat misdaad is, volstaan word.

**Slagoffer**

Kortweg gestel is die slagoffer die benadeelde van 'n misdaadhandeling (Louw *et al.* 1978:77). Die woord 'slagoffer' het kontemporêre sowel as historiese konnotasies. Van der Hoven (1990:141) verwys soos volg hierna: "Hedendaags betrek die woord slagoffer in die alledaagse taal almal wat leed, verlies of teëspoed ervaar het. Dit sluit bv. slagoffers van ongelukke, siekte, natuurrampe, diskriminasie in by slagoffers van misdaad." Vir die doel van hierdie navorsing sal die begrip slagoffer egter slegs na die benadeelde van 'n misdaadhandeling, in hierdie geval van gesinsgeweld, verwys.

**Oortreder**

'n Oortreder is iemand wat hom aan wangedrag skuldig maak; iemand wat strydig met die samelewingsorde optree of versuim om verpligtinge na te kom. Hierdie

handelinge is nie noodwendig misdaad nie, hoewel die term "oortreder" soms as sinoniem met "misdadiger" gebruik word (Louw *et al.* 1978:59).

**Gesinsgeweld**

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word gesinsgeweld omskryf as 'n sigbare, toenemende, sosiale en regsprobleem waarvolgens gesinslede mekaar geweld aandoen.

Sewell en Sewell (2004:3) definieer dit as volg: "Surely domestic violence is violence which takes place at home, the word 'domestic' referring to the definition "of or relating to the household or the family".

Schuler (1992:10) sluit by hierdie debat aan deur te sê : "Op sy mees basiese en sigbare vlak is geweld 'n intensie om iemand fisieke leed aan te doen. Wanneer die geslagsdimensie egter hierby gevoeg word, word die konsep versterk dat geweld teen vroue voorkom juis omdat hulle vroue is."

Omdat gesinsgeweld meestal deur mans teen hulle vroue gerig is, en omdat die meeste voorvalle van gesinsgeweld wat empiries nagegaan is meestal man—teen vrou — geweld is, val die klem op gesinsgeweld in hierdie navorsing dan ook hier.

### 1.4.2. Tipes misdade

Die volgende tipes misdade is vir die doel van hierdie studie ingesluit onder die generiese term "gesinsgeweld":

**Aanranding (gewone)**

Aanranding is die wederregtelike, opsetlike, regstreekse of onregstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander; —die wederregtelike, opsetlike poging óf bedreiging om geweld aan 'n ander toe te voeg onder omstandighede waar die dader oor die vermoë beskik om die dreigement uit te voer óf die bedreigde redelikerwys

onder die indruk te bring dat hy wel oor die vermoë beskik (Louw *et al.* 1978:1). In die universum wat vir hierdie navorsing geselekteer is, was daar 198 (47.7%) gevalle van gewone aanranding met betrekking tot gesinsgeweld gerapporteer.

**Aanranding (met die opset om ernstig te beseer)**

Dit is 'n vorm van aanranding wat nie noodwendig 'n afsonderlike misdaad konstitueer nie, maar wat gewone aanranding van 'n ernstige aard inhou. Louw *et al.* (1978:1) beskryf hierdie tipe aanranding as "… die wederregtelike, opsetlike regstreekse of onregstreekse toevoeging van geweld aan die liggaam van 'n ander met die opsetlike doel om hom/haar ernstig te beseer ". In die navorsingsgroep is daar 167 (40.24%) voorvalle van ernstige aanranding met betrekking tot gesinsgeweld gerapporteer.

**Verbale teistering**

Dit is om iemand met woorde te dreig, vrees op te wek, te beledig, te manipuleer en tot rusie uit te lok. In die steekproef was daar 11 (2.7%) gevalle van seksuele teistering met betrekking tot gesinsgeweld gerapporteer.

**Seksuele teistering**

Om te teister is om "... te kwel; te folter; ernstige skade te berokken" (Odendal *et al.* 1984:1137). Seksuele teistering sou dus kon beteken om iemand op seksuele gebied te kwel, folter of ernstige skade te berokken. Hierdie skade kan liggaamlik en/óf emosioneel wees. In die steekproef was daar twee (0.5%) gevalle van seksuele teistering met betrekking tot gesinsgeweld gerapporteer.

**Verkragting**

Verkragting is die buite-egtelike seksuele verkeer tussen 'n man ouer as 14 jaar met 'n vrou ouer as 16 jaar sonder haar toestemming. Die vernaamste verskil tussen onsedelike aanranding en verkragting is dat penetrasie wel by laasgenoemde

plaasvind (Louw *et al*. 1978:86). Louw *et al.* (1978:86) verwys hierna as "… die buite-egtelike seksuele verkeer tussen 'n man ouer as 14 jaar en 'n vrou, sonder haar toestemming. Die belangrikste verskil tussen onsedelike aanranding en verkragting is dat penetrasie by laasgenoemde plaasvind. Hierdie definisie van Louw *et al.* kan verfyn word in terme van wetgewing wat volgens Novitz (1996:1) sedert 1978 gewysig is (Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 133 van 1993) om ook binne-egtelike gedwonge seks as verkragting te beskou. Daar moet verder ook gelet word op die term *vrou.* 'n Mens moet eerder *vroulike persoon* gebruik, aangesien dit nie alleenlik vroue is wat verkrag word nie, maar ook dogtertjies, en selfs babatjies.
In die steekproef van 415, was daar vier (1.0%) verkragtings met betrekking tot gesinsgeweld.

**Ontvoering**

Dit is die opsetlike en wederregtelike ontneming van 'n persoon (man, vrou, kind) se bewegingsvryheid óf wegneem van 'n persoon uit die beheer van sy voogde (Louw *et al.* 1978:59). In die steekproef was daar drie (0.7%) voorvalle van ontvoering met betrekking tot gesinsgeweld gerapporteer.

Naas die konseptuele presiesering word die tydruimtelike begrensing vervolgens toegelig ten einde die empiriese afbakening van die navorsing verder te verduidelik.

## 1.5 Tyd-ruimtelike afbakening

Die Republiek van Suid-Afrika bestaan tans uit nege verskillende, onafhanklike provinsies, naamlik KwaZulu-Natal, Mpumalanga, Noordelike Provinsie (Limpopo), Noordwes-Provinsie, Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap, Vrystaat en Gauteng. Vir die doel van hierdie navorsing is die geografiese afbakening tot Gauteng beperk. Omdat selfs Gauteng egter te groot is, is die ruimtelike (geografiese) beperking verder ingekort tot die volgende polisiestasies, naamlik Laudium, Alexandra, Hillbrow, Rietgat en Mamelodi. Dit is om gerieflikheidsredes so gedoen. Daar is 124 aanklagkantore in die Gauteng-Provinsie, maar bogenoemdes is hoofsaaklik geselekteer aangesien dit

(i) binne bereik was in terme van ekonomiese oorwegings en (ii) dit goeie verteenwoordiging bevat van die insidente wat toepaslik vir die navorsing onder bespreking is.

Wat die tydsfaktor betref, is die tydperk tussen 1 Januarie 2001 tot 28 Februarie 2002 ingesluit. Hierdie tydperk is gekies om seker te maak dat slegs sake wat deur die SAPD afgesluit is, in die navorsing gebruik word. Sake wat die polisie nog besig was om te ondersoek, is dus nie ingesluit nie.

In aansluiting by die doelwitte van die navorsing word die kwalitatiewe en kwantitatiewe grense van die empiriese navorsing vervolgens ook kortliks toegelig.

### 1.6 Kwalitatiewe afbakening

Van der Westhuizen (1998:30) verduidelik dat kwalitatiewe afbakening van die navorsingsterrein verband hou met kenmerke van die respondente soos ras en geslag. Vir die doel van hierdie navorsing is kwalitatiewe eienskappe soos ouderdom van die oortreder en die slagoffer, die huwelikstaat van die oortreder, die beroep en die nasionaliteit van die oortreder ook ingewerk. Hierdie data was in die dossiere beskikbaar en is daarvandaan ingelees. Wat die sosio-kulturele grense betref, is alle bevolkingsgroepe wat klagtes gelê het en wie se sake afgehandel is, ingesluit.

### 1.7 Kwantitatiewe afbakening

Hierdie aspek van die afbakening hou verband met die hoeveelheid respondente. Die ideaal is 'n verteenwoordigende steekproef waarvolgens elke geval dieselfde kans staan om ingesluit te word. Vir die doel van die navorsing kon dit egter nie gedoen word nie, weens die omvang van die verskynsel. Omdat dit onmoontlik was om al die voorvalle van gesinsgeweld– selfs vir een kalenderjaar – van die SAPD te bekom en te verwerk, is 415 dossiere van ses polisiestasies getrek. Hierdie 415 dossiere was die totaal van al die aangemelde en afgehandelde gevalle van gesinsgeweld vir die aangeduide tydperk. Die universum vir hierdie navorsing het dus bestaan uit al die polisiedossiere uit die genoemde ses polisiestasies waarin 'n voorval van gesinsgeweld

aangeteken is. Met die hulp van die SAPD kon daarin geslaag word om al hierdie dossiere op te spoor. Die 415 gevalle wat die empiriese data vir hierdie navorsing behels, is dus die volle universum.

Die kwantifiseerbare data van die dossiere is ook verryk met die korrespondensieanalise van die verklarings van 10 persent van die slagoffers. Die steekproef van tien persent van die verklarings is geselekteer om sistematies voorsiening te maak vir die ryke verskeidenheid in terme van *modus operandi* en die aard van die misdade ten einde te verseker dat die grootste moontlike variasie geakkomodeer is.

Elk van die ses polisiestasies het die volgende bydrae tot die hoeveelheid dossiere gemaak:

**Tabel 1.7.1 Die samestelling van die universum**

| Polisiesstasie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Laudium | 8 | 1.9 |
| Alexandra | 29 | 7.0 |
| Hillbrow | 134 | 32.3 |
| Rietgat | 71 | 17.1 |
| Mamelodi | 157 | 37.8 |
| Eersterust | 16 | 3.9 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Die kriteria vir insluiting in die universum was tweërlei: (i) dit moes by een van die polisiestasies aangemeld gewees het en (ii) die saakdossier moes afgehandel gewees het. Hierdie twee redes is dan ook die enigstes wat gebruik moet word om die getalsmatige verskille tussen die syfers vir elke polisiestasie te verstaan.

Teen die voorafgaande uiteensetting van die metodologiese fundering word die hipoteses wat die empirisies navorsing gerig het, vervolgens weergegee.

## 1.8 Hipoteses

Gebaseer op die voorafgaande (rasionaal, doel, en afbakening), is die hipoteses vir die navorsing ontwikkel. Mouton en Marais (1991:134) definieer 'n hipotese as: "... 'n verklaring waarin 'n aangenome verwantskap of verskil kan voorkom tussen twee veranderlikes of fenomene." Dit kan só gedefinieer word:

Babbie (1992:55) gee die volgende definisie: "Hypotheses are specified expectations about empirical reality, derived from propositions". Coetzee, Le Roux, Van Deventer, Van Lill en Visser (1982:4) verwys as volg daarna: " 'n Navorsingshipotese is 'n tentatiewe stelling aangaande die aard van die verwantskappe tussen veranderlikes." Hulle sê verder: "... afhanklikes is attribute van mense of eienskappe van situasies of objekte wat van persoon tot persoon, situasie tot situasie of objek tot objek kan verskil. Menslike attribute soos massa, haarkleur, houdings ensovoorts is veranderlikes omdat hierdie attribute van persoon tot persoon kan verskil".

Inferensiële statistiek stel ons in staat om statistiek wat vir ewekansige steekproewe gebruik is, te gebruik om afleidings oor populasiewaardes te maak. Dit kan op twee verskillende maniere bewerk word, naamlik deur hipotesetoetsing en deur skatting. In die geval van hipotesetoetsing word 'n hipotese gestel oor die numeriese waarde van 'n populasiewaarde (of oor die verskil tussen die populasiewaardes van meer as een populasie), en dié hipotese word dan verwerp óf behou op grond van die waarskynlikheid van die steekproefresultaat indien dié hipotese wel waar sou wees (Huysamen 1983:52). Voordat 'n navorsingshipotese deur middel van statistiese hipoteses getoets kan word, moet dit eers tot 'n statistiese hipotese omgeskakel word. So 'n statistiese hipotese bestaan uit twee onderling teenstrydige stellings, bekend as die nulhipotese en die alternatiewe hipotese. Die nulhipotese word aangedui as $H_0$ en die alternatiewe hipotese as $H_1$. Die nulhipotese is die een wat getoets word en die alternatiewe hipotese is dié een wat as houdbaar beskou word, indien die nulhipotese op grond van statistiese beduidendheid verwerp sou word (Huysamen 1983:54).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is die volgende hipoteses geformuleer en getoets:

**Hipotese 1**

$H_0$ Die geslag van die oortreder hou verband met die geslag van die slagoffer in gesinsgeweld

$H_1$ Die geslag van die oortreder hou nie verband met die geslag van die slagoffer in gesinsgeweld nie.

**Hipotese 2**

$H_0$ Die ouderdom van die slagoffer, hou verband met die tipe misdaad wat deur die oortreder in gesinsgeweld gepleeg word.

$H_1$ Die ouderdom van die slagoffer, hou nie verband met die tipe misdaad wat deur die oortreder in gesinsgeweld gepleeg word nie.

**Hipotese 3**

$H_0$ Die huwelikstatus van die oortreder hou verband met die ouderdom van die slagoffer

$H_1$ Die huwelikstatus van die oortreder hou nie verband met die ouderdom van die slagoffer nie.

**Hipotese 4**

$H_0$ Die tipe misdaad en die ouderdom van die oortreder hou met mekaar verband.

$H_1$ Die tipe misdaad en die ouderdom van die oortreder hou nie met mekaar verband nie.

**Hipotese 5**

$H_0$ Die tipe besering en die geslag van die klaer hou met mekaar verband.

$H_1$ Die tipe besering en die geslag van die klaer hou nie met mekaar verband nie.

## 1.9 Teoretiese fundering

Afgesien van hierdie hipoteses is die navorsing ook gerig deur die teoretiese uitgangspunt dat gesinsgeweld veral deur middel van die aangeleerde–hulpeloosheidsteorie wat deur Seligman ontwikkel is, verklaar kan word. Ten einde hierdie teoretiese fundering te onderskryf, word aspekte van hierdie en ander teorieë beredeneer ten einde gesinsgeweld te probeer verklaar.

Weens die feit dat slegs afgehandelde sake se dossiere beskikbaar gemaak is en aangesien geen toegang tot die slagoffers of oortreders bewerkstellig kon word nie weens die beskerming van hulle privaatheid, kon geen onderhoude met hulle gevoer word nie en dus ook nie enige hipoteses ten opsigte van die verklaring in terme van Seligman se teorie gestel of getoets word nie. Dus moes die navorsing tevrede wees daarmee om – in terme van verklaring – met deduksie, logiese redenering en afleidings uit die kenmerke van die teorie te werk.

Die navorsingsproses wat gedurende hierdie navorsing gevolg is, word vervolgens kortliks belig.

## 1.10 Die navorsingsproses

Die empiriese navorsingsproses is deur 'n vraelys in die vorm van 'n skedule gerig. "Die vraelys is 'n gewilde dataversamelingstegniek omdat dit navorsers toelaat om 'n wye verskeidenheid data ekonomies en betreklik maklik te bekom. Dit kan ook op 'n verskeidenheid wyses toegepas word, byvoorbeeld deur die pos, in groepe, as deel van 'n opnameprosedure by inrigtings, ensovoorts. Dit kan ook gebruik word om taamlik sensitiewe inligting te bekom, deur anonimiteit en vertroulikheid aan die respondente te verseker" (Brown & Curtis 1987:20). Omdat die data van die polisiedossiere afgelees is, word deurgaans na die vraelys as 'n skedule verwys. Slegs geslote vrae is gebruik om die data uit die dossiere te ontgin. Dit plaas egter 'n beperking op die hoeveelheid response wat verkry kan word. Die voordeel is dat inligting wat daardeur verkry word, in tabelformaat asook in statistiese terme verwerk

en weergegee kan word. Antwoorde kan vooraf geënkodeer word, wat beteken dat dit direk in die rekenaar programmeerbaar is.

Die aard van die skedule is aan bande gelê deur die aard van die data wat in die dossiere beskikaar is. Daarom is drie stelle vrae in die skedule opgeneem, naamlik vrae wat oor die slagoffer handel, vrae wat oor die oortreder handel en vrae wat oor die *modus operandi* van die oortreder handel. Dit is al wat uit die dossiere afgelees kon word en word in die empiriese data van die navorsing weerspieël. Die datavangs uit die dossiere is verder verryk met die verklarings van die klaers wat in die dossiere opgeneem is.

Nadat die literatuurstudie voltooi is en die skedule gefinaliseer is, is met die datavangs uit die dossiere begin. Nadat die datavangs voltooi en die data statisties gemanipuleer is met behulp van SPSS12, is aanvullende literatuurstudie onderneem. Hierna is die navorsingsverslag saamgestel.

Ten einde te verseker dat daar ʻn sistematiese bronverwysingstegniek gehandhaaf word, is in hierdie navorsing gebruik gemaak van die verkorte Harvard-verwysingstegniek – soos deur Burger (1992) uiteengesit is.

### 1.11 Die samestelling van die skedule

Die skedule het uit altesaam 23 vrae bestaan. Weens die aard van die dossiere kon sekere vrae (16 altesaam) inligting oor die slagoffer en 7 inligting oor die oortreder uitlig, wat op spesifieke aspekte van die biografiese data betrekking het. Die vonnisagtergrond van die oortreder, die verwantskap tussen die slagoffer en die oortreder, sowel as die *modus operandi* van die oortreder, kon ook uit die dossiere bekom word. Daar is altesaam 415 skedules voltooi. ʼn Voorbeeld van ʼn volledige skedule is agter in die navorsingsverslag ingebind.

## 1.12 Data-analise en interpretasie

Wat die data-analisering aan betref, moet dit sodanig plaasvind dat (1) die empiriese bevindinge van die navorsing maklik verstaanbaar en oortuigend voorgestel kan word, en (2) die navorsingshipoteses behoorlik getoets kan word, ten einde die navorsingsvrae te beantwoord. Die doel hiervan is uiteraard om die proses van beskrywing, verklaring en voorspelling te aktiveer sodat begrip en insig verkry kan word aangaande die navorsingsverskynsel.

Smit (1985:217) wys daarop dat 'n hipotese getoets word met behulp van verklarende statistiese tegnieke. Vir die doel van hierdie navorsing is frekwensies, persentasies en Chi-kwadraattoetsing op die data toegepas om die data-analise van die empiriese data te finaliseer. Daar is volstaan met 95 persent beduidendheid, dit wil sê beduidendheidslesings van 0,05 en kleiner.

## 1.13 Die samestelling van hierdie verslag

Ten einde 'n logiese uiteensetting van die navorsingsdata te bewerkstellig, is die verslag soos volg saamgestel:

**Hoofstuk 1** dien as die inleidende hoofstuk waarin die probleemstelling van die navorsing uiteengesit word. Die metodologiese fundering van die navorsing word ook hier bespreek.

**Hoofstuk 2** bespreek die aard en voorkoms van gesinsgeweld regoor die wêreld, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse, en uiteindelik die Gautengse, situasie.

**Hoofstuk 3** konsentreer op die ander teorie wat vir hierdie navorsing gekies is, naamlik die struktuur- proses- en sosiale reaksieteorieë. Hierdie teorieë is eklekties nagegaan en die raakvlakke met gesinsgeweld is uitgewys en word bespreek.

**Hoofstuk 4** konsentreer op die aangeleerde hulpeloosheidsteorie van Seligman.

**Hoofstuk 5** fokus op regspleging. Verskeie ondersteuningsprogramme word geanaliseer.

**Hoofstuk 6** fokus op voorkoming en die nuutste wetgewing oor gesinsgeweld word in die Suid-Afrikaanse konteks bespreek.

**Hoofstuk 7** bevat al die toepaslike empiriese data en opsommings oor die inligting vanuit die tabelle en kruistabelle.

**Hoofstuk 8** fokus op die samevatting, bevindinge en slotbeskouing.

### 1.14 Samevatting

In hierdie eerste hoofstuk is die navorsingsprobleem toegelig en die metodologiese fundering vir die navorsing gedoen deur die rasionaal van die studie uiteen te sit. Daar is ook 'n uiteensetting gegee van die navorsingsproses, die hipoteses wat die proses gerig het, is geformuleer en toepaslike begrippe is omskryf. Die tydruimtelike afbakening is verduidelik. In hoofstuk 1 is die aard van en aanloop tot die navorsing dus in besonderhede uiteengesit.

In **hoofstuk 2** volg 'n bespreking oor die aard en omvang van die probleem van gesinsgeweld op die wêreldfront maar meer spesifiek in die Gauteng-Provinsie.

# HOOFSTUK 2

## DIE AARD EN OMVANG VAN GESINSGEWELD

### 2.1 Inleiding

Wat die werklike toedrag van sake rondom die aard en omvang van gesinsgeweld in die Gauteng-Provinsie is, sal seker nie heeltemal aan die hand van een navorsingspoging bepaal kan word nie. Dat die probleem egter ernstige afmetings aanneem in die veelrassige, nuwe, demokratiese Suid-Afrika, is duidelik.

Die rimpeleffek van die demokratiese proses wat in 1994 aan die gang gesit is, is egter nie net op politieke gebied nie, maar ook op elke ander terrein van die reeds gekompliseerde situasie in die RSA, maar veral ook in die Gauteng-Provinsie gevoel. Daar is wegbeweeg van seksisme en rassisme, en regstellende aksie het baie beroepsmoontlikhede veral vir vroue oopgemaak — dikwels met rampspoedige gevolge vir hulle huweliksmaat en gesinslede. Baie mans het pakkette ontvang en skielik het die versorgingsrol dramaties verander. In ander gevalle is vroue (verkieslik) in diens geneem en mans het werkloos gebly óf geword. In die praktyk het dit dikwels gebeur dat die vrou die broodwinner en die man die tuisteskepper geword het. Dit is net logies dat gesinsproblematiek uit al hierdie en verskeie ander maatskaplike situasies sou ontstaan. Bogenoemde feite is dus selfverduidelikend waarom gesinsgeweld onrusbarend toegeneem het oor die afgelope dekade.

In sy tersaaklike aktuele artikel beskryf Van Rensburg (2004:134-136) 'n aantal makabere voorvalle van gesinsgeweld in die RSA. Tonele soos die volgende word in besonderhede beskryf:

- "Hy is 'n groot sterk man en het my opgetel en teen die muur gegooi. My stuitjie is in die proses gebreek..."

- "Mettertyd het hy 'n mes by hom begin dra en gedreig om my daarmee te steek as ek nie alles na sy sin doen nie..."

- "Mary vertel hoe haar eks haar kort ná hul ontmoeting twintig jaar gelede al voor ander mense aangerand het. Dit was weens alkohol en hy het belowe om op te hou drink..."

- "My eks se eerste vrou het vir my vertel hy is gewelddadig, maar ek het gedink sy is net jaloers. Met my tweede swangerskap het hy my met die vuis begin slaan as hy dronk tuis gekom het – af ribbes, blou oë, blou arms. Eenkeer was hy só besope en besete dat hy die kamer se diefwering van buite afgebreek het om in te kom..."

- "Ek het hom eenkeer probeer keer toe hy wou drink. Hy het my só geslaan dat ek dae lank nie kon gaan werk nie..."

En op hierdie trant sou 'n mens kon aangaan en uit vele ander bronne soortgelyke en selfs erger gevalle opnoem wat op 'n daaglikse basis voorkom. Uit die bogenoemde blyk dit ook duidelik dat die klem van gesinsgeweld in die meerderheid van die gevalle val op vroue as die slagoffers en die mans as die oortreders.

**2.2 Agtergrond**

Studies in Atlanta (VSA) in buitestedelike sowel as voorstedelike gebiede dui daarop dat misdaad teen vroue epidemiese afmetings begin aanneem. Navorsing uit Asië, Latyns-Amerika, Afrika en ander wêrelddele bevestig ook hierdie tendens. Selfs die Moslemgesinde lande is nie vry van misdaad teen vroue nie. Die onlangse oorlog in Afghanistan het dit algemene kennis gemaak dat vroue onder die Taliban regering, op die wreedste manier moes ly onder gewetenlose aanvallers wat 'n grap gemaak het van vroueregte in die naam van godsdiens. Davies (1994:2) sê: "Persistent lobbying by feminists both from North and South, has succeeded in establishing official international recognition of gender based violence as a fundamental violation of

human rights. Yet throughout the world it remains a very hidden problem, the scale of which is vastly underestimated everywhere."

Volgens Schuler (1992:1) raak misdaad teen vroue al die fasette van 'n vrou se lewe, in die huis, in die verkeer, in die supermark, op straat, by die kerk en in die kantoor. Sy is gedurig kwesbaar, want waar daar misdadigers in die omgewing is, is misdaad teen vroue 'n sorgwekkende realiteit. Vroue is maklike teikens juis omdat (soos sommige navorsers die mening toegedaan is) hulle vroue is.

Die probleem word vererger omdat baie gemeenskappe gesinsgeweld en misdaad teen vroue nog nie sien as 'n werklike probleem nie. Hulle sien dit eerder as 'n privaat- of 'n familie-aangeleentheid. Parker (Pahl 1985:97) wys daarop dat moderne Europese wette (wat ook oor die res van die Westerse kultuur versprei het), gebaseer is op die negentiende-eeuse siening dat — soos hy dit stel: "… home is a private place, — a haven in a heartless world, which is free from outside intervention".

In Suid-Afrika het die African National Congress (ANC) -regering wat in 1994 tot stand gekom het, misdaad (asook diskriminasie) teen vroue asook gesinsgeweld, 'n saak van prioriteit op die nasionale sakelys van die volkshuishouding gemaak. Om hom hierin te ondersteun, is die HOP (Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram) van stapel gestuur (Human Rights Watch 1995:3). Belangrike wetgewing soos die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet Nommer 116 van 1998) is geformuleer en in werking gestel om die verskynsel op die hoogste staatsvlak aan te pak.

Makofane en Du Preez (2000: 57) wys op die volgende: "Alhoewel misdade teen vroue nie 'n nuwe verskynsel is nie, is die problematiese karakter en openbaarmaking daarvan betreklik nuut. Dit is só in die oorsese konteks, maar veral ook in Suid-Afrika."

Sedert die verkiesing in 1994 toe die ANC aan bewind gekom het, is daar gekonsentreerde pogings aangewend om die fokus op misdaad teen vroue, maar veral ook in die konteks van gesinsgeweld, te plaas.

## 2.3 'n Ou en nuwe misdaadverskynsel

Die misdaadverskynsel, maar spesifiek misdade teen vroue, is waarskynlik so oud soos die opgetekende geskiedenis van die mensdom self. Sedert die vroegste tye was die vrou al die teiken van een of ander vorm van geweld of misdaad (ook in gesinsverband). Dit het sy verloop gehad deur die Bybelgeskiedenis, die Middeleeue, die Renaissance, die Franse Rewolusie en die Industriële Ontwikkeling, en is in die kontemporêre wêreld steeds 'n probleem wat geen respek toon vir geslag, ras, taal of ouderdom nie (Schuler 1992:2).

Griffin (Schuler 1992:2) vestig die aandag daarop dat indringende ondersoeke ná 'n reeks ernstige verkragtingsake in Europa en Noord-Amerika, gedurende die sestiger- en sewentigerjare van die vorige eeu, die stimulus was wat aan die feminisme 'n groot hupstoot gegee het. Nie alleen verkragting nie, maar ook ander tipes misdade teen vroue het toe vir die eerste keer werklik onder die aandag van die owerhede asook die breë publiek gekom. Die destydse Verenigde Volke-Organisasie (VVO) het nie op hom laat wag nie en het die tydperk tussen 1975 en 1985 verklaar as die Dekade van die Vrou. Vir die eerste keer is die rol van die vrou (en die gepaardgaande misdaad teen haar) deur die wêreld onder oë geneem. Ook rapporteer Davies (1994:1) dat 'n Resolusie (45/114) deur die Algemene Raad van die VVO aanvaar is, wat 'n strategie bevat om op 'n wye front effektief te handel met die probleem van misdaad teen vroue. Hierdie en talle ander bewusmakingsaksies het effektief bygedra tot die totstandkoming van 'n openbare weersin teen misdaad teen vroue, en die begeerte om iets daadwerkliks daaraan te doen.

## 2.4 Die omvang van die probleem

Die omvang van die probleem is dus baie groot en dit het 'n uitwerking op soveel mense, regeringsisteme en selfs die ekonomie. Harway en O'Neil (1999: 5) verwys na die Amerikaanse nasie waar misdaad teen vroue steeds beskou word as alles behalwe misdaad – eerder as 'n gesinsprobleem, as 'n privaat aangeleentheid of selfs bloot as

seksuele wankommunikasie. Dit is deur die toedoen van politici soos Senator Joseph Biden, dat voorkoming van misdaad teen vroue in die VSA 'n nasionale prioriteitstatus verkry het. Sosioloë kon aldaar deur wetgewing 'n groot impak maak. Al die bogenoemde feite ten spyt, is daar egter steeds in die onderbewussyn van die breë publiek geglo en seker heimlik gehoop dat dit slegs 'n paar geïsoleerde gevalle was, en dat dit die uitsondering op die reël was. 'n Aantal ernstige voorvalle van geweld wat wye publisiteit en mediadekking ontvang het, het die Amerikaanse publiek egter uiteindelik daarvan oortuig dat dit 'n ernstige en komplekse maatskaplike probleem is, wat diep gewortel lê in die volkslewe en dat dit verreikende implikasies vir baie mense het.

Davies (1994:13) voer aan dat dit wil voorkom asof daar in sommige gevalle geredeneer word dat misdade teen vroue (in gesinsverband) 'n normale verskynsel is, wat deel moet vorm van die normale lewe. 'n Verdere bydraende faktor wat onrusbarende implikasies kan hê, is die feit dat dit alom die norm eerder as die uitsondering geword het en dat daar gevoel word dat dit " 'n privaat aangeleentheid" is waarby die staat geen betrokkenheid behoort te hê nie. Die uitwerking van gesinsgeweld en misdaad teen vroue is egter baie groot vanweë die sielkundige, emosionele en maatskaplike probleme wat volg, en dit het dikwels verreikende negatiewe implikasies vir die volgende partye:

- die vrou (slagoffer)
- die kinders
- die gesin
- die gemeenskap
- die ekonomie
- die regstelsel
- wetstoepassers en
- gevangenisowerhede.

## 2.5 Die statistiese omvang van die probleem

Dit is belangrik om in die soeke na oplossings vir hierdie ernstige probleem, empiriese data oor 'n breë spektrum in aanmerking te neem.

### 2.5.1 Die situasie met betrekking tot gesinsgeweld in verskeie lande

Aangesien die probleem van gesinsgeweld oor 'n wye veld voorkom, is dit altyd sinvol om 'n vergelykende studie te maak. Daar word egter gereeld verwys na die sogenaamde "donkersyfer" wanneer na gesinsgeweld verwys word. Dit verwys na die gevalle wat nie aangemeld word nie. Deesdae is daar ook op 'n baie wye front 'n duidelike onverdraagsaamheid aan die ontwikkel teenoor gesinsgeweld. Hieroor sê Fattah (1997:101): "As a result of a lower level of tolerance to family violence, more incidents of domestic violence are being reported and recorded than used to be the case before." Hoewel dit 'n positiewe effek op die aanmeldingsyfers het, kan nog nie met akademiese oortuiging gestel word dat al die gevalle van gesinsgeweld aangemeld word nie. Dus staan die syfers wat hier verskaf word onder die skaduwee van die "donkersyfer".

Daar is 'n poging aangewend om verskillende misdade met betrekking tot gesinsgeweld wat in hierdie navorsingstuk ter sprake kom soos:

- aanranding (gewone)
- aanranding met die opset om ernstig te beseer
- verbale teistering
- seksuele teistering
- verkragting en
- ontvoering .

met mekaar op internasionale vlak met verwysing na die situasies in Amerika, Groot Brittanje, Kanada en Suid-Afrika te vergelyk. Literatuur van Amnestie Internasionaal en die "Statistical Abstract of the World" asook verskeie web-adresse is vir hierdie doel bestudeer. Ongelukkig is die syfers heelwat onvolledig ten opsigte van sommige

van die tipes misdade en was 'n volledige vergelyking nie moontlik nie. Daar is egter sommiges wat wel aangedui word en daarom word dit hieronder weergegee.

**2.5.2 Die situasie in Amerika**

Edwards (Smith 1989:6) maak 'n stelling wat tot groot nadenke stem deur te sê: "Domestic violence is the biggest blindspot in official statistics. By its intrinsic nature, domestic violence is an elusive research topic: it takes place behind closed doors; is concealed from the public eye; and is often unknown to anyone outside the immediate family".

Meyers (1997:5) rapporteer vanuit 'n Amerikaanse perspektief dat:

- daar jaarliks drie tot vier miljoen vroue deur hul eggenotes aangerand word in die VSA
- twee uit elke drie vroue een of ander tyd deur hul mans aangerand sal word
- 5,278 vroue in die VSA vermoor is gedurende 1993
- vroue sewentig persent uitmaak van alle slagoffers wat vermoor is deur persone wat aan hulle bekend was, of met wie hulle bevriend was
- alhoewel 104,806 verkragtings aangemeld is gedurende 1993, die oorgrote meerderheid gevalle nooit aangemeld word nie
- daar elke minuut per ratio 1,3 persent vroue verkrag word en dat
- dit vir mishandelde vroue veiliger voel om in 'n geweldsverhouding betrokke te bly as om daaruit te probeer wegkom.

Bastian (Crowell & Burgess 1996:7) rapporteer verder hieroor soos volg:

- 426 uit 1000 vroue word op een of ander stadium slagoffers van geweldsmisdade (ook in gesinsverband)
- vroue word makliker deur bekendes as onbekendes aangeval
- 75 persent van die aanvalle teen vroue in die VSA gedurende 1993 is uitgevoer deur persone wat goed aan hulle bekend was

- aanvalle op vroue deur bekendes is meer akuut van aard as wanneer dit aanvalle deur vreemdes sou wees (die makste hond byt die seerste)
- ongeveer 75 persent van oortredings teen vroue word deur die manlike geslag gepleeg
- vroue tussen die ouderdom van 15 en 44 is die mees kritieke groep om aangeval te word en dat
- dertien persent van die vroue in die VSA gedwonge verkragting sal ervaar tydens hulle leeftyd.

Die American Institute on Domestic Violence (2005:1) verstrek die volgende feite:

- Sestien persent Amerikaanse pare en egpare gesinsgeweld gedurende die 1993 boekjaar ervaar het. Hiervan het veertig persent in ernstige aanranding oorgegaan wat aksies soos skop, byt, knyp en die gebruik van wapens ingehou het.

- 'n Opname in 1993 toon dat 34 persent van alle Amerikaanse volwassenes ooggetuies van gesinsgeweld in hulle leeftyd is en

- Veertien persent vroue deur hulle eggenotes of minnaars aangerand is.

- Meer as 1,750,000 werksdae verlore gaan as gevolg van gesinsgeweld.

- Gesinsgeweld kos die VSA jaarliks na beraming 67 biljoen dollar.

Dit is voorwaar nie 'n rooskleurige prentjie wat geskilder word nie. Voorts wil ons let op die situasie in Brittanje.

### 2.5.3 Die situasie in Brittanje

Ook in Brittanje, net soos in ander bekende lande van die Westerse beskawing, gebeur dit dat statistiek nooit die ware weergawe van die toedrag van sake gee nie. Ook hier word vele gevalle nooit aangemeld nie.

Daar is baie navorsing bekend wat in Groot Brittanje gedoen is, maar dit is veral Hanmer en Saunders (1984:14-19) wat indringend gaan kyk het na die situasie rondom die probleem van misdaad teen vroue en gesinsgeweld oor die algemeen. Hulle wou vasstel of daar sekere vaste patrone geïdentifiseer kon word wat met kousaliteit verband hou. Hulle het gehoop om deur die gemeenskapsfokusbenadering nuwe selfverdedigingsaksies en verbeterde sosiale dienste daar te stel, wat die opleiding van spesifieke personeel vir gespesialiseerde take sou insluit.

Daar was 'n beduidende toename in alle soorte misdade in Engeland ná die Tweede Wêreldoorlog. Hieroor sê Shelley (1981:108): "... nonetheless indicators of all categories of known crimes show marked increases."

- In 1930 was daar sewe gevalle uit 100,000 van die populasie waarby aggressie 'n rol speel.

- In 1950 was daar twaalf gevalle uit 100,000 van die populasie waarby aggressie 'n rol speel.

Dit wil egter voorkom asof daar ná 1955 'n dramatiese verandering ingetree het. Shelley (1981:108) sê: " The most dramatic changes in all London data are the increases in offenses known after 1955. Between that year and the early 1970s the indicator of crimes of acquisition increases by a factor of four; assaults and similar crimes by a factor of seven; and the murder rate more than doubled." Dié stygende tendens het ná 1975 nog steeds voortgegaan.

- Amptelike statistiek ná 1975 toon steeds 'n stygende tendens.

In meer resente data oor Brittanje, rapporteer Amnestie Internasionaal (UNICEF 2000) soos volg:

- 25 persent vroue in Brittanje word deur hulle eggenote of minnaars aangerand
- twee vroue per week word in Brittanje vermoor.

Smith (1989:10) haal Hough en Mayhew aan wat in samewerking met die 'British Crime Survey' (BCS) onderskeidelik in 1983 en 1985 gevind het dat:

- tien persent vroue is deur hulle eggenotes, minnaars en gewese minnaars aangerand
- een uit elke agt gevalle van aanranding en geweld in Brittanje word verbind met eggenotes, minnaars of gewese eggenotes of minnaars
- 200,000 gevalle van gesinsgeweld het in 1983 voorgekom.

Hulle beweer egter ná die indringende ondersoeke dat bogenoemde syfers slegs by benadering gedoen is en dat die werklike syfer heelwat hoër kan wees.

Worral en Pease (Smith 1989:10) ondersoek ook geweldsmisdade in 1986 en alhoewel gesinsgeweld nie duidelik geïdentifiseer kon word tydens hulle ondersoek nie, kom dit tog aan die die lig dat:

- in twee uit elke vyf gevalle van geweld wat aangemeld is, was die oortreder en die slagoffer getroud
- die slagoffer die oortreder goed geken het.

Jones, Maclean en Young (Smith 1989:10-11) vind in hulle ondersoek (The Islington Crime Survey van 1986) 'n groter insidensie van gesinsgeweld en wys daarop dat 2,500 voorvalle wat by die polisie aangemeld word (sowat 'n kwart van die groottotaal aanrandings wat gerapporteer word) gevalle van gesinsgeweld is. Die totstandkoming

van die London Strategic Policy Unit in 1986, was 'n direkte uitvloeisel van hulle bevindinge.

Verdere studies deur Straus (Smith 1989:12) wat eerstejaarstudente aan die Universiteit van New Hampshire ondervra het, het aan die lig gebring dat sestien persent se ouers in gesinsgeweld betrokke was, terwyl hulle hulle laaste jaar op skool in die huis deurgebring het.

Gelles (Smith 1989:13) het tagtig families in 1974 in New Hampshire ondervra en twee groepe onderskei naamlik (i) dié wat bekend was aan die polisie vir geweld en (ii) dié wat nie 'n geskiedenis van geweld gehad het nie (die kontrolegroep). Dit het aan die lig gekom dat:

- twee vyfdes van die kontrolegroep, met ander woorde naastenby veertig persent, ten minste een voorval van geweld tussen man en vrou in gesinsverband gerapporteer het en
- gereelde aanmelding by minste tien persent van die kontrolegroep voorgekom het.

Hanmer en Saunders (Smith 1989:13) ondersoek die gemeenskap in Yorkshire en wys op sowat sestig persent vroue wat dreigemente tot geweld en seksuele teistering ondervind het, waarvan ongeveer twintig persent voorvalle by hulle eie adresse plaasgevind het.

Ook Andrews (Smith 1989:13) sluit met sy ondersoek van vierhonderd vroue vanuit die werkersklas in 1987 in Islington hierby aan met haar bevindinge dat:

- een uit elke vier van die vroue was op een of ander stadium in hulle lewe betrokke by of slagoffers van geweld
- veertien persent vroue het hulle mans aangerand en
- slegs een het teruggeslaan in 'n gesinsgeweldsituasie.

Dit is dus duidelik dat gesinsgeweld 'n realiteit in die Britse samelewing is. Bogenoemde syfers bevestig dat hierdie tendens (gesinsgeweld) deeglik neerslag gevind het en dat dáár net soos elders in die wêreld dringend na oplossings gesoek moet word.

### 2.5.4 Die situasie in Kanada

Daar word heelwat staatgemaak in Kanadese navorsing op studies in die VSA soos byvoorbeeld die werk van Straus, Gelles en Steinmetz wat allerweë as volledig en gesaghebbend beskou word.

Alhoewel Straus *et al.* (Smith 1989:11) se navorsing in die VSA gedoen is, is dit van toepassing gemaak ook op die Kanadese situasie met betrekking tot gesinsgeweld. Hierdie studie het 2,143 getroude pare in 1975 ingesluit en daar is geonderskei tussen "gewone-" en "ernstige gesinsgeweld". Dit het navorsers oraloor se aandag oombliklik gevestig op die feit dat gesinsgeweld 'n realiteit in die samelewing is wat nie geminimaliseer kan word nie. Daar is 'n baie groot ooreenkoms tussen die VSA en Kanada wanneer dit om gesinsgeweld gaan.

Amnestie Internasionaal, (2004:14) toon verder aan dat daar in Kanada:

- 22 persent vroue uit die totale aantal aangemelde gevalle is, wat fisies mishandel word en dit nooit aan iemand anders vertel nie
- 26 persent voorvalle van gesinsgeweld is uit die totale aantal aangemelde gevalle, wat wel aan die polisie gerapporteer word en
- 44 persent slagoffers is van gesinsgeweld, wat dit aan familie en vriende vertel.

Navorsers oor gesinsgeweld in Kanada, maak ook onder andere van die 'Random Digit Dialling'-metode (RDD), gebruik om inligting oor gesinsgeweld te bekom. 'n Ewekansige steekproef van telefoonnommers is verkry (Fattah 1997:106-107), maar probleme soos die volgende is ondervind:

1. Diegene wat nie telefone het nie, word uitgesluit by die steekproef en dus by die navorsing.

2. Diegene wat wel telefone het, maar wat vir bepaalde redes nie gelys is nie, word ook buite rekening gelaat.

3. Daar word nie werklike indiepte-gesprekvoering gedoen nie, omdat die metode so beperkend van aard is.

Daar is egter sekere positiewe faktore ook, soos dat persone wat telefonies ondervra word, minder geneig is om bevrees te wees en daarom geneig sal wees om meer volledige inligting te verskaf . Dit is voor die hand liggend, want die verleentheid van ondervraging per telefoon is nie so groot soos in die geval van die gewone direkte, persoonlike onderhoud nie, en daar is ook nie 'n bedreiging vir die persoon wat ondervra word nie.

Deesdae word die RDD-metode in Kanada vervang met die CATI oftewel "Computer Assisted Telephone Interviewing", waarin daar van die nuutste rekenaartegnologiese metodes gebruik gemaak word. Dit blyk 'n baie effektiewe metode te wees.

Dit is interessant om daarop te let dat Kanadese statistiek oor misdaad 'n afwaartse neiging toon. Statistiek word in Kanada deur die *General Social Survey* bekom. Gartner & Doob (Fattah 1997:10) skryf: "Overall rates of victimization remained the same or have decreased compared with five years earlier".

Gartner en Doob (Fattah 1997:10-11) vervolg: "Three months later (August 1994) the Canadian Centre for Justice Statistics, released the 1993 statistics of crimes reported to police forces across the country. They showed a decline of 5 percent over the previous year, the largest decline in more than 30 years".

Daar is gelukkig volgens bogenoemde stelling 'n afname in die voorvalle van gesinsgeweld. Indien dit die geval is behoort die redes daarvoor ondersoek te word, sodat dit wêreldwyd inslag kan vind.

### 2.5.5 Die situasie in Suid-Afrika

Suid-Afrika staan nie losgemaak van die res van die wêreld wanneer misdaad teen vroue veral met betrekking tot gesinsgeweld ter sprake is nie. Suid-Afrika het een van die hoogste voorkomste hiervan in die ganse wêreld. Maar dit is nie slegs verkragtingslagoffers wat die aandag van die publiek en die media op die posisie van die vrou gevestig het nie.

Volgens Bollen *et al.* (1999:5) het bronne wat deur die SAPD vrygestel is met betrekking tot die onrusbarende toename in verkragting (en veral die feit dat soveel minderjariges reeds tien jaar gelede al slagoffers word) in die RSA aangetoon dat:

- daar in 1998 49,289 voorvalle van verkragting aangemeld is
- dit jaarliks met 7 persent gestyg het vir die tydperk vanaf 1994 tot 1997
- dit met 5,5 persent gestyg het in 1997-1998
- Suid-Afrika die hoogste ratio verkragtings het uit 89 lande, volgens die statistiese gegewens van 1996 en
- baie van hierdie verkragtings plaasvind in gesinsverband – deur 'n huweliksmaat, die sogenaamde "marriage rape", of deur 'n vader, oupa, broer, stiefpa of ander nabye familielid.

Gerber (2001:12) het in sy bestudering van die probleem van misdade teen vroue in die RSA, die volgende statistiese besonderhede verskaf oor die aantal mans wat in Suid-Afrikaanse gevangenisse aangehou word weens misdade teen vroue, en die gevolglike ernstige reperkussies wat dit op die land se ekonomie, die huisgesin en die regstelsel oor die algemeen het:

**Tabel 2.5.5 Mans wat gevonnis is weens misdade teen vroue**

| Status van die misdaad | Tipe misdaad | Totaal |
|---|---|---|
| Gevonnis | Geslagsgemeenskap met 'n minderjarige | 136 |
| Gevonnis | Verkragting | 14 496 |
| Gevonnis | Poging tot verkragting | 1 632 |
| Ongevonnis | Geslagsgemeenskap met 'n minderjarige | 3 |
| Ongevonnis | Verkragting | 7 364 |
| Ongevonnis | Poging tot verkragting | 454 |
| **Totaal** | | **24 085** |

Volgens tabel 2.5.5 was daar aan die einde van Augustus 2001 'n totaal van 24 085 mans in Suid-Afrikaanse gevangenisse wat skuldig bevind is en wat verhoorafwagtend was vir die misdade wat in die tabel genoem is.

Die Misdaadinligting-Analisesentrum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (MIAS) het onlangs die nuutste misdaadstatistieke vrygestel vir die tydperk 2003 tot 2004. Daar is heelwat meer tipes misdaadkategorieë in die indelings van MIAS. Hier word egter gefokus slegs op daardie tipes wat met gesinsgeweld te make het.

**Tabel 2.5.6 Misdade vir die tydperk 2003/2004 wat in SA voorgekom het.**

| Tipe Misdaad | Frekwensie 2002/2003 | Frekwensie 2003/2004 | Persentasie toename | Persentasie Afname |
|---|---|---|---|---|
| **Aanrand (Gewone)** | 282 526 | 280 942 | – | 1.3% |
| **Aanrand (Opset)** | 266 321 | 260 082 | – | 5.2% |
| **Verkragting** | 52 425 | 52 733 | 2.5% | – |
| **Ontvoering** | 3 071 | 3 004 | – | 0.06% |
| **Totaal** | **604,343** | **596,761** | **2.5%** | **6,56%** |

Soos verwag kan word, het daar ook ander tipes misdaad (byvoorbeeld moord, kaping, menseroof, bankroof, ensovoorts) gefigureer in die statistieke wat vergelyk is vir die boekjaar 2003/2004. Bogenoemde vier tipes in tabel 2.5.5, is egter deel van die misdade wat uitgesonder is vir navorsing wat oorspronklik met die oog op gesinsgeweld gedoen is.

Volgens tabel 2.5.6 was daar 'n toename van 2.5 persent in verkragtings vir die tydperk 2003 tot 2004. Daar was ook 'n toename van 1.0 persent betreffende kwaadwillige saakbeskadiging. Daar was egter afnames van 1.3 persent in gewone aanranding, 5.2 persent in aanranding met die opset om ernstig te beseer, 14.4 persent in moord, 0.06 persent in ontvoering en 0.03 persent in brandstigting. Alhoewel hierdie afnames nie radikaal is nie, is dit tog 'n baie bemoedigende tendens aangesien elkeen van die genoemde misdaadtipes, direk van toepassing op gesinsgeweld in Suid Afrika is. Dit is duidelik dat die polisie sowel as die regering besig is om iets êrens reg te doen, anders sou daar nie 'n afname ter sprake kon wees nie.

Gray en Sathiparsad (1997:268) wys die leemtes uit rondom definiëring van die begrip "verkragting" in Suid-Afrika. Daar word onderskeid getref tussen statutêre en geforseerde verkragting. Albei hierdie tipes verkragting is by bogenoemde tabel se data ingesluit.

Bollen *et al.* (1999:6) sê verder:

- gesinsgeweld word as 'n normale verskynsel in Suid-Afrika beskou
- die terrein van gesinsgeweld is wyd verspreid en sluit fisieke, seksuele, psigologiese en ekonomiese faktore in
- baie voorvalle van gesinsgeweld word nie aan die SAPD gerapporteer nie
- selfs al word die skuldige gearresteer, word slegs 9 persent gevalle effektief vervolg en
- die uitwerking van gesinsgeweld is ernstig en het lewenslange sielkundige, emosionele en liggaamlike nagevolge.

Kambula (2002:ii), verwys na 'n navorsingsprojek wat deur die Institute for Security Studies (ISS) van stapel gestuur is wat 269 mishandelde vroue ondervra het. Van hulle het:

- 30 persent die hulp van die polisie ingeroep

- 13 persent het regslui geraadpleeg
- 9 persent het mediese hulp gesoek en
- 2.6 persent van die sake het voor die hof gedien.

Die Pretoriase Gesinshof, (Me. S. Dhladlha 2004) het inligting bekendgestel oor gesinsgeweld vir 31 Oktober 2003-1 November 2004 wat voor die hof gedien het. Die aanmeldings kom vanuit die groter Pretoria en sluit voorstede soos Mamelodi, Laudium, Eersterust en Rietgat (plekke wat ook in hierdie navorsingsvoorstel se streekproeftrekking voorkom) in. Aanmeldings was as volg:

**Tabel 2.5.7 Voorvalle aangemeld by die gesinshof in Pretoria**

| Datum | Maand | Jaar | Voorvalle aangemeld |
|---|---|---|---|
| 30 | November | 2003 | 3615 |
| 31 | Desember | 2003 | 4349 |
| 31 | Januarie | 2004 | 384 |
| 28 | Februarie | 2004 | 680 |
| 31 | Maart | 2004 | 1081 |
| 30 | April | 2004 | 1408 |
| 31 | Mei | 2004 | 1706 |
| 30 | Junie | 2004 | 2036 |
| 31 | Julie | 2004 | 2398 |
| 31 | Augustus | 2004 | 2783 |
| 30 | September | 2004 | 3147 |
| 31 | Oktober | 2004 | 3598 |
| 30 | November | 2004 | 3883 |
| **Totaal** | | | **31,068** |

Volgens tabel 2.5.7 is daar in totaal 31,068 voorvalle van gesinsgeweld by die Pretoriase Gesinshof aangemeld vir die tydperk 31 Oktober 2003 tot 31 Oktober 2004. Die grootste aantal voorvalle (4,349) was in Desember 2003 en (3,615) in November 2003. Die impak van die omvang is duidelik wanneer Desember 2003 se syfer omgereken word na 140,29 per dag. Dit kom neer op byna 6 (5,84) voorvalle per uur. Daarná het dit geleidelik afgeneem met die heel minste voorvalle wat aangemeld is (384) in Januarie 2004. Selfs die Januarie 2004-gegewens kom neer op 12,38 per dag – wat verder omgereken kan word na omtrent een voorval elke 2 uur. Hierna het dit elke maand gestyg tot en met die einde November 2004, toe daar 3,883 voorvalle

aangemeld is. Hierdie syfers is onrusbarend hoog, maar bring ons in aanraking met die realiteit van die probleem.

Tydens die aanloop tot die 1994-verkiesing het die ANC 'n beleidsdokument, bekend as die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (HOP) gepubliseer. Hierin word die fokus geplaas op die gelykheid van vroue op elke terrein van die maatskaplike sowel as openbare lewe (Human Rights Watch 1995:1). Hoewel dit regtens goeie nuus vir vroue is, kan dit, weens die patriargale ingesteldheid van die meeste kultuurgoeperinge in Suid-Afrika, ook daartoe bydra dat die verskynsel nog lank by ons gaan wees. Dit blyk onder andere uit 'n onlangse stelling van advokaat Jeanette Neveling (2004:32). Sy en me. Beukman is tydens die reses van 'n hofsaak waarby hulle betrokke was deur 'n manlike hofamptenaar van Umtata genader. Hy het vir hulle gesê: "We shall continue to assault our women and children. It has always been done."

Die jongste statistiese besonderhede oor gesinsgeweld in Suid-Afrika moet gesien word teen die agtergrond van die res van die misdade. In hierdie verband – en in terme van die fokus van hierdie navorsing op onder andere aanranding, aanranding met die doel om ernstig te beseer, verbale teistering, seksuele teistering, verkragting, ontvoering en ander – is dit veral belangrik om op die volgende gesinsgeweldsyfers in Gauteng te let:

**Tabel 2.5.8 Tipes misdade t.o.v. gesinsgeweld in Gauteng**

| POLISIE STASIE | Aanrand (Gewoon) | Aanrand (Opset) | Verbaal | Seksu-Eel Teister | Verkrag ting | Ontvoer ing | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Laudium** | 5 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | **8** |
| **Alexandra** | 14 | 8 | 4 | 0 | 0 | 0 | 3 | **29** |
| **Hillbrow** | 75 | 30 | 3 | 4 | 1 | 0 | 20 | **133** |
| **Rietgat** | 37 | 13 | 2 | 1 | 5 | 1 | 12 | **71** |
| **Mamelodi** | 78 | 39 | 9 | 1 | 2 | 1 | 27 | **157** |
| **Eersterust** | 7 | 6 | 1 | 0 | 0 | 1 | 2 | **17** |
| **Totaal** | **216** | **97** | **20** | **6** | **8** | **4** | **64** | **415** |

Tabel 2.5.8 is saamgestel met behulp van inligting wat bekom is vanaf die ses verskillende polisiestasies in Gauteng. Hierdie proses is reeds breedvoerig in hoofstuk een met betrekking tot die navorsingsvoorstel bespreek. Die tipes misdade wat ondersoek is aan die hand van vrae uit die vraelyste was: aanranding (gewoon), aanranding (ernstig), verbale teistering, seksuele teistering, verkragting, ontvoering en ander. Dit is alles ondersoek met die fokus op gesinsgeweld, vir die tydperk 1 Januarie 2001 tot 1 Maart 2002. Uit die tabel is dit vervolgens duidelik dat 216 (52,0%) gevalle gewone aanranding, 97 (23,37%) gevalle aanranding met die opset om ernstig te beseer, twintig (4,82%) gevalle verbale teistering, ses (1,4%) gevalle seksuele teistering, agt (1,92%) gevalle verkragting, drie (0,72%) gevalle ontvoering, en 64 (15,4%) gevalle "ander" misdade was soos rooftogte wat ondermeer roof en menseroof ook ingesluit het.

Die area waar die gesinsgeweldsmisdad die meeste voorgekom het was Mamelodi met 157 (37.8%) voorvalle, Hillbrow met 134 (32.3%), Rietgat 71 (17.1%), Alexandra 29 (7.1%), Eersterust 16 (3.9%) en Laudium wat die minste misdaad ondervind het met nét agt (1.9%) aanmeldings.

In aansluiting by die aanmeldings wat by die gesinsadvokaat gemaak is, is dit dus ook uit bostaande inligting duidelik dat gesinsgeweld aan die orde van die dag is in Gauteng. Gesinslede rand mekaar ernstig of minder ernstig aan, sê mekaar sleg en baie vaders of moeders wat dalk voor die keuse van 'n egskeiding te staan kom, pleeg menseroof of ontvoer hulle kinders. Alhoewel die misdade wat betrekking het op onsedelikheid nie 'n hoë frekewensie getoon het nie, is dit tog belangrik om kennis te neem vanuit die kriminologiese voorkomsingsperspektief, dat daar wel verkragtings, seksuele teistering en ander verwante oortredings plaasgevind het.

## 2.6 Tipes misdade

Volgens Crowell en Burgess (1996:9) word die konsep 'misdaad teen vroue' (ook misdade in gesinsverband) gebruik om 'n wydverspreide versameling van misdaadaksies teen vroue te beskrywe. Dit sluit die volgende in:

Die tipes misdade wat ondersoek is vir die doel van hierdie navorsing is reeds breedvoerig in hoofstuk 1 gedefinieer, daarom word dit vervolgens net hier genoem:

- aanranding (gewone)
- aanranding (met die doel om ernstig te beseer)
- verbale teistering
- seksuele teistering
- verkragting en
- ontvoering .

## 2.7 Die oorsake van gesinsgeweld

Harway en O'Neil (1999:13) identifiseer vier inhoudelike areas in die kousaliteit rondom misdade deur mans teen vroue, naamlik:

- makrososiale faktore
- biologiese faktore (nie van toepassing in hierdie navorsing nie)
- geslagsrol-sosialisering en
- verhoudingsfaktore.

Elkeen hiervan word vervolgens toegelig.

### 2.7.1 Makrososiale faktore

Suid-Afrika is 'n multi-kulturele land wat vir sy regstoepassing hoofsaaklik aangewese is op die ou Romeins-Hollandse sowel as die Britse regstelsel. Histories gesproke was dit 'n man se reg om sy vrou "reg te sien" (aan te rand) as sy nie na hom wou luister of samewerking wou gee nie. In Suid-Afrika het die trekarbeidstelsel op 'n besondere wyse daartoe bygedra dat veral Swart mans hul patriargale meerderwaardigsheidhouding teenoor vroue verder ontwikkel het.

Met die koms van die nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika in 1994 en daarná, het sake egter drasties verander. Dit is algemene kennis dat die rykes in ons samelewing ryker en die armes armer word en dat daar groot veranderinge in die beroepswêreld ingetree het. Dit het bygedra tot die emansipasie van veral swart vroue. Die mans is dus glad nie meer so in beheer as wat voor 1994 die geval was nie. Gepaardgaande met hierdie prosesse, is daar gaandeweg ál groter druk op die huwelikslewe geplaas en dit het uiteindelik ook komplikasies wat gesinsgeweld aanbetref. Wat gesinsgeweld betref is dit 'n dubbele vangskoot: die partriargalistiese houdings is wel (bietjie) hokgeslaan met die emansipasie van die vrou en die beklemtoning van vroue as 'n spesiale groep wat voorheen benadeel is, maar juis die beklemtoning van vroueregte begin nadelig op patriargale huisgesinne inwerk. Die positiewe effekte van vroueregte en die erkenning van die vrou as gelykstaande aan die man – minstens voor die reg – is besig om 'n boemerang te word. Dit het 'n negatiewe impak op die veroorsaking van gesinsgeweld.

Vervolgens word die rol van geslagsrolsosialisering ook kortliks belig.

### 2.7.2 Geslagsrolsosialisering

Faktore wat met die geslagsrol verbandhou kom vanuit kulturele oorwegings. In baie kulture is dit "normaal" en selfs aanvaarbaar as die vrou op haar "plek gesit" word deur die man. Baie voorvalle van gesinsgeweld word dus vanuit hierdie perspektief veroorsaak as die man oortuig is sy gesag word aangetas hy voel bedreig. Mans is mos vanweë die feit dat hulle mans is, veronderstel om hardhandig op te tree, volgens die geslagsroletikette wat aan hulle toegewys word en vroue die "martelare" in die verhaal. Statistiek van gevalle van moord wat by die polisie aangemeld word, is baie nader aan die waarheid as dié van beserings wat deur vroue aan kinders veroorsaak word (Sewell & Sewell 2004:3). Hulle wys verder daarop dat vroue verantwoordelik is vir 55 persent moorde op ander vroue. Hulle sê ook dat disinformasie deur die feministiese beweging aan die orde van die dag is. Selfs al word gegronde statistiek gebruik, word sekere inligting weerhou soos byvoorbeeld 'n bevinding wat in die gesaghebbende Journal of Marriage and Family gepubliseer is. Sewell en Sewell

(2004:5) wys daarop dat, hoewel dit korrek is dat 1,8 miljoen vroue in die VSA per jaar deur ‘n verhoudingsmaat aangerand word, dit heel dikwels gerieflikheidshalwe verswyg word dat dieselfde studie bevind het dat twee miljoen mans per jaar deur ‘n verhoudingsmaat aangerand word.

Verhoudingsfaktore speel eweneens ‘n belangrike rol in die veroorsaking van gesinsgeweld. Dit blyk onder andere uit die volgende:

### 2.7.3 Verhoudingsfaktore

Uit die aard van die bespreking is daar ‘n interaksie tussen ‘n wye verskeidenheid verhoudingsfaktore wat betrekking het op gesinsgeweld. Interpersoonlike verhoudinge is van kardinale belang met betrekking tot die instandhouding van gesonde gesinsverhoudinge. Ons gaan hier op ‘n enkele paar daarvan fokus. Dit kom ook voor by ander misdade maar veral in gesinskonteks.

#### Verbaal

Crowell en Burgess (1996:14) fokus op ‘n verdere aspek van omskrywing deur te wys op fisieke sowel as verbale dreigemente. Straus (Crowell *et al.* 1996:14) het ‘n kwantifiseringsinstrument ontwerp, naamlik die Konfliktaktiekskaal, wat nege vorme van gewelddadige gedrag identifiseer m.b.t. geweld teen vroue wat ook op gesinsgeweld toegepas kan word:

- iets na die slagoffer gooi
- die slagoffer stamp, gooi of verdring
- die slagoffer klap
- die slagoffer skop, byt of met die vuis slaan
- na die slagoffer slaan
- die slagoffer met iets tref of probeer tref
- die slagoffer verwurg
- die slagoffer met ‘n mes of vuurwapen dreig en

- ‘n mes gebruik of ‘n vuurwapen afvuur.

Follingstad *et al.* 1990 (Crowell *et al.* 1996:15) wys daarop dat die genoemde skaal ook konsentreer op die invloed van sielkundige en emosionele aspekte soos verbale aanvalle, beledigings, vloektaal, inperkings, isolasie, jaloesie, beskuldigings en dreigemente (dikwels deur jaloerse huweliksmaats).

**Psigologies**

Hierdie aspekte geniet nie altyd dieselfde aandag in die literatuur as wat die geval is met fisieke mishandeling as misdaad nie. Hart en Brassard (Crowell *et al.* 1996:15) wys daarop dat, om sielkundige mishandeling van fisieke misdaad te skei, is om die probleem te oorvereenvoudig en die realiteit te ontken. Hulle redeneer dat "... physically violent acts can have psychological consequences and psychological acts can have physical consequences". Dit is besonder van toepassing in die gesinsgeweldkonteks.

Follingstad *et al.* (Crowell *et al.* 1996:15) plaas sielkundige mishandeling van vroue in die volgende kategorieë:

- verbale aanvalle soos spotname, teistering, naamgewing, ten einde die vrou minderwaardig te laat voel en sodoende te onderwerp
- isolasie – deurdat sy afgesny word van sosiale strukture en finansies
- ekstreme jaloesie en besitlikheid
- koorsagtige beheer en kontrolering van bewegings
- herhaaldelike beskuldigings van ontrouheid
- verbale dreigemente van aanvalle en pyniging van die vrou, haar familie en kinders
- dreigemente t.o.v. beskadiging van persoonlike eiendom en
- afdreiging oor verhoudings met ander .

Walker en Browne (Crowell *et al.* 1996:16) wys daarop dat die fisieke aspekte van geweld en die sielkundige aspekte daarvan met mekaar vervleg is ten opsigte van die nadelige invloed wat dit op die slagoffer het. Soms verwerk 'n vrou emosionele letsels moeiliker as liggaamlikes. Verdere toevoegings tot die lang lys van die psigologiese aspekte van gesinsgeweld en die mishandeling van vroue – waar dit die meeste manifesteer – sluit die volgende in:

- inperking
- teistering
- bewaking
- opsluiting
- ondervraging en
- onderwerping.

Hanmer en Maynard (1987:5) redeneer soos volg: " …violence should be understood as any action or structure that diminishes another human being..." en wys daarop dat "... institutions can be as violent and intimidating as individuals". Hulle onderskei vervolgens verskillende vorme van nie-fisieke geweld, naamlik "... insults, leer, (skuins kyk; grynslag) sneers, jokes, patronage, bullying, vocal violence and sexual harassment, which are the common experience of working women".

Die veroorsaking van gesinsgeweld word verder gekompliseer deur die weerhouding van inligting wat met die misdade gepaardgaan.

### 2.8 Weerhouding van misdaadinligting

Weerhouding van inligting oor misdaad vind dikwels plaas en daar is verskeie redes daarvoor. Redes wat aangevoer word het te doene met die politiek, finansies, administrasie, vrees vir negatiewe publisiteit en sekuriteit.

Dit is 'n bekende feit dat baie voorvalle van gesinsgeweld nooit aangemeld word nie, en dit bemoeilik juis die situasie om 'n korrekte geheelbeeld te vorm. Die mees

betroubare bronne van kennisversameling is die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Sentrale Statistiekdiens, organisasies soos die Prisoniersvriend, maatskaplike dienste, kerklike welsynsorganisasies soos die Christelike Maatskaplike Raad (CMR), en in ʼn mindere mate die hospitale en skole.

Hanmer en Saunders (1984:24) voer aan dat veral vroue om die volgende voor die hand liggende redes nie baie geneig is om inligting oor voorvale van gesinsgeweld aan die owerhede te rapporteer nie:

- hulle vrees dat daar ʼn herhaling sal voorkom
- hulle wil nie die pynlike situasie onthou nie
- hulle wil nie hê die storie moet versprei nie
- buitestanders mag dink daar was provokasie.
- hulle aanvaar ʼn sekere mate van verantwoordelikheid vir die gebeure wanneer die oortreder ʼn bekende sou wees, maar nie soseer wanneer die oortreder aan hulle onbekend is nie
- die nuusmedia blameer dikwels die slagoffers vir onoplettendheid en nalatigheid en
- in vele kulture is dit aanvaarbaar om vroue verantwoordelik te hou vir voorvalle van geweld teen hulle.

Bollen *et al.* (1999:4) voeg die volgende redes vir weerhouding van misdaadinligting in gesinsverband by:

- geviktimiseerde vroue is nie altyd in die posisie om die saak in die openbaar of met vreemdelinge te bespreek nie
- gesinsgeweld/misdaad teen vroue word nie in die wet as ʼn afsonderlike oortreding behandel nie
- definisies ontbreek vir ʼn hele aantal dade wat deur vroue op seksuele gebied ervaar word en
- kriminele regsdefinisies is nie altyd volledig in die beskrywing daarvan nie.

In hierdie verband is daar dus 'n verstaanbare diskrepansie tussen

- sake wat aangemeld word by die SAPD,
- data in navorsingsondersoeke, en
- die werklike aantal gevalle wat voorkom.

## 2.9 Misdaadstatistiek

Statistiek wat met misdaad oor die algemeen, maar meer spesifiek met gesinsgeweld verband hou, moet met die uiterste omsigtigheid hanteer word, ten spyte van die wetenskaplike betekenis daarvan. Hood en Sparks (Fattah 1997:98), wys op die misbruik wat kan voorkom en die moontlikheid van misinterpretasie: "...statistics can be made to say whatever one may want them to say. Scepticism regarding statistics in general, and criminal statistics in particular, is reinforced by frequent misuse of these statistics. For instance, when they are used in support of demands for money and manpower for the police, higher figures may be cited regardless of whether the rate itself has increased or declined and without mentioning that the upward figures may be the result of increased police activity or improved reporting and recording practices. On the other hand, when criminal statistics are used to demonstrate major political or social achievements or to bolster a higher level of police effectiveness, the emphasis is placed on decline rather than on growth."

Myns insiens het ons onlangs die waarheid van bogenoemde stelling duidelik in die praktyk gesien toe daar deur ons eie Minister van Polisie statistiek bekendgemaak is oor die stand van misdaad in die Republiek van Suid-Afrika. Dit is logies dat enige minister wat met polisiëring gemoeid is, graag 'n afname in misdaad sal wil aankondig en wel om verskillende voor die hand liggende redes. Dit kan byvoorbeeld sy politieke status beveilig, salarisverhoging regverdig of die oorsese beleggers aanmoedig om ter plaatse te belê en sodoende die ekonomie stimuleer.

Daar heers groot kommer oor die voorkoms van misdaad oor die algemeen in Suid-Afrika. Die algemene vlakke van veral geweldsmisdade is onaanvaarbaar hoog.

Daarom toon die publiek hernieude belangstelling in die statistieke oor misdaad en veral die suksesse van die SAPD om misdaad te bekamp. Wanneer daar nie deursigtig óf konsekwent met die beskikbaarstelling van hierdie syfers aan die publiek gewerk word nie, is dit logies dat daar politieke agterdog en gevolglik wantroue sal ontstaan.

Daar kan ook tekorte voorkom ten opsigte van inligtingsversameling en rapportering as gevolg van aanmeldings- en aantekeningsmetodes óf dataversamelingsmetodes asook die prosessering daarvan. Fattah (1997:99) wys daarop dat verskeie faktore 'n rol speel tydens die insameling van data: "Several factors are known to produce artificial fluctuations in crime figures. Some have to do with the collection and processing of data. Others pertain to the process of law enforcement, while a third category comprises factors related to the demographics and attitudes of the population."

Fattah (1997:99) verwys na Hahn (1977) wat bevestig dat verbeterde en hersiene metodes van insameling en berging van inligting in sommige gevalle drasties styg en in ander gevalle daal. Fattah (1997:99) sê: "Hahn reports that when New York Police instituted revised procedures for reporting and storing information, the number of robbery occurrences reported, rose over 150 per cent in one year, while clearance rates fell by more than fifty percent".

De Keseredy en Schwartz (1996:109) wys daarop dat statistiek steeds relevant bly, ten spyte van al die gebreke wat soms weerspieël word. Hulle sê: "Yet it can be exciting and interesting, particularly when you take time to understand its relevance. If all criminal justice statistics were straightforward and accurate, all that you would need would be a few simple definitions. Unfortunately as we have been telling our students for years: All of your lives you have been hearing about how statistics *lie*, about how you should be very cautious around numbers. When you are in criminology, double that concern".

Dit is logies om te redeneer dat statistieke nodig is om sinvolle navorsing te kan doen. Die regte óf voldoende inligting is egter nie altyd geredelik beskikbaar nie en wel om verskeie redes soos hierbo reeds genoem. Navorsing is gebou op empiriese bewyslewering en derhalwe moet daar gepoog word om soveel as moontlik inligting te versamel en dit te verifieer. Wanneer daar sinvolle datavangs plaasgevind het, het sinvolle navorsing werklik eers begin.

## 2.10 Slotbeskouing

Daar is in die onderhawige hoofstuk gewys op die ernstige aard en onrusbarende toename in gesinsgeweld sowel wêreldwyd as nader tuis.

Dis duidelik dat gesinsgeweld 'n omvangryke misdaadprobleem is. Dit maak negatiewe impak op mans, vroue, kinders, gesinne, die ekonomie, en die regstelsel. In die RSA is meer as vier-en-twintig duisend mans reeds in 2002 opgesluit omdat hulle misdade teen vroue gepleeg het – en in 2004 is meer as een-en-dertig duisend sake by die gesinsadvokaat in Pretoria aangemeld. Dit sluit in sake van gewone aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, verkragting, seksuele teistering, verbale teistering en ontvoering.

Die navorsing wys ook uit dat die oorsake vir gesinsgeweld gesoek moet word in makrososiale faktore, geslagsrolsosialisering en verhoudingsfaktore.

Vervolgens kom die verklaring van die verskynsel aan die orde.

In **hoofstuk 3** gaan proses-, struktuur- en sosiale reaksieteorieë vir die verklaring van gesinsgeweld in meer besonderhede beskryf word. Daar word eklekties te werk gegaan en raakpunte met gesinsgeweld word geïdentifiseer.

# HOOFSTUK 3

# MISDAADVERKLARINGSTEORIEË

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag daaraan gegee om verklarings vir die voorkoms van gesinsgeweld te vind. Die teorieë wat hier beredeneer word, is hoofsaaklik sosiologiese teorieë weens die feit dat gesinsgeweld in groepsverband plaasvind en dus meer sosiologies van aard is. Die teorieë wat meer op die struktuuraspekte fokus en die wat meer op die prosesse fokus, word vir akademiese doeleindes onderskei. Die meer strukturele teorieë sluit in die ekologieteorie en die anomieteorie. Die meer prosessuele teorieë wat vir die doel van hierdie hoofstuk geselekteer is, is die differensiële assosiasieteorie en die teorie van sosiale gebondenheid. Hierbenewens word ook aan die etiketteringsteorie en die konflikteorie aandag geggee. Hierdie tipe teorieë probeer beide struktuur- en prosessuele aspekte van menslike gedrag akkomodeer, en is ook bekend as reaksieteorieë.

## 3.2 Struktuurteorieë

Struktuurteorieë is makroteorieë wat argumenteer dat swakker woongebiede 'n hoër frekwensie van misdaad sal hê. Dit is belangrik om die persoon se posisie in sy sosiale struktuur te bestudeer ten einde 'n beter verklaring van misdaad te kan bekom.

Hoewel hierdie tipe teorieë hoofsaaklik ontwerp is en toegepas is op samelewings as geheel, word in hierdie hoofstuk ook argumente aangevoer om

aan te dui dat dit ook op meso- (gesinsvlak) en op mikrovlak (individue binne die gesin), toegepas sou kon word.

### 3.2.1 Kenmerke van struktuurteorieë

Die kenmerke van die struktuurteorie is kortliks die volgende Joubert (2001:111)

- Struktuurteorie fokus op groepe in plaas van individuele individue om misdaad te verklaar.

- Die aandag word gevestig op die laer-klas omgewing as 'n kousale faktor.

- Daar word gepoog om die gebreke in die sosiale struktuur uit te wys met betrekking tot die veroorsaking van misdaad.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is slegs twee gekies en hulle sal nou vervolgens ontleed word. Om die fokus van die navorsing te bou, word elkeen nie volledig ontleed en bespreek nie, maar slegs toepaslike aspekte van elkeen word, vir sover dit op die navorsingsveld van toepassing gemaak sou kon word, word weergegee.

## 3.3 Die anomieteorie

Die anomieteorie is duidelik 'n sosiologiese teorie vir die verklaring van misdaad. Dit fokus op die sosiale strukture wat in 'n samelewing bestaan, en beredeneer die kriminogenese van sodanige struktuur. Misdaad word beskou as die uitvloeisel van "foute" of "gebreke" in die struktuur van die samelewing. Die anomieteorie word ook as 'n stremmingsteorie getipeer omdat dit wys op die

stremmende aspekte wat in ʻn samelewing voorkom wat kriminogenese bevorder en konformering belemmer.

Vir die doel van die navorsing word sekere aspekte van die bydraes van Durkheim, Merton en Parsons tot die ontwikkeling van die teorie, kortliks belig en beredeneer in terme van die moontlikhede daarvan om gesinsgeweld te verklaar.

### 3.3.1 Durkheim se bydrae

Durkheim het die konsep van anomie sosiologies ter sake gemaak. Alhoewel die anomie-teorie van Emile Durkheim die Franse sosioloog, groot ooreenkomste toon met die sosiale disorganisasie teorie van Shaw en McKay, is daar tog ook duidelike verskille. In die breë konteks word anomie (normloosheid) van toepassing gemaak op toestande wat heers in ʻn bepaalde gemeenskap. Dis waarom dit as ʻn (samelewing) struktuurteorie bekend staan en as ʻn makrososiologiese teorie. Daar is egter navorsers wat die anomieteorie kombineer met ekologiese toestande, wat hoofsaaklik fokus op die bestudering van die voorkoms van misdaad in spesifieke woonbuurte (Shoemaker 1984: 87). Dit beteken daar is ook diegene wat, hoewel die teorie nie aanvanklik daarvoor ontwerp is nie, dit ook as ʻn mesososiologiese en mikrososiologiese teorie vir die verklaring van misdade aanwend.

Anomie het betrekking op die botsing tussen die heersende toestande in ʻn gemeenskap en geleenthede vir groei, vervulling en produktiwiteit wat in daardie gemeenskap beskikbaar is vir die individu. Die term anomia verwys na die frustrasie en vervreemding wat ervaar word as gevolg van die voorkoms van anomie in die gemeenskap. "The term anomia has been used to refer to those

who experience personal frustration and alienation as a result of anomie within a society" (Shoemaker 1984: 87). Die konnotasie van Shoemaker open die deur vir die toepassing van die anomieteorie op mikrovlak – soos in die lewe van een persoon van 'n huisgesin – ook.

Die Franse sosioloog Emile Durkheim het geredeneer dat samelewings neig om progressief van 'n ongekompliseerde tot uiters gekompliseerde bestaan te ontwikkel. Durkheim (Shoemaker 1984:87), noem die eerste vlak van ontwikkeling meganiese solidariteit waarvolgens gemeenskappe deur ooreenkomste en ooreenstemmende kragte saamgebind word. Hierin speel natuurlike talente en die rolle waartoe dit die individue in 'n gemeenskap in staat stel, 'n deurslaggewende rol. In die tipe samelewings bestaan min arbeidsverdeling op grond van geslagsrolle en daar is relatief ongedifferensiërde gewetensuitinge — dit het dus 'n enkele, oorheersende en geïntegreerde normatiewe gedragskompleks wat menslike gedrag op alle lewensterreine rig (Conradie 1980: 193). In sulke samelewings kom dus —anomies gesproke — min misdaad voor.

Durkheim (Shoemaker 1984: 88) verwys na nog 'n soort samelewing wat hy met die konsep organiese solidariteit verduidelik. In sulke samelewings word gemeenskappe aanmekaar gehou deur 'n sisteem van funksionele interafhanklikheid. Die funksies en rolle van elke individu is gediversifiseer en gespesialiseerd en lede van die gemeenskap is meer van mekaar afhanklik vir oorlewing. Hierdie samelewings word gekenmerk deur diepgaande normverskille en is nie soos die meganiese samelewings geïntegreerd nie. Dus open hulle die moontlikheid vir normkonflik tussen gemeenskappe, groepe en individue wat daarin leef en werk. In dié samelewings kom — anomies gesproke — baie misdaad voor.

### 3.3.2 Merton en Parsons se bydraes

Merton het 'n meer algemene benadering gevolg ter verklaring van die misdaadprobleem. Hy aksentueer die sosiale omgewing en beskryf in die verband die konsep relatiewe deprivasie. Hiervolgens vergelyk individue hulleself met ander persone vanuit hulle eie sosiale klas. Relatiewe deprivasie verklaar waarom sommige mense in situasies van anomie nie in misdaad soos onder ander gesinsgeweld betrokke raak om hulle doelwitte te bereik nie. Hulle kulturele agtergrond sowel as relatiewe deprivasie weerhou hulle daarvan. Hulle konformeer.

Nietemin het Merton Durkheim se konsep van anomie verder verfyn. Hy het anomie gedefinieer as die wanbalans wat bestaan tussen kulturele doelwitte en die voorgeskrewe sosiale middele waarmee daardie doelwitte bereik moet word (Merton 1968:216; Kruger 1972:3; Conradie 1980:195-196). Merton (Shoemaker 1984:89-90) se bekende artikel oor sosiale struktuur en anomie is 'n verdere uitbreiding van Durkheim en identifiseer vier reaksies op sodanige anomie se wanbalans wat in 'n samelewing kan voorkom, naamlik:

- innovasie (kulturele doelwitte word aanvaar maar die wettige en aanvaarde metodes vir doelbereiking word verwerp)
- ritualisme (kulturele doelwitte word aanvaar terwyl die wettige en aanvaarde metodes vir doelbereiking naarstigtelik en presies nagevolg word)
- onttrekking (beide die doelwitte en wettige nastrewing word verwerp) en
- rebellie (nie alleen word doelwitte en wettige nastrewing verwerp nie, maar daar is verder ook 'n begeerte aanwesig om nuwes in hulle plek te stel).

Talcot Parsons se bydrae tot die anomieteorie is daarin vervat dat hy die aandag gevestig het op die motiveringselemente wat 'n rol speel in die keuse van 'n aanpassingswyse tot die toestand van anomie (Conradie 1980: 216). Parsons (1952) het die sisteemteorie ontwerp om onder ander die aanpassings toe die toestand van anomie te verduidelik. Hierdie genoemde reaksies kan meer lig werp op gesinsgeweld en uiteindelik daartoe meehelp om dit te verklaar.


Parsons (Parsons 1952: 259; Kruger 1972: 70-970; Conradie 1980: 210-213) het naamlik raakgesien dat die sosiale sisteem, in terme van anomie, deur oorheersend gedwonge en oorheersend vervreemdende aspekte gekenmerk word. Sy opvatting van gedwonge konformerende reaksies korreleer met Merton se siening van innovasie en ritualisme – afhangende of die akteur 'n aktiewe of passiewe gesindheid ten opsigte van anomie het. Verder korreleer Parsons se opvatting van oorheersend vervreemdende reaksies met Merton se gedagtes rondom rebellie en onttrekking – ook afhangende daarvan of die akeur 'n aktiewe of passiewe benadering tot anomie het. Hiermee het Parsons die individu se persoonlike keuse ter sake gebring ten opsigte van die wanbalans tussen doelstellings en norme (wat anomie konstrueer).

Van die vier genoemde reaksies op anomie is innovasie kriminologies van betekenis aangesien dit die innoveerder is wat homself veroorloof om onwettige middele (dade) vir doelbereiking na te jaag. Mense wat hierdie aanpassingswyse tot anomie kies sal byvoorbeeld steel (onwettige sosiale middel) om ryk te wees (aanvaarde en gewaardeerde kulturele doelwit).

Diegene met 'n vervreemdende houding (teenoor die doelstellings en middele) en 'n aggressiewe ingesteldheid het, sal maklik normoortredings pleeg. Kortweg gestel kan die verklaringsverband tussen anomie (in die algemeen) en misdaad (in die algemeen) soos volg skematies voorgestel word:

Skematies kan dit as volg voorgestel word:

**Diagram 3.3.3 Die verwantskap tussen anomie en misdaad**




### 3.3.3 Toepaslikheid op gesinsgeweld

Oor die algemeen gesproke is dit voor die hand liggend dat in 'n swak ekonomiese klimaat daar polarisasie kan ontstaan tussen die rykstes van die rykes en die armstes van die armstes, en dat daar dan anomie ('n wanbalans tussen kulturele doelwitte en die sosiale middele waarmee dit bereik mee mag word) sal voorkom. Dis egter nie voor die hand liggend dat dit tot misdaad sal lei nie – sommige mense verkies om eerder arm te bly, maar is nie bereid om misdaad te pleeg om ryk te word nie. Daarmee word nie ontken nie, dat klasseverskille, werkloosheid, en die totstandkoming van swak woonbuurte en die probleme wat daarmee gepaardgaan - wat deel is van 'n kosmopolitaanse en ook metropolitaanse samelewing - uiteindelik tot misdaad kan lei nie.

Dit is veral werkloosheid wat krities is ten opsigte van gesinsgeweld in die anomieteorie. Mans en vroue se tradisionele rolle in die beroepswêreld word deesdae dikwels omgeruil. Dit bring rolverwarring en botsings mee. Dit lei weer

tot wanbalans tussen (gesins) doelstellings en die aanvaarde middele waarmee die doelstellings bereik word binne gesinsverband. Wanneer hulle tuis kom vind daar dan maklik wrywing plaas en dikwels met ernstige gevolge wat op gesinsgeweld uitloop.

Vervolgens word die misdaadekologieteorie kortliks toegelig.

### 3.4 Die misdaadekologiese teorie

Die misdaadekologieteorie is saam met anomieteorie een van die vertakkings van struktuurteorieë. Struktuurteorieë se fokus is op sosiale omgewing. Volgens Brown *et al*. (Joubert 2004:113) omvat sosiale ekologie, kriminologies gesien, die studie van ruimtelike verspreiding van wangedrag en misdaad.

#### 3.4.1 Uitgangspunte

Daar is 'n verband tussen organismes en hulle omgewing. Verhoudings speel 'n onmiskenbare rol in die mens se kontak met sy sosiale omgewing. Daar blyk 'n groot ooreenkoms te wees tussen die anomieteorie en die misdaadekologiese - of andersinds ook bekend as die disorganisasieteorie - te wees. "Daar is volgens die uitgangspunte van hierdie teorie 'n sterk en beduidende korrelasie tussen misdaad en ekologiese faktore soos armoede, mobiliteit van inwoners en heterogeniteit ten opsigte van etniese groep" (Joubert 2001:113). Misdaadekologie verwys in die besonder na die studie van die lokalisering van misdade, of in terme van ruimtelike invloede op die verspreiding van misdaad (Taft & England 1964: 153).

### 3.4.2 Aannames van die teorie

Misdaad kom in ruimtelike konsentrasies voor. Dit is die eerste beginsel of uitgangspunt van die misdaadekologieteorie. Daarom praat die teoretici van sogenaamde misdaadareas waarin misdaad aangehelp word deur bepaalde menslike veranderlikes, insluitende die sosiologiese en psigologiese kenmerke van die mense wat in daardie ruimtelike konsentrasies woon. Die objektiewe ruimtelikheid is meer simbolies verteenwoordigend van die innerlike wat onder die mense in sulke gebiede gevind word (Barron 1956:225).

Die mense in sulke ruimtelike konsentrasies se kenmerke hou verband met ras, nasionaliteit, inkomste, huwelikstatus, ouderdom — en hulle geneigdheid om minder te konformeer — omdat hulle minder in kontak met die dominante (sub)kultuur leef (Bredemeier & Stevenson 1962:89).

Struktuurteorieë is juis ontwikkel om die hoër voorkoms van misdaad deur minder gegoedes te verklaar (Joubert 2001:113). Soos reeds aangedui word sekere raakpunte tussen die ekologie- en anomieteorie gedeel waarvan die hoofaannames die volgende is:

- Die hoofoorsake van misdaad is armoede en ekonomiese ongelykheid. Sosiale faktore, alhoewel nie die enigste nie, speel 'n dominante rol ten opsigte van individuele faktore.

- Samelewingstrukture (gesin, skool, kerk, owerhede) is verantwoordelik vir die sosiale disorganisasie wat heers en vorm die teelaarde vir misdaad.

- Die verwarring en onsekerheid wat deur sosiale disorganisasie geskep word, maak mense kwesbaar vir misdaad. Stabiele sosiale faktore is dus die ideaal vir die voorkoming van misdaad.

- Die verbrokkeling van die samelewingsorde kan direk verbind word aan laer klasse, agtergeblewenes en minderheidsgroepe as gevolg van hul minderbevoorregte posisie.

Die drie sentrale veranderlikes hierbo genoem naamlik armoede, mobiliteit van die inwoners en die heterogeniteit ten opsigte van etniese groeperinge, veroorsaak sosiale disorganisasie.

Die vermoede bestaan dat werkloosheid, gebroke gesinne, onbehoorlike onderwys, 'n gebrek aan behuising en gesondheidsorg bydraend is tot die wanorde in die sosiale opset. As die sleutelelemente wat 'n samelewing laat werk nie in plek is nie, is die versoeking om by misdaad betrokke te raak baie groter as in normale, stabiele omstandighede. Uiteraard is die rol van die gemeenskap om persoonlike verantwoordelikheid vir die voorkoming van misdaad te aanvaar, soveel groter in die lig van dit wat hierbo gesê is. Barlow (Joubert 2001:114), verwys hierna: "Sosiale organisasie word gehandhaaf deur 'n groep se verbintenis aan sosiale reëls. Wanneer hierdie verbintenis verbrokkel, byvoorbeeld wanneer grootskaalse migrasie plaasvind en die samestelling van die gemeenskap vinnig verander, dan verbrokkel sosiale beheer".

**Diagram 3.4.2 'n Diagrammatiese voorstelling van die ekologiese teorie**

| | | |
|---|---|---|
| **Armoede** → | **Sosiale disorganisasie** → | **Alternatiewe lewenstyle** ↓ |
| **Misdaadloopbaan** ← | **Kulturele transmissie** ← | **Misdaadgebiede** |

Volgens diagram 3.4.2 lei armoede tot sosiale disorganisasie wat alternatiewe lewensstyle tot gevolg het. Dit lei tot blootstelling aan misdaadgebiede waar 'n kulturele transmissie plaasvind en waarvan 'n misdaadloopbaan die onvermydelike gevolg is.

Die misdaadgebiede verwys volgens die konsentriese soneteorie (Swart & Lamont 1973:65) wat in 1923 ontwikkel is, na die oorgangsone tussen die middestad en die middelmatige woonburtes. Hoult (Swart & Lamont 1973:68) se sektorteorie het hierby aangesluit. Hoewel hy die konsentriese soneteoie aansienlik verbeter het, het sy bevindinge ook daarop gewys wat die oorgangsone die meer misdadige gebied is waarin selfs misdaadloopbane gekweek word.

### 3.4.3 Kenmerke

Gebaseer op die voorafgaande kan die kenmerke van die misdaadekologieteorie kortliks soos volg saamgevat word (Conradie 1980:125-130):

Die armer mense kan die goedkoper behuising in die oorgangsones en sentrale sakegebiede bekostig, daarom konsentreer hulle meer in die gebiede. Die feit dat

hulle armer is, verhoog tegelykertyd hulle mobiliteit wat op sy beurt lei tot die heterogenisering van die populasie van sulke gebiede.

Dit lei op sy beurt maklik tot subkultuurvorming. Dit kan gebeur omdat daar so baie verskille is (weens mobiliteit) in die waardes (kultureel voorgeskrewe doelwitte) en norme (middele vir doelbereiking) van die mense wat in sulke ekologiese gebiede woon. So kan dit maklik gebeur dat binne dieselfde gemeenskap daar mense is wat byvoorbeeld diefstal as 'n aanvaarde en ander wat dit nie as 'n aanvaarde middel vir doelbereiking nie, beskou. Die bestaan van die misdaadgebiede met hulle waarde- en normedifferensiasie en subkultuurvorming, maak differensiële assosiasie moontlik. Hulle word aan 'n veelvoud botsende gedragskodes blootgestel. Meer as een soort moraliteit word aan hulle voorgehou waaruit hulle kan "kies".

### 3.4.4 Toepaslikheid op gesinsgeweld

Die feit dat mense wat meer aan sosiale mobiliteit deelneem in swakker sosio-ekonomiese woonbuurtes beland, maak dit logies sin omdat sulke woonbuurte gewoonlik ook goedkoper is. Wat van kriminogene belang is in terme van gesinsgeweld, is die heterogene waarde- en normedifferensiasie wat daarmee gepaardgaan. Logieserwyse kan mens verstaan dat dit 'n negatiewe invloed op gesinswaardes en gesinsnorme ook kan uitoefen. Dit kan selfs lei tot gesinsgeweld. Die ontstaan, bestaan en voortbestaan van subkulture wat afwyk van die gestandaardiseerde waardes en norme van die dominante kultuur, kan ondersteuning gee aan mense wat gesinsgeweld bedryf. Die kenmerke van die misdaadekologieteorie kan dus 'n bydrae lewer tot die verstaan van gesinsgeweld. Dit moet egter duidelik gestel word dat die empiriese data wat vir die doel van hierdie navorsing geselekteer is, nie volgens die misdaadekologieteorie te beginsels geselekteer is nie. Die voorvalle van

gesinsgeweld kon ook nie direk aan sekere woonbuurte gekoppel word nie. Vervolgens word die prosestoerieë ook korliks ontleed in terme van hulle vermoë om gesinsgeweld te verklaar.

### 3.5 Prosesteorieë

Prosesteorieë voer die soektog na antwoorde op die vraag hoekom daar so baie misdaad plaasvind, 'n entjie verder as die struktuurteorieë. Teoretici wat hierdie skool van denke navolg, vra die vraag waarom dit gebeur dat sommige mense wat hulleself in goeie ekonomiese toestande bevind ook by misdaad betrokke raak? Sosiale interaksie speel dus 'n deurslaggewende rol in hierdie benadering tot die verklaring van misdaad. Die sosiologiese prosesse is vir hulle van meer belang as die strukturering van die samelewing. Slegs twee prosesteorieë is met die oog op die doelbereiking van hierdie navorsing geselekteer, naamlik (i) differensiële assosiasie — 'n ouer teorie en (ii) sosiale gebondenheid — 'n meer resente teorie.

#### 3.5.1 Uitgangspunte

Waar die struktuurteorieë fokus op die sosiale omgewing as kousale faktor tot die misdaadfenomeen by mense, wil die prosesteorieë eerder verklaar watter prosesse spesifiek vanuit sosiale interaksie met individue en hul gesinne asook hul portuurgroepe geaktiveer word, om uiteindelik van hulle misdadigers te maak. Die belangrike vraag in prosesteorieë is dus: hoe het die individu 'n wetsverbreker geword? (Joubert 2004:132).

Vir teoretici wat prosesteorieë aanhang word die fokus geplaas op die prosesse wat in die samelewing deur die individu in sy beleweniswêreld ervaar word.

### 3.5.2 Aannames van die prosesteorieë

Daar word spesifieke aannames gemaak waarop die teorie gefundeer word. Hierdie aannames is die volgende:

**Prosesteorieë is mikroteorieë**

Daar word gefokus op die prosesse wat interaksionêr daartoe meewerk dat 'n persoon 'n wetsverbreker word. Elke mens is uniek. Nie twee mense reageer presies dieselfde in 'n gegewe situasie nie. Hierdie feit moet nie uit die oog verloor word wanneer daar na oplossings vir die probleem van misdaad maar meer spesifiek gesinsgeweld gesoek word nie

**Misdaadveroorsaking is nie aan klasseverskille gekoppel nie**

Individue uit alle klasse óf hulle uit die hoë- middel óf laer klas afkomstig is, deel dieselfde waardes in die gesin, skool en kerk. Die teorie betwyfel die bestaan van verskille in waarde- en normestelsels — een van die beginsels van die misdaadekologieteorie.

Joubert (2001:133) — in 'n uitspraak oor jeugmisdadigers — verduidelik dit soos volg: " Alhoewel jeugdiges uit die laer klas wel gebuk gaan onder ekonomiese probleme, stremming in die gesin, wetsverbrekende portuurlede, onvoldoende onderwysopleiding en 'n swak selfbeeld, is die meeste van hulle tog bereid om die reëls (wette) van die samelewing te gehoorsaam. Diegene wat wel daarin slaag om hierdie aanslae te hanteer en wetsgehoorsaam te bly, doen so omdat hulle ondersteuning kry in 'n gelukkige huislike opset, ondersteunende vriende en belangstellende onderwysers. Derhalwe kan wangedrag en misdaad voorkom in enige sosiale klas, ryk of arm, indien die sosialisering swak en destruktief is".

**Sosiale interaksie veroorsaak misdaad**

Persone wat met die gereg bots se persoonlikheid en gedrag is problematies omdat lewensbelangrike verhoudings en prosesse wat tydens sosiale interaksie gevorm is, nie ooreenstem met die samelewing waarvan hulle deel is nie. Omdat hulle nie konformeer by die (goeie) konvensionele reëls van die samelewing nie, is misdaad uiteindelik die gevolg (Joubert 2001:134).

Die feit dat elke mens 'n subjektiewe wese is en dus 'n unieke persoonlikheid het, is selfverduidelikend met betrekking tot die voorkoms van waarde- en normverskille. Party sal konformeer, terwyl ander geen poging daartoe sal aanwend nie. Hierdie keuse wat op individuele vlak gemaak word, bepaal watter resultate sal volg — óf wetsgehoorsame óf wetsverbrekende gedrag.

Die belangrikheid van die gesin asook die rol wat portuurgroepe speel, word opnuut onderstreep. Dit wat met 'n kind in sy ouerhuis gebeur (of nié gebeur nie), sal 'n permanente invloed op die res van sy lewe hê. " Daar bestaan 'n algemene konsensus dat gesinsverhoudinge 'n wesenlike invloed op anti-sosiale gedrag het (Joubert 2001:134) ". In terme van sosiale interaksie, speel portuur 'n dominante rol. Portuur word in dieselfde mate van dringendheid deur navorsers wêreldwyd bespreek. Omdat jeugdiges afhanklik is van erkenning, kan erkenning en aanvaarding deur hul portuurs dikwels uiters nadelige resultate hê. Veral as daardie portuurs alreeds uitgesluit is van vriende en instellings wat konformeer by die samelewingsnorme van wetsgehoorsaamheid.

Dit is dus selfverduidelikend waarom bendes gevorm word, verdowingsmiddelverslawing voorkom en botsing met die gereg uiteindelik die tragiese gevolg is.

Vervolgens word die differensiële assosiasieteorie — as 'n voorbeeld van die prosesteorieë — kortliks toegelig.

### 3.6 Differensiële assosiasieteorie

Differensiële asossiasieteorie word ook gekategoriseer onder die prosesteorieë en het daarom uiteraard ook raakpunte met die sosiale interaksieteorieë.

Sutherland, die vader van die differensiële assosiasieteorie, plaas sosiologiese analise in die senterpunt van die kriminologie (De Keseredy *et al.*1996:225). Sy kernargument was dat die prosesse wat betrokke is by die aanleer van misdadige gedrag ooreenstem met die van die aanleer van konformerende gedrag.

#### 3.6.1 Uitgangspunte

Shoemaker (1984:136-137) haal Sutherland aan wat differensiële assosiase as die proses waardeur misdadige gedrag aangeleer word, as volg:

- Kriminele gedrag word aangeleer.

- Kriminele gedrag word in interaksie met ander deur 'n kommunikasieproses aangeleer wat verbaal, direk of simbolies kan wees.

- Die kern van hierdie proses word gevind in die intieme persoonlike groepe.

- Die aanleer van kriminele gedrag word aangedryf deur motiewe, drange, rasionalisasies en gesindhede.

- Motiewe wat ‘n rol speel in die aanleer van misdaad, word beïnvloed deur gunstige of ongunstige wetsverbrekingsdefinisies van gedrag.
- Individue neem deel aan kriminele aktiwiteite as gevolg van die bestaan van ‘n oorwig van gedragsdefinisies wat ten gunste van wetsverbreking is, teenoor definisies ten gunste daarvan om dit nie te doen nie.

- Differensiële assosiasies mag verskil ten opsigte van frekwensie, tydsduur, prioriteit en intensiteit.

- Alle meganismes wat betrokke is om normale konformistiese gedrag by ‘n individu te vestig, is betrokke by kriminele gedrag wat deur assosiasie aangeleer word.

- Kriminele gedrag is ‘n uitdrukking van normale behoeftes en waardes, maar dit word nie verklaar deur daardie behoeftes en waardes nie, omdat dieselfde behoeftes en waardes ook deur konformiste nagestreef word, sonder dat hulle by misdaad betrokke raak.

Daar moet verder gelet word op die raakpunte van hierdie teorie met gesinsgeweld.

### 3.6.2 Toepaslikheid op gesinsgeweld

Die stelling dat misdadige gedrag aangeleer word, kan geargumenteer word, kan gedeeltelik gebruik word om gesinsgeweld te verklaar. Dit is so omdat dit uit die aard van die saak nodig is vir die oortreder om (êrens) te leer hoe om gewelddadig (ook binne sy gesin) op te tree. Dis egter nie so duidelik dat die gesinsgewelddadige gedrag in interaksie en kommunikasie met ander gesinsgewelddenaars aangeleer word nie. Dit is so omdat mense wat

gesinsgeweld bedryf, nie baie openlik met mekaar daaroor is nie weens die stigma wat dit dra. Gesinsgeweld is gewoonlik ook iets wat nie in die oog van ander mense plaasvind nie. Dis ook te bewyfel of gesinsgeweld in intieme en persoonlike groepe aangeleer word. Dit vind wel plaas in die intieme en persoonlike omgewing van die gesin, maar word nie noodwendig daar aangeleer nie.

Die stelling van die differensiële assosiasieteorie dat misdadige gedrag voorkom wanneer meer wetsverbrekings- as wetsgehoorsame definisies van gedrag aangeleer is, maak wel sin in die geval van gesinsgeweld ook. Iemand kan immers nie voortgaan met gedrag wat as – minstens aanranding – bekend is nie, tensy hy homself oortuig het hy kan maar met sulke wetsverbrekende gedrag volhou nie. Die stelling van die teorie dat differensiële assosiasies mag verskil ten opsigte van frekwensie, tydsduur, prioriteit en intensiteit, is ook kwalik van toepassing in gevalle van gesinsgeweld, want dit veronderstel dat die gesinsgeweldenaar ook inspraak in sy lewenswaardes kry by ander gesinsgeweldenaars. Dit gebeur kwalik omdat die een nie aan die ander gesinsgeweldenaar sy status bekendmaak nie.

Die kernprobleem in terme van differensiële asossiasie om gesinsgeweld te verklaar, kom na vore in die stelling dat dieselfde meganismes wat kriminele gedrag verklaar ook konformerende gedrag verklaar. Albei word deur assosiasie (dán met wetsgehoorsames en dán met wetsverbrekers) aangeleer. Dit is juis hierdie assosiasie met wetsverbrekers (d.w.s. met ander gesinsgeweldenaars) wat ontbreek in die geval van gesinsgeweld. Die gedagte van die differensiële assosiasieteorie dat misdadige (d.w.s. gesinsgewelddadige) gedrag 'n uitdrukking is van normale (d.w.s.van wetsgehoorsame) behoeftes is, hou net nie stand in terme van die verklaring van gesinsgeweld nie. Hier – in die geval van gesinsgeweld – is die klem eerder (vermoedelik) op beheer en kontrole van die

gesinslede en nie afgestem op een of meer gewone wetsgehoorsame behoefte van die oortreder nie.

Vervolgens word die meer moderne sosiale gebondenheidsteorie – wat ook 'n prosesteorie is – nader toegelig.

### 3.7 Die sosiale gebondenheidsteorie

Sosiale beheer is in werklikheid niks anders as die bestudering van strategieë en metodes om menslike gedrag te reguleer nie. Dit handel oor dit wat 'n samelewing laat slaag. "How is society possible? How can it be that so many people, within limits, do what they are told? What keeps people falling in line with expected ideas of behavior? Such questions sit in the realm of social control" (Davis & Stasz 1990:3). Williams en McShane (1994:81) sluit in hulle verwysing na sosiale gebondenheid met die gedagte dat die gebondenheidsteorie verwys na enige perspektief wat te make het met die beheer van menslike gedrag" Joubert (2001:144).

#### 3.7.1 Uitgangspunte

Die basiese vertrekpunt van hierdie teoretiese benadering tot die verklaring van misdaad is dat daar sosiale verbintenisse is met die samelewingstrukture soos die huisgesin, skool en kerk, en dat dit 'n baie sterk invloed op misdaadvoorkoming (en uiteindelik gesinsgeweld) sal hê. Daarom is 'n mens se kinderjare uiters betekenisvol ten opsigte van die aanleer van waardes en norme en ander kulturele faktore. Verder word daar gehipotetiseer dat menslike wesens, ongeag hulle ouderdom of status op een of ander wyse beheer moet word deur die sosiale omgewing, om die natuurlike neiging wat in elke mens teenwoordig is tot misdadigheid, te onderdruk. In hierdie konteks word gesê:

"Control theories all assume one basic point. Human beings, young or old, must be held in check, or somehow controlled, if criminal or delinquent tendencies are to be repressed" (Shoemaker 1984:153).

Sleutelelemente wat die individu en die gemeenskap met mekaar verbind (Shoemaker 1984:161) is die volgende:

- Gebondenheid (attachment): Hirschi (1969) word deur Shoemaker (1984:161) in sy bespreking oor gebondenheid, aangehaal en wys op die sielkundige en emosionele verbintenis wat mense met mekaar het en die mate wat hulle gevoelens en opinies vir jou belangrik is. Dit is volgens hom die sosiologiese eweknie van die psigoanalitiese superego of gewete.Wanneer hierdie gebondenheid tussen gesinslede bestaan, is daar hoër ideale vir die lede van die huisgesin en word versoekings tot gesinsgeweld vermy. Dit gebeur omdat daar te veel mooi dinge in die gesin op die spel is. Gesinsgeweld is nie meer 'n opsie nie, alhoewel dit tog nog moontlik is in 'n onbewaakte oomblik.

- Verbintenis (commitment): Hirschi (1969) word deur Shoemaker (1984:161), aangehaal en dit is volgens hom die sosiologiese eweknie van die psigoanalitiese superego of gewete. Verbintenis (commitment) is die inset wat gelewer word ten opsigte van tyd, geld, status en ander bydraes om te konformeer. Dit is die sosiologiese eweknie van die ego in die psigoanalise. Elke rolspeler in die gesin (man, vrou en kind) is verbind tot die sukses en doelbereiking (geen gesinsgeweld) van die groter geheel naamlik die huisgesin.


- Betrokkenheid (involvement): Betrokkenheid verwys na deelname aan gemeenskapsaktiwiteite binne die regte wettige raamwerk. Gesinslede jaag nie onopgemerk bymekaar verby in die jaagtog van die lewe nie,

maar raak betrokke by mekaar. Elkeen stel die ander se voorkeure en begeertes voorop. Uiteindelik wen almal daarby.

- Oortuiging (belief): Oortuiging verwys na die implementering van die konvensionele waardesisiteem in 'n persoon se lewenswyse. Daar word geargumenteer dat die verswakking van hierdie waardesisteem om watter geldige redes ookal, uiteindelik daartoe sal lei, dat die individu se kanse heelwat groter sal wees om by misdaad betrokke te raak. Daar moet dus gewaak word teen die gronderosie van waardes. Dit is een ding om kennis te hê maar totaal anders om dit toe te pas. Dit is hier waar oortuiging 'n onmiskenbare rol te speel het. Oortuiging veroorsaak dat gesinslede mekaar respekteer omdat daar geglo word dat alles deel van 'n groter geheel is. Daarom handel die persoon uit hoofde van persoonlike oortuiging om  sin vir sy persoonlike maar uiteindelik ook sy gesin se doelwitte te vind.

Hirschi oorweeg 'n verskeidenheid van variasies van die bogenoemde elemente, maar teoretiseer dat die een nie belangriker as die ander is nie. Daar bestaan egter 'n moontlikheid dat dit wel kan gebeur onder bepaalde omstandighede.

**Diagram 3.7.1 Diagrammatiese voorstelling van Hirschi se teorie**



In diagram 3.7.1 word kortliks verduidelik wat Hirschi bedoel met die belangrikheid van die sosiale instellings soos die skool, kerk, ouerhuis en sosiale agente. As daar 'n verbrokkeling van hierdie verhoudings plaasvind sodat dit uitendelik verbreek word, voel die adolessent afgesny en beland hy op die pad van jeugmisdaad. Vir dieselfde redes egter, sou gesinsgeweld ook geïmpliseer kon word, wanneer gesinslede se verhoudings met hulle sosiale omgewing en mekaar skipbreuk lei. Kortom, as 'n mens niks meer het om voor te lewe of iemand het om te respekteer nie, kan daar maklik geredeneer word dat niemand sal omgee as ek my tot gesinsgeweld wend nie. Die instandhouding van sosiale verhoudinge is dus baie belangrik.

Aangesien interaksie met die skool, kerk en gesin van kritiese belang vir die karakterbou van elke individu in terme van verhoudinge is, word die onderskeie faktore wat 'n rol speel in die kousaliteit van misdaad oor die algemeen, maar ook spesifiek met betrekking tot gesinsgeweld, verder bespreek voordat die reaksieteorieë aan die beurt kom.

### 3.7.2 Drie belangrike konvensionele instellings

Die belangrike konvensionele instellings wat hier bespreek gaan word is, die kerk, huisgesin en die skool.

#### Die Kerk

Daar heers groot belangstelling in die kriminologie oor die vraag of daar enige korrelasie bestaan tussen deelname aan godsdiensaktiwiteite, wat die vestiging van oortuigings insluit en kriminele gedrag daarteenoor. Jensen en Rojek, (1980) in Shoemaker (1984:163) verwys na teenstrydige resultate wat hieroor gedokumenteer is.

Misdadigers is oor die algemeen minder betrokke by godsdiens. Glueck en Glueck, 1950, (Shoemaker, 1984:163) se vergelykende studie van twee groepe

(i) 500 jeugmisdadigers en
(ii) 500 nie-misdadigers het getoon dat:

- Minder as veertig persent van die 500 jeugmisdadigers was gereelde kerkgangers.

- Meer as 67 persent van die 500 nie-misdadigers was gereelde kerkgangers.

Ook Nye (Shoemaker 1984:163) kom tot dieselfde gevolgtrekking. Nye se navorsing het veral bevestig dat waar huisgesinne saam kerktoe gaan en deelneem aan die aktiwiteite, daar 'n noemenswaardige afname in jeugmisdaad en gesinsgeweld is.

Travis Hirschi en Rodney Stark, 1969 (Shoemaker,1984:164) het ernstig tot die debat toegtree met hulle publikasie getiteld "Hellfire and Delinquency". Hulle gebruik 4,000 junior en senior Kaliforniese hoërskoolstudente asook polisie rekords en vind die volgende:

- Daar is min of geen ooreenkoms tussen kerkbywoning en wetsgehoorsaamheid of aanvaarding van morele waardes nie.

- Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen kerkbywoning en geloof in die bonatuurlike.

- Daar is ʼn sterk omgekeerde verwantskap tussen die aanvaarding van morele waardes en respek vir wet en orde.

- Daar is nie ʼn verwantskap tussen die voorkoms van kriminele gedrag en kerkbywoning nie.

In teenstelling met Hirschi en Stark (Shoemaker 1984:165) het Burkett en White asook Paul Higgins en Gary Albrecht in 1977 onomwonde bewys dat die hele kwessie van godsdienstigheid, kerkbywoning en ander verwante aspekte, ʼn groot inhiberende invloed tot die voorkoms van alle soorte misdade in ʼn samelewingsopset het. Ook Jensen en Rojek (Shoemaker 1984:166), het in 1980 met hul navorsing oor verdowingsmiddels bevestig dat daar ʼn beduidende korrelasie tussen godsdiens en misdaad in ʼn samelewingsorde is, ten opsigte van ʼn toename daarvan by die afwesigheid van betrokkenheid by godsdiensaktiwiteite of ʼn afname wanneer individue of gesinne by godsdiens betrokke is. Hulle ondersteun dus vir Higgins en Albrecht.

Hoe daar ookal na die saak gekyk word, bly dit steeds belangrik om kennis te neem van die feit dat die algemene navorsingsbevindinge ʼn definitiewe korrelasie beklemtoon. Godsdiens as behoudende faktor het ʼn remmende invloed op misdaad.

**Die huisgesin**

Platt, 1977 (Shoemaker 1984:167) wys op vroeë negentiende eeuse navorsing deur groepe soos die "Child-Saving Movement" tot op hede wat fokus op die gesin as ʼn belangrike bydraende en sentrale faktor met betrekking tot die voorkoming of kousaliteit van misdaad. Ander navorsers soos Karen Wilkinson (Shoemaker 1984:167), het teenstrydighede uitgewys. Sy voel dat ideologiese

voorkeure van navorsers, politieke standpunte, verskille tussen sosioloë en sielkundiges se benaderings en die nadelige uitwerking wat egskeiding op kinders het, ook ingereken moet word, wanneer kousaliteit ter sprake is.

Gesinstruktuur sowel as die aard van verhoudings binne die gesin is belangrik. Wat gesinstruktuur aanbetref is die volgende belangrik:

- dood
- egskeiding óf
- huisverlating.

Wat verhoudings aanbetref:

- konflik tussen die ouers
- die ouer-kind-verhoudinge
- tipe ouerskapstyl wat gebruik word
- dissipline en die toepassing óf afwesigheid daarvan.

Haskell en Yablonsky 1982 (Shoemaker 1984:168) ondersoek neigings tot misdaad by kinders uit huise wat deur egskeiding, dood of huisverlating onvolledig gelaat is en vind die volgende:

- kinders uit gebroke huise 23.6 persent tot 61.5 persent en
- kinders uit stabiele huise 12.9 persent tot 36.1 persent.

Ook Rosen en Neilson (1978) voeg hulle by die siening dat daar 'n beduidende ooreenkoms tussen manlike oortreders en gebroke huisgesinne is (Shoemaker 1984:168).

Sheldon en Eleanor Glueck, se studie in 1950 bevind dat:

- sestig persent van alle jeugmisdadigers uit gebroke huisgesinne kom.

Die Gluecks (1950) (Shoemaker 1984:170) konsentreer ook op die volgende bydraende faktore ten opsigte van kinders uit volledige gesinne:

- dissipline deur die vader (oormaat, foutief of afwesigheid daarvan)
- toesighouding deur die moeder
- gesindheid teen oor die seun deur die vader
- gesindheid teenoor die seun deur die moeder en
- samehorigheid van die gesin.

Austin & Krisberg (1982) betrek werkende ouers ook as 'n veroorsakingsfaktor tot jeugmisdaad deur te sê: " There is some evidence that delinquency is more common among the children of parents who both work outside the home" (Conklin 1989:255).

Courtwright sluit aan by die algemene siening dat die gesinslewe krities ten opsigte van voorkomingsperspektief is as hy sê: "Families rather than governments are the first and best line of defense against violent and disorderly behavior" (Courtwright 1996:279).

**Die skool**

Daar word nie altyd besef watter groot invloed die skool, op die hele misdaadproblematiek in ons samelewing het nie. Kinders word gevorm, gemotiveer en beslis ook beïnvloed om eendag 'n sinvolle bydrae tot die samelewing te maak. Ongelukkig is die skool ook dikwels die plek wat in gebreke bly om 'n positiewe bydrae tot die kind se toekomstige sukses te maak.

As kinders eers in die skool negatief beïnvloed word, dan is daar 'n bose kringloop aan die gang gesit in die samelewing wat baie groter reperkussies het as wat ooit besef kan word.

Hirschi (Shoemaker 1984:172) vergelyk gebondenheid aan die ouers met gebondenheid aan die skool. Ook Empey en Lubeck vergelyk 482 jeugmisdadigers met 185 wetsgehoorsame jeugdiges en vind dat gebroke huise, gesinsharmonie/disharmonie, ouer-kind verhoudinge sowel as skolastiese faktore duidelik beduidend is met betrekking tot kousaliteit.

Bandura (Bartol & Bartol 1986:158) vra die baie geldige vraag: "Why do some people behave aggressively when intensely frustrated while others change their tactics, withdraw or seem not to be affected? One major factor may be past learning experiences... This learnig process begins in early childhood. Children develop many behaviors merely by watching their parents and significant others in their environment, a process we have called modelling or observational learning. A child's behavior pattern therefore is often acquired through the modeling or imitation of other people, real and imagined in the child's environment". Die Bartols onderstreep met hierdie woorde die uiterste waarde van gesonde en gebalanseerde gesinsdinamika. Kinders wat aan geweld blootgestel word in gesinsverband, sal eenmaal ook geweld as 'n probleemoplossingsopsie gebruik wanneer hulle groot en in die huwelik bevestig is.

Vervolgens kom die reaksieteorieë aan die orde.

## 3.8 Sosiale reaksie-teorieë

Vervolgens word die bydraes van die etiketterings- en konflikteorieë ten opsigte van die verklaring van gesinsgeweld ook nader toegelig.

### 3.8.1 Etiketteringsteorie

Navorsers wat etikettering gebruik om misdaad te verklaar, doen dit vanuit 'n heel ander perspektief as wat gewoonlik in die kriminologie ter sprake is. In plaas van om te konsentreer op die individuele afwykende, word geredeneer, moet daar veel eerder gelet word op die reaksies wat mense toon op afwykende gedrag.

In 'n neutedop kan die etiketteringsteorie opgesom word as: "... die basiese argument van etikettering kom daarop neer dat voortgesette misdaad die gevolg is van beperkte geleenthede vir aanvaarbare gedrag wat die resultaat is van negatiewe reaksies van die samelewing ten opsigte van daardie persone wat gedefinieer (geëtiketteer) word as oortreders" (Joubert 2001:157). As kampvegter vir etiketteringsteorie beskryf Lemert in 1951 die twee begrippe (i)primêre en (ii) sekondêre wangedrag (Shoemaker, 1984:180).

**Primêre afwykings**

Dit verwys na die oorspronklike dade van non-konformiteit wat deur enige van 'n verskeidenheid faktore veroorsaak word. 'n Persoon steel byvoorbeeld iets uit 'n winkel en word nie betrap nie óf hy bestuur onder die invloed, maar word nie gearresteer nie. Alhoewel die daad baie verkeerd is en as sodanig bestempel word, word die persoon (oortreder) nie noodwendig as boos beskou en sodanig

geëtiketteer nie. Primêre oortredings is egter nie krities van aard nie, omdat die oortreder se selfbeeld nie in die gedrang kom nie.

**Sekondêre afwykings**

Dit verwys na wangedrag wat voorkom as gevolg van 'n swak selfbeeld en swak sosiale interaksie. Hierdie gedrag kom herhalend asook sigbaar voor en word aan sosiale-reaksie strafmaatreëls onderwerp (Joubert 2001:158).

### 3.8.2 Uitgangspunte

Joubert (2004:157) stel die volgende basiese aannames van teoretici wat hierdie denkskool in die kriminologie ondersteun:

**Interaksie tussen verskeie faktore**

Etikettering gaan van die basiese standpunt uit dat die aanvanklike voorkoms van wangedrag by individue, gevind kan word in die interaksie tussen 'n verskeidenheid faktore — insluitende ras, geslag, Ouderdom en sosiale klas..

**Etikette deur die gemeenskap lei tot misdaad**

'n Tweede aanname van die teorie is dat mense kriminele gedrag toon omdat hulle etikette dra wat deur die gemeenskap om hulle nekke gehang word.

**Etikette lei tot swak selfbeeld en herhaling van wangedrag**

Derdens, kom herhaalde voorvalle van wangedrag by die individu voor omdat die persoon se selfbeeld getemper word deur mense vanuit die gemeenskap wat gedurig etikette om hulle nekke hang. Uiteindelik tree hulle dan daarvolgens op.

### 3.8.3 Toepaslikheid op gesinsgeweld

Die etiketteringsteorie is wyd gepubliseer en word met groot sukses deur krimimoloë oor 'n breë perspektief erken. Daar word heelwat lig gewerp op die voorkoms van misdaad by mense en dieselfde kriteria kan ook vir gesinsgeweld geld.

Die konsep van primêre afwykings — 'n eerste voorval van gesinsgeweld — se vermoë is twyfelagtig as 'n verklaarder van gesinsgeweld.

Die konsep van sekondêre afwykings het meer verklaringskrag in terme van gesinsgeweld — daar het meer voorvalle gemanifesteer en is met strafsanksies ondersteun.

Uit die aard van die saak kom die standpunt dat misdaad — dus ook gesinsgeweld — deur slegs 'n kombinasie van 'n veeltal faktore verklaar word, logieserwyse ondersteun word. Dit maak ook induktief en deduktief sin om te argumenteer dat, wanneer iemand eers as 'n gesinsgeweldenaar ge-etiketteer is, hy of sy meer geneig sal wees om volgens dié etiket op te tree.

- Etikettering — Mense in die samelewing is geneig om etikette aan mekaar toe te ken — ook in gesinsverband — die bekende skoonma-sindroom; die skoondogter; die stiefpa of die stiefkind ensovoorts. As hierdie etikette

verkeerdelik en negatief hanteer en beleef word, volg konflik en dikwels is dit konflik met rampspoedige gevolge. Dit verduidelik waarom daar so baie onmin in huisgesinne en uiteindelik ook gesinsgeweld voorkom.

- Primêre afwykings – dit is gewoonlik dié stadium waartydens die verhoudingsprobleme in die gesin nog nie na die oppervlak gekom het nie. Dit beteken egter nie dat dit nie teenwoordig is nie. Die etikette is reeds om die nek gehang en doen ernstige benadelingswerk. Gewoonlik hoor die bure, familie en polisie ongelukkig eers daarvan as die bom reeds gebars het. In die soeke na voorkoming en verklaring van gesinsgeweld, kan die konsep "primêre faktore" nie geïgnoreer word nie.

- Sekondêre faktore – die letsels is reeds daar. Die skade is gedoen (die vrou se oë is blou, die meubels is gebreek, die koppies en pierings is stukkend). Hierdie fase van die dinamika van die geweldsiklus kan help om probleme vinnig op te spoor en vas te vat.

- Selfbeeld – Etikettering lei tot selfbeeldprobleme. Selfbeeldprobleme lei tot swak kommunikasie. Gesinslede se geluk word gebalanseer op die kwaliteit van die kommunikasie tussen hulle. Hierdie aspek van die teorie is dus selfverduidelikend.

## 3.9 Konflikteorie

Daar blyk 'n paar interessante raakpunte tussen etikettering en konflikteorieë te wees. Waar etikettering met interaksie en reaksie te doen het, fokus konflikteorie op die politieke wese van misdaad. Konflikteoretici ondersoek die skepping en toepassing van kriminele wetgewing. Daar word gesoek na die verwantskap tussen misdaad en die stryd tussen individue en groepe aan die hand van mag.

Daar word tweërlei van aard met konflikteorie deur navorsers omgegaan. Sommiges soek na die oorsake van die konflik, terwyl ander poog om 'n teoretiese basis vir voorkoming te skep.

### 3.9.1 Uitgangspunte

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat konflik en nie konsensus nie, 'n samelewing kenmerk. Volgens Williams en McShane (1994:81) is konflik: "... 'n tydelike toedrag van sake, maar die aanwending van mag om konsensus te bewerkstellig en te handhaaf, is die kernprobleem wat ondersoek moet word". (Joubert 2001:164)

Schmalleger (Joubert 2001:167) sluit hierby aan en beskryf die volgende sleutelelemente van die konflikteorie:

- Die samelewing word uit diverse sosiale groepe (geslag; sosiale klas;) saamgestel. Hiervan is die reënboognasie van Suid-Afrika 'n goeie voorbeeld.

- Definisies oor reg en verkeerd, asook morele oortuigings en gedrag verskil van groep tot groep. Hiervan is PAGAD (People Against Crime and Gangsterism), 'n goeie voorbeeld van die grys area wat tussen reg en verkeerd bestaan.

- Dit is onvermydelik dat groepe met mekaar in konflik sal kom aangesien daar 'n kompetisie aan die gang is om groter mag, rykdom en erkenning te kry. Etnisiteit, geslag en sosiale klas is betekenisvolle bydraers tot die konflik.

- Daar word geredeneer dat politieke mag die sleutel is tot rykdom. Die fundamentele oorsaak van groepkonflik is die uitoefening van politieke mag.

- Die instrument waarmee politieke mag "beveilig" word is die regsinstellings. Die reg is dus die gereedskapstuk waarmee die mag instandgehou moet word. Die reg verleen toegang aan skaars kommoditeite vir sommige mense en weerhou selfs toegang vir ander daartoe.

- Diegene in 'n magsposisie is uiteraard ingestel om dit ten alle koste te behou.

- Daar is drie aspekte wat aan mekaar gekoppel is in die stryd wat gevoer word oor skaars goedere naamlik geld, mag en invloed. Hierdie drie aspekte bevoordeel juis diegene wat dit het om in 'n dominante posisie oor ander te bly. Hulle lê die reëls van die spel neer, oefen beheer oor die reëls van die samelewingsspel uit en ontwerp die strafmaatreëls. Dit geskied alles ten koste van ander mense.

Dit is 'n komplekse proses wat kortliks daarop neerkom dat die magsgroep beheer uitoefen oor die waardes wat die bestaande magsorde ondersteun deur die minderbevoorregdes te mislei met die illusie dat alles wat deur die magsdraers ("haves") gedoen word, die wil van die mense ("have-nots") is.

### 3.9.2 Toepaslikheid op gesinsgeweld

Enige vorm van misdaad is uiteindelik noodwendig ook konflik, fisies óf emosioneel. Hierdie konflik kom voor in 'n verskeidenheid gesigte, intensiteit en

word deur verkillende faktore veroorsaak. Die konflikteorie soos hierbo beskryf, fokus op geld, mag en status.

Daar is talle voorbeelde in ons navorsingsondersoek vir hierdie werkstuk, wat geld, mag en status met gesinsgeweld verbind. Talle mense het in gesinsgeweld betrokke geraak as gevolg van geld en status. Die oorwegende norm is steeds dat die man in 'n gesagsposisie geplaas word. Met die opkoms van die feminisme het dit egter 'n groot probleem geword en loop dikwels in gesinsverband op ernstige konflik uit.

Konflikteorie ondersteun dus die aanname dat geld, status en mag 'n kousale rol in die veroorsaking van gesinsgeweld speel. Baie van die "maghebbers" is juis mans. Dikwels is die emansipasie van die vrou ook verantwoordelik vir die omruiling van hierdie gesagsrolle en konflik is aan die orde van die dag, omdat die man bedreig voel in sy tradisionele "domein". In die gesin word hierdie bedreiging dikwels die meeste ervaar.

Hierdie situasie is dus selfverduidelikend ten opsigte van gesinsgeweld.

### 3.10 Slotbeskouing

Daar is in hierdie hoofstuk gepoog om gesinsgeweld beter te probeer verstaan aan die hand van besprekings oor die strukturele teorieë soos die ekologie en die anomieteorie. Daar is bevind dat die misdaadekologieteorie nie baie verklaringskrag het in terme van gesinsgeweld nie. Verder is wel geargumenteer dat die anomieteorie tot op sekere hoogte in staat is om gesinsgeweld te verklaar — en wel in terme van byvoorbeeld anomiese innovasie en anomiese rebellie.

Wat die prosesteorieë soos die differensiële assosiasie en sosiale gebondenheid aan betref, is bevind dat differensiële assosiasie nie maklik gebruik kan word in die verklaring van gesinsgeweld nie. Sosiale gebondheid het wel meer verklaringskrag in terme van gesinsgeweld.

Wanneer die teorieë wat 'n kombinasie van struktuur- en prosesteorieë (reaksieteorieë) oorweeg word, soos etikettering en die konflikteorie, kom dieselfde tendens na vore. Logiese redenasie wat op die kenmerke en uitgangspunte van ook hierdie teorieë gebaseer is, kom nie te ver in terme van die verklaring van gesinsgeweld nie. Etikettering kan wel "terugwerkend" verklarend werk en die feit dat die geweldenaar in gesinsgeweld as die "maghebber" beskou kan word, gee tot 'n mate insig in die mate waartoe die konflikteorie gesinsgeweld kan verklaar.

Daar is eklekties gewerk en daarom is slegs sekere aspekte wat op die onderwerp van ons studie naamlik gesinsgeweld, betrekking het geïdentifiseer. Daar is ook gepoog om die raakpunte met de verklaring van gesinsgeweld uit te wys.

Ten einde verder te probeer deurdring na die verklaring van gesinsgeweld, word in **hoofstuk 4** uitsluitlik aandag geskenk aan sekere aspekte van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie van Seligman. Vir die doel van hierdie navorsing is dit as die beter teorie beskou om gesinsgeweld mee te verklaar.

# HOOFSTUK 4

# DIE AANGELEERDE HULPELOOSHEIDSTEORIE

## 4.1 Inleiding

Een van die pogings om antwoorde op die vele vrae oor die verklaring van gesinsgeweld te bekom, was die formulering van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid deur Seligman. Seligman het reeds in 1967 die hipotese saamgestel maar die oorspronklike weergawe daarvan amptelik in 1975 die lig laat sien. Die teorie is in 1978 deur Abramson en Teasdale geherformuleer (Peterson & Seligman 1983:103). 'Aangeleerde hulpeloosheid' is 'n frase wat normaalweg met vrouemishandeling binne die raamwerk van die huwelik geassosieer word (Miller 2001:1). In hierdie hoofstuk word die teorie van Seligman beskryf as die basis waarvolgens gesinsgeweld — en nie slegs vrouemishandeling nie — met meer presiesheid verklaar kan word. Die uiteensetting begin met 'n kort historiese agtergrond van die teorie waarná die kenmerke en misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan daarna beredeneer word.

## 4.2 Die oorsprong en ontwikkeling van die teorie

Aanvanklik is konsep van aangeleerde hulpeloosheid in 1967 deur die navorsers Overmier en Seligman ontwerp (Peterson, Maier & Seligman 1993: Preface). Hulle het dit gebruik om die beplande ontsnapping van honde in 'n laboratorium te beskryf wat aan onkontroleerbare skokke blootgestel is (Abramson, Garber & Seligman 1980:3).

'n Latere modifikasie is aan die teorie aangebring deur Seligman en Maier. Hoewel die oorspronklike teorie gefokus het op die gedrag van katte en honde en selfs later ook op rotte, is dit in 1974 deur Hirato na die menslike gedragswetenskappe oorgedra. 'n belangrike bevinding met diere wat hulpeloos gemaak is deur middel van onbeheerbare gebeure, is dat hulle minder aggressief geword het (Peterson *et al.* 1993:110).

Aanvanklik is aangeleerde hulpeloosheid dus sistematies beskryf deur navorsers van dieregedrag, wat beweer dat honde wat blootgestel word aan nie-ontwykbare elektriese skokke, binne 24 uur na die spesifieke voorvalle verskeie gedragsdefekte aangeleer het. "First, these dogs evidenced a motivational deficit, initiating few attempts to escape. Second, they showed a cognitive deficit, failing to profit from an occasionally successful response, as if they did not 'notice' that their responses indeed terminated shock. Third, these dogs had an emotional deficit, passively enduring the shock without signs of overt emotionality" (Peterson & Seligman 1983:106).

Dit is ook bekend dat verskillende soorte diere as navorsingsobjekte gebruik is om die voorkoms van aangeleerde hulpeloosheid te bestudeer. Overmier (1968) asook Seligman, Maier en Geer (1968) beskryf situasies waar honde gebruik is. Thomas en Balter in (Padilla, Padilla, Ketterer & Giacolone 1970), verwys egter ook na navorsing met katte, (Braud, Wepman & Russo 1969), na navorsing met visse asook na Maier en Testa (1975) na navorsing waar rotte hiervoor gebruik is (Miller & Norman 1979:93).

Ten spyte van die aanvanklike agtergrond van studie oor dieregedrag, het die verskynsel van aangeleerde hulpeloosheid later uitgekring na 'n wye verskeidenheid verklarings vir menslike gedrag met betrekking tot psigosomatiese siektes soos maagsere, reaktiewe depressie en kinderontwikkeling (Miller & Norman 1979:93). Die konsep is ook aangewend om lig te werp op die belewenis en reaksies van die (vroulike) slagoffer, tydens geweld/misdaad teen haar. Dié navorsing het bevind dat vroue meer geneig is om hulpeloosheid aan te leer as mans.

Aangeleerde hulpeloosheidsteorie is 'n leerteorie. Dit handel oor aangeleerde response. Die kernargument van die teorie is dat — diere en mense — passief word omdat hulle (aan)geleer het reaksie is futiel. Aangeleerde hulpeloosheid se hipotese is: diere — en mense — gee nie op / gooi nie handdoek in nie — hulle respons is onder toestande wat hulle as magteloos ervaar — om nie te reageer nie (Peterson *et al.* 1993:9-10).

Wanneer die teorie op menslike gedrag toegepas word, speel slagofferskap 'n dominante rol. Peterson en Seligman, onderskeidelik van die Universiteite van Virginia en Pennsylvania in die VSA, het dit gebruik om 'n teorie te ontwerp om die hele situasie rondom slagofferskap te verklaar. Hulle sê: "…victims may learn during the victimization episode that responding is futile. This learning is represented as an expectation of future response-outcome independence (helplessness)" (Peterson & Seligman 1983:103). Hierdie teorie staan bekend as die aangeleerde hulpeloosheidsteorie. Dit plaas die fokus veral op die passiewe rol van die slagoffer tydens misdaadviktimisasie.

Barber (1986:560) vat die hooffokus van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie goed saam deur daarna te verwys as die sielkunde van die magtelose, wat insig verleen in die wêreld van die arme, verdrukte, minderbevoorregte, agtergeblewene, en die gestremde. Kortom, dit het betrekkking op almal wat op 'n gereelde basis gekonfronteer word met situasies waaroor hulle geen beheer het nie, veral ook in die gesinsopset (Barber 1986:561).

Geselekteerde aspekte van die kenmerke van die teorie word vervolgens ontleed met die oog op die toepassing daarvan in die verklaring van gesinsgeweld.

### 4.3 Uitgangspunte van die teorie

Die uitgangspunte van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie hou verband met gebrekkige (deficits) denke, gevoelens en handelinge — asook met dié wat sulke agterstande (deficits) produseer, naamlik blootstelling aan gebeure wat onbeheerbaar is vir die ontvanger. Dit hou ook verband met die ingewikkelde en komplekse mislukkings tot aanpassing by situasies (Peterson *et al.* 1993: 99).

Die uitgangspunt van die teorie hou ook verband met sake soos die drie kernaspekte daarvan (kognisie, motivering en emosie), die slagoffer se onvermoë tot suksesvolle handeling wat daaruit voortvloei, persoonlike, universele en algemene magteloosheid, depressie as gevolg van al hierdie fasette en ander faktore soos stres. Dit moet duidelik

gestel word dat hierdie aspekte slegs vir akademiese doeleindes onderskei word sodat die aard van die teorie duidelik beskryf kan word, want eintlik lei die drie kernaspekte, naamlik kognisie, motivering en emosie, tot al die ander manifestasies van aangeleerde hulpeloosheid.

### 4.3.1 Kognisie, emosie en motivering

Die teorie is op die aanname gebaseer dat daar by mense – wanneer hulle gekonfronteer word met dinge wat hulle nie kan beheer nie – drie aspekte van menswees geaktiveer word. Dit is naamlik 'n motiveringsaspek, 'n kognisie- en 'n emosie-aspek.

Wanneer mense met onvoorsiene gebeurtenisse (gebeurtenisse wat hulle nie kan beheer nie) gekonfronteer word, leer hulle kognitief dat hulle nie iets daaraan kan doen nie, hulle pas emosioneel daarby aan en word só gedemotiveer om enige effektiewe handeling teen die onbeheerbare gebeurtenis uit te voer. Wanneer hierdie kognisies, emosies en motiverings geaktiveer is, bestaan aangeleerde hulpeloosheid (Maier & Seligman 1976:3).

Peterson *et al.* (1993:8) verduidelik hierdie kernkonsepte van die teorie soos volg: "Contingency refers to the objective relationship between the person's action and the outcomes that he then experiences. The most important contingency here is uncontrolability ... Cognition refers to the way in which the person perceives, explains, and extrapolates the contingency... Behavior refers to the observable consequences of (non) contingency and the person's cognitions about it." Hulle gaan voort om te verduidelik dat in die tipiese geval van aangeleerde hulpeloosheid mense se passiwiteit in geselekteerde situasies intree. In die geval van hierdie navorsing verwys passiwiteit dan na die feit dat vroue misdade teen hulle passief "aanvaar" skynbaar sonder om (effektief) daarteen te kan reageer.

Uit hierdie kort verduideliking is dit ook duidelik dat die konsep 'slagoffer' 'n dominante rol speel in hierdie teorie.

### 4.3.2 Magteloosheid

Hierdie kenmerk hou daarmee verband dat die persoon wat hulpeloosheid aangeleer het, die onvermoë ervaar om effektief op te tree. Die slagoffer voel onmagtig of magteloos. Seligman (1975:23)sê tereg (aangeleerde) hulpeloosheid ontneem die organisme van die motivering om te reageer

Miller en Norman (1979:95) wys daarop dat die literatuur wat betrekking het op die gedragsverandering wat meegebring word deur die blootstelling aan situasies wat aangeleerde hulpeloosheid of magteloosheid veroorsaak, die konseptualisering ondersteun dat aangeleerde hulpeloosheid 'n gedragsdefek is in die konteks van probleemoplossing.

Dit kom kortliks daarop neer dat aangeleerde hulpeloosheid in werklikheid die slagoffer se onvermoë is om tot sinvolle aksie oor te gaan. Dit beteken by implikasie dat die slagoffer, wanneer 'n misdaad teen hom/haar gepleeg word, nie in staat is om die aanvaller/misdadiger teë te staan of om hom/haarself te verweer nie.

Sue en Sue (Louw *et al.* 1989:182) sê dat die basiese aanname van die teorie insake magteloosheid daarin lê dat kognisies en gevoelens van hulpeloosheid aangeleer word: "As iemand besef dat sy response slegs 'n minimale effek op die omgewing uitoefen, ontwikkel hy 'n verwagting van hulpeloosheid. Wanneer hierdie verwagting voorkom in situasies wat nie gekontroleer kan word nie, kan passiwiteit en uiteindelik depressie, die resultaat wees". Abramson, Seligman en Teasdale (1978:50) se praktiese uitgangspunt is dat die persoon wat magteloos staan teenoor 'n situasie, hom/haarself sal afvra waarom dit so is. Die afleiding wat sy maak, sal dan bepaal of daar algemene of chroniese tekortkominge uitgewys word, en ook die invloed op sy/haar selfbeeld bepaal.

Gebaseer op die uitgangspunte en kort omskrywing van die teorie, sal vir die doel van die navorsing die volgende kenmerke onderskei en verder toegelig word:

- persoonlike magteloosheid
- geïnternaliseerde verplaasde magteloosheid
- universele magteloosheid
- algemene magteloosheid en
- depressie.

## 4.4 Aanames

### 4.4.1 Persoonlike magteloosheid

Wanneer ′n persoon nie in staat is om ′n doel (soos wetsgehoorsaamheid; die uitleef van aanvaarbare norme) te bereik nie, en daar interne faktore soos onbevoegdheid voorkom, word daar gepraat van persoonlike magteloosheid. Individue wat hierdie gedrag openbaar, glo dat hulle nie hul probleme wat eintlik oplosbaar is, self uit die weg kan ruim nie (Abrahamson *et al.* 1978:54). Hiervan sê Cilliers, Grobbelaar, Jacobs, Labuschagne, Pretorius en Van der Hoven (1986:16), dat dié aspek van persoonlike magteloosheid ook onderskryf word deur die begrip "mislukking", wat op sy beurt weer die begrippe "interne en eksterne magteloosheid" insluit.

### 4.4.2 Geïnternaliseerde verplaasde magteloosheid

Peterson *et al.* (1993:112) beskryf die verskynsel van die oordraagbaarheid van aangeleerde hulpeloosheid by mense as verbasend. Dit kom daarop neer dat mense kan aanleer om hulpeloos op te tree deur slegs waar te neem dat iemand anders onbeheerbare gebeurtenisse beleef. Dit is eintlik 'n tweedehandse aanlering of die internalisering van iemand ander se magteloosheid. Kortweg gestel kan mens sê dis modellering. Dit het 'n sterk kognitiewe basis.

### 4.4.3 Universele magteloosheid

In terme van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie het universele magteloosheid die volgende werking: "…wanneer 'n stresvolle situasie ontstaan, maar die individue glo dat niemand onder die bepaalde omstandighede iets aan die saak kan verander nie (universele hulpeloosheid weens eksterne gebeure), sal die persoon minder geneig wees om simptome van hulpeloosheid of depressie te ontwikkel" (Louw *et al.* 1989:183).

Persone wat van mening is dat nóg hulleself nóg belangrike ander persone die situasie sal kan verander, is tipies van hierdie fenomeen. 'n Eksterne lokus van beheer is ter sprake en daar is 'n lae suksesverwagting (Abramson *et al*. 1978:54).

### 4.4.4 Algemene magteloosheid

Wanneer hulpeloosheid in een situasie aangeleer is, word dit nie na alle ander situasies toe oorgedra nie. Aangeleerde hulpeloosheid is tydgebonde. Nietemin, wanneer iemand kognitief oortuig is dat die onbeheerbare gebeurtenis of situasie wyd verspreid voorkom, ( dit wil sê dit word veroorsaak deur dinge wat algemeen voorkom), sal die aangeleerde hulpeloosheid veralgemeen word (Peterson *et al.* 1993:113).

Waar magteloosheid oor 'n wye spektrum voorkom, staan dit bekend as algemene magteloosheid. Die magtelose persoon glo "…dat hy in teenstelling met ander mense nie die probleem kan oplos nie (persoonlike hulpeloosheid weens interne faktore). Hy voel hulpeloos, sy eiewaarde sal verlaag en depressie sal ontwikkel. Die aard van die depressie sal dan ook grootliks daarvan afhang of die persoon sy toestand aan 'n globale of spesifieke oorsaak toeskryf, en of die oorsaak persoonlik of universeel is" (Louw *et al.* 1989:183).

Dis duidelik dat die teorie van aangeleerde hulpeloosheid ook leer dat persoonlike, algemene en universele magteloosheid – of 'n kombinasie daarvan – lei tot depressie. Dié stelling is gebaseer op Seligman (1975:40) se uitspraak dat aangeleerde hulpeloosheid nie net motiveringsaspekte alleen nie, maar ook kognitiewe en emosionele gedragsaspekte het. Daarom kan dit ook tot depressie lei.

### 4.4.5 Depressie

Navorsing insake die misdaadverklaringsmoontlikhede van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid het ook op die effek van depressie weens aangeleerde hulpeloosheid gefokus. Depressie is 'n wye begrip wat betrekking het op wisselende gemoedstoestande en chroniese ongesteldhede. Daar kan hoofsaaklik drie tipes depressie onderskei word, naamlik die normale, eensydige en veelsydige tipes (Peterson *et al.* 1993:182).

Peterson en Seligman (1983:107) beweer in hul navorsing dat aangeleerde hulpeloosheid die kern vorm van depressie. Die oorsake, simptome asook oplossings vir aangeleerde hulpeloosheid stem verbasend ooreen met die simptome en oplossings vir depressie. Hulle het bevind dat die volgende sake wat met aangeleerde hulpeloosheid verband hou, wel 'n rol ten opsigte van depressie speel:

- Gebrek aan motivering, lae selfbeeld, kognitiwiteit en provokasie, beïnvloed depressie.
- 'n Depressiewe persoon se verwysingsraamwerk maak daarvoor voorsiening dat geen respons die waarskynlikheid van die situasie sal verander nie.
- Globale stabiliteits- en minderwaardigheidsfaktore bepaal die algemeenheid en chroniese karakter wat aanleiding gee tot aangeleerde hulpeloosheid.
- Die graad van depressie word bepaal deur die sterkte van die onbeheerbaarheid van die situasie.

Op grond van bogenoemde aannames kan die volgende kenmerke van die teorie kortliks toegelig word:

## 4.5 Kenmerke

### 4.5.1 Stres, kognisie en intensiteit

Maier en Watkins (1998:2) beweer dat blootstelling aan stresfaktore of -situasies direk aanleiding gee tot 'n afname in aktiwiteit en belangstelling in die sosiale omgewing. Dit bring mee dat aangeleerde hulpeloosheid verder versterk word. Dit wil egter voorkom asof daar ander situasies is wat geen effek het op persoonlike gedrag tot die effek waar dit aanleiding gee tot depressie nie. Dit blyk egter duidelik dat die intensiteit van die situasie wel 'n kousale faktor kan wees (Maier & Watkins 1998:2).

Kelly, in aansluiting by Abramson *et al*. (Peterson & Seligman 1983:108) beweer dat mense logies optree in ooreenstemming met hul oortuiginge. Teoretici soos Layes, Nisbetten Wilson (Peterson & Seligman 1983:108) bevind dat oorsaaklikheid nie in 'n vakuum verskuil is of daarin gebeur nie. Hulle vra:

- Waarom tree verskillende mense verskillend op in dieselfde situasies?
- Waarom is sommige mense hulpeloos terwyl ander dit nie is nie?
- Waarom maak 'n sekere situasie een persoon depressief terwyl 'n ander een skaars notisie daarvan neem?

Die antwoord hierop lê volgens genoemde skrywers in die uniekheid van elke persoon se persoonlikheid en in sy of haar kondisioneringsgeskiedenis opgesluit – en dit het weer op sy beurt 'n invloed op die aanleer van hulpeloosheid.

Stanley en Maddux (1986:268) verwys na Coyne en Gotlib (1983) wat fokus op 'n kognitiewe benadering ter verklaring van die aangeleerde-hulpeloosheidsverskynsel. Hoewel verskeie pogings vanuit die psigo-analitiese, gesinsisteem-, gedragsielkundige en fisiologiese benaderings gevolg is ter verklaring van die probleem, blyk die nuutste tendens te wees om vanuit 'n kognitiewe perspektief daarna te kyk. Stanley en Maddux (1986:268) ondersteun Beck (1967, 1976) in sy bekende teorie oor kognitiewe depressie hierin.

Peterson en Seligman (Stanley & Maddux 1986:270) wys op die bestaan van twee konsepte, naamlik kontroleerbaarheid en nie-toevalligheid, in die dinamika van depressie asook situasies wat aangeleerde hulpeloosheid tot gevolg het. Abramson *et al.* (Stanley & Maddux 1986:270) is verder gemoeid met die kontroleerbaarheid van negatiewe resultate in 'n situasie. Die manier waarop hierdie situasie deur die betrokkene beleef en hanteer word, het baie te doen met die kognitiewe prosesse uniek aan elke persoon.

Kortweg kom dit daarop neer dat die intensiteit van die stres die persoon se kognisie (kennis en begrip) van 'n situasie rigtingewend raak en beïnvloed – en dit kan maak dat hy of sy hulpeloosheid aanleer tot op die punt waar hy of sy 'n slagoffer van aangeleerde hulpeloosheid word of is.

Vervolgens word die reaksies van verskillende individue op viktimisasie na aanleiding van aangeleerde hulpeloosheid, van naderby ontleed.

### 4.5.2 Viktimisasie

Persone met aangeleerde hulpeloosheid reageer op 'n spesifieke wyse op viktimisasie. Wanneer 'n persoon geviktimiseer word, is die implikasies en die komplikasies daarvan verreikend. Dit blyk nie slegs fisiese (onmiddellike) verliese soos byvoorbeeld verlies aan besittings of eiendom of die opdoen van beserings te wees nie, maar spesifiek en veral die sielkundige na-skokeffek wat prominent is. Peterson en Seligman (1983:104) sê hiervan: "Victimization involves not only immediate suffering such as loss of money in a robbery or physical injury in an assault, but also lasting effects that can be attributed to the psychological impact of the episode. Numerous such reactions have been documented. Among the most common are a set of behaviors reflecting emotional numbness and maladaptive passivity."

Só ondervind verkragtingslagoffers dikwels 'n gevoel van wanaanpassing, disoriëntasie, selfmoordneigings, 'n verlies aan selfvertroue, en verontwaardiging. Die sogenaamde RTS (Rape Trauma Syndrome) manifesteer by hulle. Burgess en Holmstrom (Peterson &

Seligman 1983:104) verwys soos volg hierna: "After an acute phase comprised of the immediate physical reactions of the victim and rape trauma syndrome, the victim shows a long term reaction that may involve passivity". Hierdie passiwiteit dui die rigting aan na aangeleerde hulpeloosheid en maak die paadjie daarvoor oop.

Verskillende tipes slagoffers ervaar verskillende tipes reaksies op hulle situasies, hoofsaaklik vanweë die subjektiwiteit van persoonlikhede. Slagoffers van padongelukke se familie ervaar byvoorbeeld magteloosheid, bitterheid, haat en woede teenoor die persoon of persone wat vir hulle verlies verantwoordelik was. Slagoffers van diefstal en inbraak ervaar selfverwyt omdat hulle volgens hulleself, nie voldoende voorsorgmaatreëls getref het om die misdade waardeur hulle groot skade gely het, te voorkom nie.

Daar is 'n baie interessante fenomeen in die viktimologie, naamlik dat daar direkte sowel as indirekte slagoffers voorkom. Direkte slagoffers is direk betrokke by die gebeure, terwyl indirekte slagoffers indirek betrokke is deurdat hulle die gevolge moet dra van dit wat met die direkte slagoffer(s) gebeur het. Só kan kinders wie se ouers vermoor is indirekte slagoffers word van die misdaad wat teen hulle ouers gepleeg is. Hiervolgens word vroue wat verkrag is, se gesinslede die indirekte slagoffers terwyl die vroue self die direkte slagoffers is. Vroue wat beroof word, is direk in 'n situasie van geweld betrokke, terwyl die verlies aan geld haar naasbestaandes indirek kan beïnvloed. Wanneer beide direkte en indirekte slagofferskap by herhaling voorkom, kan dit logieserwyse lei tot die aanlering van hulpeloosheid.

### 4.5.3 Geslagsrolkultuur

Walker (1978:528) identifiseer verder ook nog die geslagsrolkultuur as bydraend tot aangeleerde hulpeloosheid by vroue, maar spesifiek by daardie vroue wat slagoffers van misdaad geword het. Radloff (1975) wys daarop dat vroue meer geneig is tot aangeleerde hulpeloosheid as mans, en Chessler (1972) voer aan dat getroude vroue en tuisteskeppers

meer geneig is tot depressie as wat die geval is met ongetroude vroue en beroepsvroue (Walker 1978:529).

### 4.6 Toepassing op gesinsgeweld

Teen die agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van die teorie, die kenmerke daarvan, word die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan – in terme van gesinsgeweld – vervolgens beredeneer. In hierdie verband word daar eerstens stilgestaan by die drie komponente in die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie, naamlik

- persoonlike
- algemene en
- universele magteloosheid.

Vroue bied dikwels – veral in gesinsverband – nie weerstand wanneer hulle aangerand word nie. Dit kan verklaar word in terme daarvan dat hulle gesosialiseer is tot die rol van die magtelose in die huweliksituasie. Dit het waarskynlik te make met hulle (universele) tradisionele sosialiseringsproses.

Vroue word in die samelewing gekondisioneer dat hulle (uitlokkende) kleredrag die rede is waarom hulle aangeval word — veral in die geval van verkragting. Hierdie mite laat die vroue in 'n dubbele dilemma. Aan die een kant word van hulle verwag om sogenaamd 'sexy' aan te trek, en aan die ander kant word hulle daarvan beskuldig dat dit is omdat hulle "te sexy" aangetrek het dat hulle verkrag is. Die vroue word langs hierdie weg in 'n algemene posisie van magteloosheid gelaat.

Juis die ondergeskikte posisie waarin vroue hulleself oor die algemeen en tradisioneel ten opsigte van mans bevind, dra daartoe by dat hulle 'n onvermoë ondervind om tot daadwerklike positiewe aksie oor te gaan, wanneer hulle wel slagoffers van misdaad word. Dikwels is hulle ook nie ingelig oor hulle regte in hierdie verband nie.

Hierby aansluitend word vroue ook geleer dat hulle die fisiek swakkere geslag is en buitendien nie effektief weerstand sal kan bied wanneer hulle aangeval of verkrag word nie. Dit ondersteun die universele magteloosheid wat met aangeleerde hulpeloosheid gepaardgaan.

Persoonlike magteloosheid is ook duidelik ter sake in situasies van gesinsgeweld. Dit word aan vroue voorgehou dat hulle die misdaadsituasie goed moet kan lees. Indien hulle dit verkeerd doen, kan hulle die oorsaak wees daarvan dat die misdadiger meer aggressief raak. Dan sou dit die vrou 'se skuld' wees dat daar meer gewelddadig opgetree word. Sulke argumente dra by tot die gevoel van persoonlike magteloosheid by vroue tydens misdaadsituasies.

Logiese beredenering bring mee dat die antwoord op meeste van hierdie vrae daarop dui dat daar elemente van magteloosheid teenwoordig is wat 'n rol kan speel by aangeleerde hulpeloosheid. Hierdie aspekte word almal ondersteun deur die kognitiewe sosialisering van beide mans en vroue. Die bekendheidsaspekte dra daartoe by dat vroue veral emosioneel onmagtig voel en uiteindelik nie effektief in viktimisasiesituasies optree nie.

Nietemin behoort elke saak van gesinsgeweld volgens eie meriete behandel te word. Dus moet elemente soos onder andere persoonlike opvattings,waardesisteme, toleransiedrempel en provokasie, nie buite rekening gelaat word wanneer voorvalle van gesinsgeweld in terme van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie verklarend beredeneer word nie. Genoemde faktore kan juis nog verdere redes en oorsake wees vir vroulike slagoffers se passiwiteit tydens viktimisasie.

Die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie kan dus wel sommige van die vrae rondom die verklaring van gesinsgeweld beantwoord. Meer spesifiek kan die volgende argumente in terme van die toepassing van aangeleerde hulpeloosheid op gesinsgeweld in terme van die drie tipes magteloosheid, aangevoer word:

### 4.6.1 Persoonlike magteloosheid

Dis is voor-die-hand-liggend dat baie aspekte van gesinsgeweld in terme van persoonlike magteloosheid as aspek van aangeleerde hulpeloosheid verklaar kan word. Dit is immers duidelik dat mense wat slagoffers van misdaad in gesinsverband is, nie self die probleem uit die weg kan ruim nie. Dit is immers waarom daar geweld in die gesin voorkom – daar bestaan 'n problem wat die gesinslede meen hulleself nie op 'n ander as 'n gewelddadige wyse kan oplos nie. Dit kan in Suid-Afrika moontlik aan die patriargale gesinstelsel toegeskryf word waarin manlike dominansie in die gesin, politiek, kerk, skool en die openbare lewe in die algemeen, die norm is. Dit kan maak dat veral vroue aangeleer het – deur middel van sosialisering – dat hulle ook ten opsigte van misdade wat teen hulle gepleeg word, magteloos staan. Dit is besonder van toepassing wat gesinsgeweld aanbetref. Die vrou voel dit is reg 'om stil te' bly en nie 'teen haar man in opstand te kom' nie.

Nietemin moet opgemerk word dat daar egter deesdae 'n al sterker invloed van sommige nie-regeringsorganisasies uitgaan om vroue te bemagtig om teen die oortreders wat hulle benadeel, op te tree.

### 4.6.2 Algemene magteloosheid

Algemene magteloosheid kan ook gebruik word om gesinsgeweld te verklaar. Dit gebeur dat persone wat slagoffers van gesinsgeweld geword het, nie eens die moeite doen om dit aan te meld nie omdat hulle oortuig is dat daar niks van sal kan kom nie, omdat dit so algemeen voorkom. Die opvatting dat gesinsake 'privaat' is en dat die polisie nie daarby moet of mag inmeng nie, ondersteun die opvatting van algemene magteloosheid verder in die verklaring van gesinsgeweld. Gesinslede ervaar ook dikwels dat hulle self nog verder verneder sal word wanneer hulle 'n misdaad wat teen hulle gepleeg is, aanmeld. Dit staan in verband met die gedagte dat mens mos in staat moet wees om jou eie "privaat" probleme in gesinsverband te kan oplos.

### 4.6.3 Universele magteloosheid

Die aspek wat na universele magteloosheid verwys, kan ook gebruik word om die gesinsgeweld te verklaar. Die feit dat meeste vroue geleer word dat hulle van mans afhanklik is, kan verklaar waarom hulle nie teen die mans optree wanneer hulle slagoffers word van mans wat misdade teen hulle pleeg nie. Dit kan ook verklaar waarom hulle — minstens tot in die onlangse verlede — geneë was daarmee om maar te swyg wanneer hulle slagoffers van geweldsmisdaad in gesinsverband was. Die kennis wat hulle tydens hul sosialiseringsproses opgedoen het, het hulle in emosionele magteloosheid laat verval sodat hulle nie gereed kon kom om 'n ander effektiewe gedragsoort (wat beter sou wees as passiewe aanvaarding) teen die misdade te loods nie. Die aangeleerde magteloosheid in die situasie van gesinsgewelddadigheid dra daartoe by dat sulke slagoffers self minder selfhandhawend optree. Die probleem ontstaan egter om 'n verduideliking te gee wat met mans en kinders gebeur wat ook slagoffers van gesinsgeweld word, aangesien dit nie slegs vroue is wat probleme kry nie.

## 4.7 Negatiewe punte wat soms geopper word

Uit die aard van ons bestudering van hierdie teorie, is dit duidelik dat daar sekere probleme voorkom rakende die toepaslikheid daarvan. Faktore soos die volgende is ter sake volgens Peterson en Seligman (1983:110):

- Aangeleerde-hulpeloosheidspatrone volg nie noodwendig op elke situasie waarin viktimisasie in gesinsverband voorkom nie.

- Die werklikheid van situasies in die praktyk verskil beduidend van dié in die laboratoriumopset. Kognitiewe denke speel 'n rol tydens die werklike situasie, terwyl stereotiepe denke in die laboratoriumopset 'n rol speel. Kognitiewe en stereotipe denke verskil beduidend van mekaar.

- Waarde-oordele word verwaarloos ten gunste van oppervlakkige empiriese berekeninge.

- Belangrike faktore soos persoonlike opvattings, waardesisteme en toleransiedrempel word nie in berekening gebring nie.

- Die onderskeid tussen beheer oor versus beheer in 'n situasie word nie bevredigend aangespreek nie. Hieroor sê Lacey (Peterson & Seligman 1983:112): "...helplessness theory and research have failed to distinguish between two important aspects of control: control of a situation versus control within a situation".

- Die teorie gaan mank aan 'n vermoë om bevredigend aandag te gee aan grensgevalle (Barber 1986:564).

Peterson Seligman (Cilliers *et al.* 1986:20) rapporteer ook die volgende probleme rondom die toepasbaarheid van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie:

- Daar kan nie beheer uitgeoefen word oor wat in 'n mens se gemoed plaasvind tydens 'n traumatiese ervaring nie.

- Die stimulus-responsverskynsel kán voorkom as 'n situasie homself herhaaldelik sou voordoen. Dit kan egter nie effektief gebruik word nie wanneer gesinsgeweld slegs een keer of enkele kere in 'n slagoffer se lewe manifesteer. Die slagoffer kry dus nie oefening om sy/haar reaksies in 'n situasie op te skerp nie, aangesien sy nie vooraf weet dat sy 'n slagoffer gaan wees nie.

- Kognitiewe faktore soos byvoorbeeld die individu se interpretasie van die gevolge, óf die vermoë om haar slagofferskap te kan verwerk, word nie deur die teorie aangespreek nie.

- Die feit dat provokasie ʻn rol kán speel, word nie gemeld nie.

- Barber (1986:566) vat dit goed saam: "The most serious limitation is implicit in the constant qualification that learned helplessness theory does not apply to all manifestations of human depression. The expectation of uncontrollability, we are told, is a sufficient but not necessary explanation of depression".

**4.8 Positiewe punte**

Die teorie het nie staties gebly nie maar is verwerk en herskryf. Dit dra steeds in kontemporêre konteks ʻn dinamiese karakter en neem ʻn belangrike plek in in die viktimologie diskoerse. Die herformulering van die teorie dra daartoe by dat selfs voorspellings gewaag kan word rondom die tipe slagoffer, hul gedrag sowel as die tipe reaksies wat mag volg.

Verder is die toepassing van die aangeleerde hulpeloosheidsteorie terapeuties beduidend omdat dit terapeuties-vriendelike eienskappe openbaar. Dit is moontlik omdat daar weg beweeg word van die abstrakte.

**4.9 Slotbeskouing**

In hierdie hoofstuk is daar indringend gekyk na die oorsprong, toepassing en ontwikkeling van die nou reeds bekende teorie van Seligman wat tydens die sewentigerjare ontwikkel is.

Die kernaspekte van die teorie is bespreek. Die positiewe en negatiewe kritiek daarop is uitgewys en die misdaadverklaringsmoontlikhede daarvan is beredeneer. Deur middel van logiese redenering, induksie en deduksie is geargumenteer dat die uitgangspunte van magteloosheid, kognisie, emosie en motivering wel verklarend aangewend kan word ten opsigte van gesinsgeweld.

Die aannames van die teorie, naamlik persoonlike magteloosheid, geïntegreerde verplaasde magteloosheid, universele en algemene magteloosheid, kan ook aangewend word om gesinsgeweld se voorkoms te verklaar. Dit is nie duidelik of depressie — wat 'n uitvloeisel van aangeleerde hulpeloosheid is – gesinsgeweld kan verklaar nie. Stres, kognisie en intensiteit asook viktimisasie en die geslagsrolkultuur, kan eweneens gebruik word om insig te bekom in die verklaring van gesinsgeweld.

Dit spreek vanself dat geen teorie, hoé wetenskaplik ook al, aanspraak durf maak op foutloosheid nie en ook nie in staat is om alle aspekte van slagofferskap te kan verklaar nie. Hoewel hierdie teorie 'n wye toepassing het, is daar ook sekere beperkinge uitgewys.

In **hoofstuk 5** gaan ons fokus op die aspekte van regspleging en bekamping van gesinsgeweld.

# HOOFSTUK 5

# DIE BEREGTING VAN GESINSGEWELD

## 5.1 Inleiding

Misdaad oor die algemeen moet deur ʼn effektiewe polisiëring- en regstelsel bekamp word. Misdaad in terme van gesinsgeweld is eweneens belangrik en regspleging behoort ʼn prioriteit vir ʼn pro-aktiewe voorkomingstrategie ook te wees. Sherman, Schmidt en Rogan (1992:25) sê tereg in hierdie verband dat geweld gepolisieër moet word, hetsy binnenshuis of elders.

Daar word dikwels gesê dat gesinsgeweld (veral misdade teen vroue) ʼn private aangeleentheid is. Pahl (1985:97) wys daarop dat die ideologie van privaatheid in die Weste ʼn uitvloeisel is van die middel- tot laat negentiende-eeuse wetgewing in Engeland en Wallis. Hiervolgens is die huis ʼn private plek wat verhewe is bo inmenging van buite. Meer sinies gesproke is dit ʼn plek waar die man sy patriargale magte kan beoefen sonder beperkinge van buite. Daarom het hierdie (foutiewe) argument staanplek verwerf, naamlik dat die polisie en howe dus nie behoort in te gryp in misdade wat binne gesinsverband plaasvind nie. Seddon (1993:9) bevestig dié wanopvatting deur te sê dat dit soms beweer word dat geweld teen vroue ʼn privaat aangeleentheid is en dat dit onvanpas vir buitestaanders is om betrokke te raak.

Seddon (1993:9) wys egter daarop dat daar wêreldwyd ʼn groeiende belangstelling in die probleem van gesinsgeweld is deurdat regspleging hieroor meer gefokus word op:

- strenger wetgewing
- opvoedingsveldtogte
- advertensie
- skrywe van artikels

- beriggewing en
- wye bewusmaking van die breër publiek deur middel van die media.

In hierdie hoofstuk is die fokus veral op beregting en op die rol wat regspleging kan speel in die bekamping van gesinsgeweld. Vir die doel van hierdie navorsing is die fokus op die situasie in Suid-Afrika. Oorsigtelike data uit die buiteland is egter ook ter sake ten einde die aard van die beregting van gesinsgeweld in perspektief te stel. Die klem is op polisiëring en daar word ook na die hofproses asook na straf en rehabilitasie verwys.

## 5.2 Benadering tot regspleging

Dit is belangrik om die regte benadering tot regspleging te volg omdat gesinsgeweld 'n ernstige samelewingsprobleem is wat om regspleging roep. Drie belangrike konsepte wat meehelp om lig te werp op die benadering tot regspleging in die laat modernistiese tydperk word uitgewys deur Valier (2002:173). Dit beskryf die prosesse wat in ons samelewing aan die gang is en wat direk of indirek gekoppel kan word aan gesinsgeweld as samelewingseuwel. Hierdie drie konsepte is:

### 5.2.1 Reflektiewe modernisasie

Hiervolgens word geargumenteer dat ons ons nou in 'n tipies reflektiewe samelewingstydperk bevind waar die norm wat voorgehou word, een is van afhanklikheid van sogenaamde deskundiges. Hiervolgens beteken 'n toename in kennis nie noodwendig 'n toename in sekuriteit (in hierdie geval beskerming teen gesinsgeweld) nie. Daar moet dus in 'n toenemende mate op die deskundiges se kennis staatgemaak word.

### 5.2.2 Detradisionalisasie

Hierdie konsep verwys na die proses waardeur die lewe elke dag vanuit tradisie benader word. Dit beïnvloed die wyse waarop mense oor hulleself dink en verhoudings bou met

persone uit hulle sosiale omgewing**.** Die gedagtegang is dat tradisie met neo-individualisme vervang moet word.

Dit baan die weg vir die verdwyning van ou tradisies en gewoontes. Individue word aan 'n baie groter verskeidenheid keuses (in terme van waardes en norme) blootgestel. Hulle moet kies watter tipe lewe hulle wil lei, te midde van 'n ooraanbod van verwarrende inligting asook die afnemende invloed van die oú stabiliserende tradisies en waardes.

Dit is uiters belangrik om hiervan kennis te neem aangesien die gesinslewe en waardesisteme tradisioneel baie anders daar uitgesien het as die sogenaamde geliberaliseerde, geëmansipeerde, sekularistiese en dikwels ateïstiese samelewing waaraan die moderne mens as gesinslid blootgestel word.

### 5.2.3 Ontologiese onsekerheid

Hierby aansluitend dui die konsep ontologiese onsekerheid op 'n toestand waar elke individu — insluitende die potensiële gesinsgeweldenaar — ervaar dat die daaglikse lewe 'n geweldige bedreiging is. Sosiale antogonismes word vergroot en verhoudings met ander mense in die sosiale omgewing is nie beveredigend nie maar kommerwekkend. Dit blyk dat die samelewing gekompliseerd en uiteindelik riskant raak vir mense om daar te wees. Vrees kry oral vasstrapplek. Die oorspronge (ontos) en grondslae van bestaande dinge word betwyfel deur die inwerking van ontologiese onsekerheid.

Konkreter toegepas verwys Valier (2002:177) hierna met die volgende woorde: "The underlying vison of mankind has changed from the accountable citizen to the irresponsible object of control. Breaches of law are no longer judged in terms of culpability but in terms of potential risks to the social order".

Oor die breër spektrum word ook minder toleransie met gesinsgeweld ervaar. Daar het sedert 1998 'n drastiese wending gekom het in die VSA rakende die optrede teen gesinsgeweldsmisdadigers. Die klem het verskuif sodat sodanige geweld nou beskou

word as ‘n misdaad teen die Staat. Dit word dus nie langer gesien as slegs ‘n private, huishoudelike dispuut nie. Polisie-agentskappe in 22 State van Amerika beskou dit nou in ‘n baie ernstiger lig wanneer daar misdaad in gesinsverband gepleeg word, en die regs- en politieke lui het wetgewing ooreenkomstig aangepas (Sherman *et al.* 1992:2). Selfs geringe liggaamlike beserings soos knyp, byt, hare trek, krap, kan anders as in die verlede, onmiddellike arrestasie tot gevolg hê en lei dikwels tot tronkstraf by skuldigbevinding, al was dit ′n eerste oortreding. Arrestasies het daarom toegeneem – met 70 persent vanaf 1984 tot 1998 (Sherman *et al.* 1992:3).

Waar gesinsgeweld dus in die verlede deur die gemeenskap se houding as ′t ware gedegradeer is tot ‘n welsynsaangeleentheid, het daar in die huidige konteks ‘n klemverskuiwing plaasgevind. Die klem val deesdae op die feit dat misdaad teen vroue sowel as mans niks anders is nie as ‘n skending van menseregte. Hierdie klemverskuiwing bring mee dat wetgewing, polisiëring, opvoeding en ander noodsaaklike dienste wat nodig sal wees om in die behoeftes van die betrokke slagoffers te voorsien, nou ook die verantwoordelikheid van die staat sal wees (Bunch & Carillo 1992:3). Daar is ‘n duidelike verskuiwing weg van die tradisionele sienswyse hieroor, na ‘n debat wat toenemend op menseregte gerig is.

Teen hierdie agtergrond is dit nodig om te besin oor wie almal by die reg(spraak) betrokke is in gevalle van gesinsgeweld.

### 5.3 Regsbetrokkenheid

Garbarino en Eckenrode (1997:196) vra die baie interessante vraag: “Wie is betrokke by regspleging?”. Moet daar nie veel eerder gevra word: “Wie moet betrokke wees by regspleging nie?”. Dit kan persone soos die volgende insluit:

- die vriend
- die buurman
- die familielid

- die predikant
- die skoolhoof
- die huisarts
- die polisieman en
- die prokureur.

Dit kom eintlik daarop neer dat die hele gemeenskap by die probleem van gesinsgeweld betrek behoort te word. Die probleem van die toegang tot die gesin in nood bly egter problematies omdat daar norme is wat formele polisiëringstoegang afkeur (Garbarino & Eckenrode 1997:196).

Die antwoord blyk daarin te lê dat daar 'n algehele integrasie van mikro-, meso- en makro-sisteme in regsplegende inspraak — veral by voorkoming van gesinsgeweld — moet wees. Dit is egter veel makliker gesê as gedaan, aangesien die praktyk en die teorie ligjare van mekaar verwyder is. Kortom, daar blyk nie kitsoplossings beskikbaar te wees vir die probleem nie.

Daar moet 'n agenda geskep word, deur verantwoordelike persone en instansies vir sosiale hervorming, wat reg sal laat geskied aan getuienis, morele beginsels, en gesinne wat in nood is weens gesinsgeweld. Hierdie kombinasie sal dan uiteindelik lei tot die vorming van 'n sosiale gewete, wat die gemeenskap sal noop om beter oplossings vir die regsplegingsproblematiek te soek.

Wanneer regspleging ter sprake kom, voel Novitz (1996:13) tereg dat daar fundamentele veranderinge oor die hele spektrum van die gemeenskap noodsaaklik is, ten einde die probleem effektief aan te spreek. Sy sê dat gesinsgeweld 'n sosiale en sielkundige probleem is wat slegs effektief aangespreek sal kan word wanneer die gemeenskap 'n fundamentele houdingsverandering oor die algemeen ondergaan. Pahl (1985:98) sluit hierby aan en wys daarop dat daar 'n groot gaping is tussen die geskrewe wet enersyds en die toegepaste wet andersyds. Hy verwys verder na die kompleksiteit van die wet en die menslike onvermoë om wetlike oplossings toe te pas.

Regspleging (in gevalle van gesinsgeweld) behoort volgens Novitz (1996:13) te fokus op:

- Verpligte berading aan die oortreder, asook gesinsberading

  Gesien teen die agtergrond van die hoë voorkoms van gesinsgeweld in ons samelewing, behoort hierdie aspek dringend aandag vanaf owerheidsweë te kry. Gewoonlik is dit egter só dat die oortreder nie juis beskikbaar wil wees vir berading nie. Die regsplegingsgesag behoort dit egter afdwingbaar te maak na gelang van die erns van die oortreding. Gesinslede (kinders word ook ingesluit) word erg getraumatiseer deur die geweld. Daar behoort op 'n professionele wyse na hulle emosionele behoeftes en algemene psigiese toestand aandag gegee te word.

- Verpligte arrestasie

  In die verlede het oortreders té maklik weg gekom. Soms was hulle vriende met die polisiemanne wat wet en orde ook wat gesinsgeweld aanbetref moes handhaaf. My prognose is egter dat waar daar ernstige gesinsgeweld voorkom, behoort arrestasie die enigste alternatief te wees sonder 'n keuse van 'n boete of borgtog totdat die hofsaak afgehandel is.

- Kriminele vervolging

  Uit die aard van die tipe misdaad (gesinsgeweld) behoort dit altyd 'n kriminele saak te wees en nie ontaard in 'n siviele geding waar die vrou as gevolg van finansiële oorwegings ook ten opsigte van regspleging, aan die kortste end moet trek nie.

- Siviele aksies

Die deur moet ook oopgelaat word vir siviele aksies waar nodig. Dikwels word slagoffers van gesinsgeweld sodanig beseer dat daar jare se sielkundige en liggaamlike letsels agterbly. Die oortreder moet bereid wees om daarvoor te betaal en langs regsweë bereid gemaak word.

- Interdikte

Dit moet dien as 'n werklike ingrype teen 'n potensieel gevaarlike situasie. Regspleging behoort ernstig hierop te fokus. Die dokumentasie alleen kan nie die betrokke slagoffers beskerm nie. Behoorlike polisiëring is noodsaaklik.

### 5.4 Regspleging in Suid-Afrika

In Suid-Afrika vind regspleging van gesinsgeweld oor 'n wye front deur verskillende rolspelers plaas, vanweë die omvattendheid van geweld binne gesinsverband en weens die multi-dissiplinêre benaderingswyse wat by die misdade ter sake is. Dit sluit veral die werk van die polisie, die howe en korrektiewe dienste in.

#### 5.4.1 Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD)

Die Suid-Afrikaanse Polisie Diens handel met gesinsgeweld op grond van:

- Die Wet op Gesinsgeweld No. 116 van 1998.
- Gesinsgeweld Regulasies 1999.
- Nasionale Instruksies oor Gesinsgeweld 7/1999 en
- Staande Orders.

Vir die doel van hierdie navorsing, word die volgende van bogenoemde aspekte kortliks toegelig. Wanneer voorvalle van gesinsgeweld aangemeld word moet lede van die SAPD volgens die regulasies en instruksies wat vir hulle neergelê is:

- Omsien na die veiligheid van die slagoffer/s.

  Hulle kan 'n arrestasie uitvoer indien dit nodig blyk te wees as gevolg van volgehoue aggressie en dreigemente. Die polisiebeampte mag sy eie diskressie gebruik na gelang van die erns van die situasie. Vuurwapens kan gekonfiskeer word vir veilige bewaring en indien dit nodig blyk te wees, kan die lisensie permanent opgeskort word. Hulle kan ook die slagoffer vergesel na familie, neem vir mediese behandeling of toesien dat die buurt gepatrolleer word as die hoof van die huis gearresteer en die gesin alleen tuis gelaat is.

- Verklarings afneem

  Verklarings word afgeneem volgens 'n staande prosedure by 'n aanklagkantoor en sluit data soos ouderdom, ras, geslag, tyd, datum en besonderhede van die voorval in. Indien daar beserings opgedoen is tydens die voorval, moet daar 'n mediese verslag by die verklaring aangeheg word. Die saak teen die oortreder is ook heelwat sterker as daar ooggetuies was.

- Arrestasie doen waar nodig

  Wanneer 'n persoon ander persone in sy onmiddelike omgewing se veiligheid of eiendom bedreig, vereis die wet dat hy gearresteer moet word. Verbale en telefoniese dreigemente word in 'n ernstige lig beskou.

- Stappe neem om 'n herhaling van soortgelyke voorvalle te voorkom

Die slagoffer moet permanent verwyder word indien daar geen oplossing vir die probleem blyk te wees nie. Daar moet 'n beskermingsbevel deur die hof op die oortreder beteken word wat hom verbied om enige kontak met die slagoffer/s te maak. Daar moet verder professionele berading gedoen word deur persone of instansies wat speialiseer in trauma. Die Kerk moet gekontak word om die gesin by te staan en die probleem moet onder die aandag gebring word van maatskaplike werkers of werksters. Indien daar geen ander alternatief is nie, moet die oortreder gearresteer word.

- Beslag lê op vuurwapens waar die situasie dit vereis

Enige dreigement of vorm van 'n dreigement om die gesin leed aan te doen behoort in 'n baie ernstige lig beskou en as sulks hanteer te word. Selfs al sou daar geen dreigemente wees nie, sou dit volgens my prognose die beste wees om in elk geval op die wapens beslag te lê in enige gesinsgeweldsituasie, totdat daar met sekerheid bepaal is dat dinge genormaliseer het.

- Reël vir mediese behandeling van die slagoffer

Wanneer die slagoffer sodanig beseer is dat mediese behandeling vereis word, moet die persoon geneem word dat hy/sy deur 'n distriksgeneesheer ondersoek kan word. Daar is verskillende opsies as gevolg van 'n wye verskeidenheid hospitaalplanne en mediese fondse. Uiteindelik kan die oortreder by skuldigbevinding gedwing word om vir die mediese kostes te betaal. By gebrek hieraan, moet die beseerde/s van staatshospitale gebruikmaak.

- Die slagoffer se wettiese regte aan hom/haar verduidelik

  Omdat menseregte oral deesdae oorbeklemtoon word, is dit 'n regstegniese feit dat selfs die oortreder sekere regte het. Hierdie regte moet deur die polisiebeampte wat hom arresteer aan hom voorgehou word en sluit aspekte soos die volgende in: (i) sy reg om regshulp te kry; (ii) sy reg om aansoek te doen vir regsbystand deur die staat (iii) sy reg om 'n regverdige verhoor te kry (iv) sy reg om ten alle tye menswaardig behandel te word en (v) sy reg om te swyg indien hy dit verkies.

Omdat die SAPD gewoonlik die eerste persone is aan wie die probleem gerapporteer word, moet hulle fokus wees op:

- goeie dienslewering aan die slagoffer/s
- verlening van bystand aan die slagoffer/s om ingeligte besluite te neem en
- die slagoffer ten alle tye met waardigheid en selfrespek te behandel.

Die ideaal is om 'n polisiediens daar te stel wat nie net alleen bekwaam, streng en begripvol genoeg is ten opsigte van die probleem nie, maar veral ook beskikbaar genoeg.

### 5.4.2 Polisiëring

Teen agtergrond van die noodsaaklikheid van polisiëring word vervolgens gekonsentreer op die wyse waarop dit in gesinsverband plaasvind

- arrestasies,
- hofverskynings en die tipe strawwe wat ter sprake is, en
- rehabilitasieprogramme wat beskikbaar is.

Dit is voor die hand liggend dat misdade gepolisieer moet word. Gesinsmisdade moet egter nie slegs gepolisieer word in die algemene sin van die woord nie, maar daar

behoort dringende aandag gegee te word aan 'n meer "verbruikersvriendelike" benadering deur die polisie ten opsigte van die slagoffers van gesinsgeweld, waarop dit kan geskied (Kambula 2002: 72-74). Die professionalisme is nodig aangesien gesinsgeweld 'n ernstige, gekompliseerde en duur samelewingsprobleem geword het. Die polisiëring van gesinsgeweld sluit in die ondersoek van die misdaad, die arrestasie van die vermeende oortreder en die voorbereiding van die saak vir die hof.

### 5.4.3 Arrestasie

Een van die basiese pligte van enige polisiemag is om oortreders van die wet te arresteer en voor die hof te bring. Uit die aard van die saak is dit dan ook die polisie se plig om gesinsgeweldenaars te arresteer wat hulle woede-uitbarstings op huweliksmaats en ander gesinslede uithaal. Dit is egter baie moeiliker as wat die gewone mens op straat sou dink en besef. Dit is nie slegs 'n komplekse probleem nie, maar ook 'n sensitiewe een. Daar is dikwels kinders betrokke wat die ingrypende gevolge van onstabiele gesinsituasies emosioneel en skolasties moet verwerk. Daar is verder ook finansiële implikasies vir die hele gesin. Voeg hierby ook beroepskomplikasies asook vele ander faktore. Die feit is egter dat gesinsgeweld niks anders as misdaad is nie, en dit roep hardop om die toepassing van die strafmotiewe, insluitende vergelding, veral waar 'onskuldige mense' in die gedrang kom. Dit roep nie slegs die polisie, die vrouebewegings, die politici en die regslui op om tot aksie oor te gaan nie, maar ook elke lid van die gemeenskap.

Die misdaadondersoek en/of arrestasies in hierdie gevalle lei dikwels tot nog arrestasies omdat daar dikwels nog misdade betrokke is. Voris (Novitz 1996:4) wys daarop dat misdaad in die gesinsopset gewoonlik baie verder uitkring as wat aanvanklik geredeneer word. Navorsing (Novitz 1996:4), bevestig dat geweld wat deur ouers op mekaar toegepas word, in hulle kinders die effek het dat hulle dit ook eendag as 'n metode sal sien om hulle probleme op te los.

## 5.5 Landdroste

Landdroste funksioneer op grond van die Wet op Gesinsgeweld, No. 116 van 1998, Gesins Regulasies van 199 en die Konsepwetgewing: Riglyne vir die implementering van die Wet op Gesinsgeweld deur Landdroste, 2003. Landdroste moet oor die vermoë beskik om altyd:

- neutraal te bly
- onpartydig te luister na albei partye se kant van die saak
- besluit of daar redelike gronde vir vervolging is en
- toepaslike vonnisse oplê waar nodig.

Omdat die landdroste gewoonlik ook invloedryke persone met groot status in die samelewing is, kan die positiewe bydrae wat vanuit hulle beroepsveld gemaak word, nooit onderskat word nie. Gesinsgeweldenaars moet duidelik die boodskap kry dat daar nie met hulle gespeel sal word in terme van die regbank nie.

### 5.5.1 Aanklaers

Naby aan die landdroste, maar met 'n duidelik onderskeibare geïdentifiseerde, funksie wat vervul word, is daar aanklaers aktief in die regsomgewing. Hulle is betrokke as dienaars van die staat in al die howe vanaf gewone strafsake tot in die hooggeregshof.

Aanklaers funskioneer op grond van die Wet op Gesinsgeweld No. 116 van 1998 en die Nasionale Vervolgingsbeleidsvoorskrifte van 1998. Hulle het ten doel om:

- die slagoffer te beskerm teen 'n herhaling van gesinsgeweld
- toepaslike strawwe aan skuldiges op te lê
- die skuldige skuldig te laat bevind en
- 'n bydrae tot afname in voorvalle van gesinsgeweld te maak.

Dit is van groot belang dat daar goeie aanklaers moet wees. Dit vorm die kern van gesonde regspleging. As hulle hulle werk goed en reg doen, is daar uiteindelik groot sukses in die howe en word misdaad oor die algemeen en gesinsgeweld in die besonder in die kiem gesmoor.

### 5.5.2 Klerke van die hof

Klerke van die hof is gewoonlik aan die voorpunt wanneer daar vir interdikte aansoek gedoen word. Hiervoor is hulle behoorlik gemagtig deur die Wet op Gesinsgeweld No. 116 van 1998 en die Gesinsgeweld Regulasies van 1999.

Wanneer 'n slagoffer aansoek doen om 'n interdik moet die klerk van die hof toesien dat:

- die slagoffer in haar/sy taal bedien word en verstaan waarom dit gaan
- die slagoffer se regte aan haar/hom uitgespel word en
- vertroulikheid gewaarborg word.

Klerke van die hof speel duidelik 'n groot rol in die proses om gesinsgeweld te bekamp. In noue samewerking met hulle, is daar ook landdroste wat hulle eie afsonderlike funksie vervul. Saam vorm hulle 'n span en dit is uiteindelik in spanverband waardeur die oorwinning behaal word.

Ná die hofprosesse gefinaliseer is, kom die werk van die beamptes van die Departement van Korrekiewe Dienste ook ter sake.

## 5.6 Korrektiewe beamptes

Hulle werk in opdrag van die regering en adviseer die hof oor beskerming van die slagoffer, minimaliseer die risiko van gesinsgeweld in die gemeenskap en stel programme in werking om die oortreder te rehabiliteer. Dit word gedoen deur plasing van die oortreder in veskillende gevangenisse wat landwyd versprei is en behoorlike toesighouding met die oog op suskesvolle rehabilitasieprogramme.

In die korrektiewe opset is daar heelwat programme wat aangebied word om die misdadiger te probeer rehabiliteer. Korrektiewe dienste beskik oor eie departemente wat ingestel is om sielkundige-, maatskaplike- en opleidingsfunksies te behartig. Voltydse professionaliste in die verskillende studievelde hanteer die rehabilitasie doelwitte en waar daar nie oor die nodige kundigheid beskik word nie, word kundiges van buite af deur kontraktering bekom.

Daar word groot moeite aan die dag gelê om oortreders te betrek by wyse van

- groepsbesprekings
- individuele onderhoude
- videovertonings
- seminare
- opleidingsessies
- kursusse en
- literatuurverspreiding wat op die probleem van misdaad oor die algemeen fokus.

**5.7 Maatskaplike werkers van die staat**

Hulle lewer net soos die ander organisasies in diens aan die staat, 'n waardevolle diens deur die lewering van ekspert getuienis in hofsake om die skuldige skuldig te kry. Hulle

- hanteer verwysings na inrigtings
- verskaf inligting aan slagoffers oor hulle regte en plekke van veilige bewaring
- evalueer persone en situasies en
- stel 'n plan van aksie saam met die gesin óf individuele gesinslede op.

Heel dikwels is daar egter 'n groot tekort aan sosiale werkers om hierdie belangrike funksie in die proses van regspleging in Suid-Afrika te beman.

Maatskaplike werkers in die Departement Korrektiewe Dienste werk met die oog op die rehabilitasie van die gesinsgeweldenaars.

## 5.8 Die Onafhanklike Klagte Direktoraat (OKD)

Die Onafhanklike Klagte Direktoraat (OKD) het tot stand gekom en funksioneer volgens die SAPD Wet No. 68 van 1995. Die OKD ondersoek klagtes van persone soos die onder andere die volgende:

- lede van die publiek
- nie-regeringsorganisasies en
- SAPD lede wat nie volgens die neergelegde reëls optree nie.

Hulle monitor die proses van polisiëring en lê elke ses maande 'n verslag aan die Parlement voor met betrekking tot statistieke van polisielede wat vervolg is sowel as aanbevelings om polisiëring oor die algemeen te verbeter.

Alhoewel die OKD nie uitsluitlik vir die doel van gesinsgeweld tot stand gekom het nie, hou die OKD 'n beskermende oog oor die werksaamhede van die SAPD om toe te sien dat misdaad oor die algemeen asook gesinsgeweld as onderafdeling daarvan, reg hanteer word. Indien dit nie gebeur nie, sal die OKD die SAPD tot verantwoording mag roep daarvoor.

## 5.9 Gesondheidswerkers

Dit is bekend dat gesinsgeweld groot gesondheidsprobleme kan veroorsaak soos (Kambula: 2002:81)

- gehoorverlies
- gesigsverlies
- HIV

- depressie en
- post-traumatiese stres.

Die Wet op Gesinsgeweld No. 116 van 1998 definieer nie die rolle van gesondheidswerkers as sulks nie, maar klousule (4) 3 magtig persone in die gesondheidsberoepe om aansoek te doen vir interdikte namens pasiënte.

### 5.10 Nie-Regeringsorganisasies

Daar is heelwat nie-regeringsorganisasies (byvoorbeeld Life Line, Inter Trauma Nexus , People Against Women Abuse, Helpline ensovoorts) wat in die Suid-Afrikaanse samelewing funksioneer wat 'n bydrae lewer tot die beregting van gesinsgeweld. Hulle is ingestel op berading aan slagoffers, verwysing na professionele hulp, ondersteuning op verskeie vlakke van trauma, die oprigting en bedryf van trauma-eenhede en voorsiening van inligting aan slagoffers van gesinsgeweld. Hulle is ingestel op spesialisdienslewering.

### 5.11 Beskerming van die gesin

Polisiëring moet ten doel hê om alles moontlik te doen, ten einde die geweldenaar te help om sy gesin weer te herenig. Dit is egter nie die uitsluitlike taak van die polisie om dit te doen nie. Daar moet hulp vanuit ander professies en van die regering sowel as nie-regerings-organisasies wees (Kambula 2002:72-74).

Die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld No.116 van 1998, is opgestel om 'n meer effektiewe (polisiërings)sisteem te ontwerp wat geweld buite die howe kan aanspreek en gesinseenheid kan bewerkstellig en bevorder.

In die aanhef tot hierdie belangrike wet (Staatskoerant, 2 Desember 1998:3) word gesê: "Met erkenning dat gesinsgeweld 'n ernstige sosiale euwel is; dat daar 'n hoë voorkoms van gesinsgeweld in die Suid-Afrikaanse samelewing is... is die oogmerke van hierdie Wet om aan die slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen gesinsmishandeling te bied waarvoor die reg voorsiening kan maak en om maatreëls in te

stel wat daarop gemik is om te verseker dat die relevante staatsorgane ten volle uitvoering aan die bepalings van hierdie Wet sal gee, en sodoende dit duidelik te stel dat die Staat tot die uitskakeling van gesinsgeweld verbind is ".

Deeglike voorsiening word gemaak vir die toepassing van hierdie Wet deur die vervolgingsgesag en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens. Die maatreëls wat geld bewys die feit dat gesinsgeweld in 'n ernstige deur die regering beskou word. Maatreëls soos die volgende geld en alle rolspelers (Kambula 2002:65) moet hierby konformeer:

- Aanklaers mag nie weier om vervolging in te stel nie.

- Die Kommissaris moet dringende opdragte hieroor publiseer.

- Oortreders moet deur die polisie opgespoor,gearresteer en waterdigte sake teen hulle gevind word deur hoë kwaliteit dienslewering alvorens hulle na die howe toe gebring word.

- Omdat gesinsgeweld 'n kriminele oortreding is, moet die polisie volgens wet, toesien dat daar strafregtelik deeglik met die oortreder gehandel word.

- Slagoffers moet gehelp word om mediese aandag te kry waar nodig; inligting oor hulporganisies moet verskaf word en

- Dokumentering van sake (veral die veilige bewaring van dossiere) is 'n kritiese vereiste.

Vervolgens word die aspekte van die beskerming van die slagoffer bespreek.

## 5.12 Beskerming van die slagoffer

Wanneer gesinsgeweld sou voorkom, het die oorlewende of slagoffer slegs een van twee keuses, naamlik om óf te vlug óf te bly. As hy/sy sou weggaan, het dit implikasies vir die polisie, want hulle word deur die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld verplig om die slagoffer by te staan met die verkryging van nuwe behuising of om ten minste inligting te bekom waarmee die slagoffer in tyd van nood gehelp kan word.

In Pretoria is dit 'n bekende feit dat plekke van veiligheid asook ander fasilliteite uiters skaars is. Daar is wel uitreikaksies van instansies soos die Heilsleër, wat in Kaapstad 'n tehuis ingerig het vir mishandelde vroue. Daar is egter beperkte ruimte aangesien slegs 17 kamers beskikbaar is; die waglys is lank en die hulpverleningstydperk is slegs 3 maande. Dit laat ook nie die gevaar afneem van die moontlikheid dat die hele proses hom kan herhaal indien sy na haar man of haar huis sou terugkeer nie. Die Heilsleer beskik ook oor fasilliteite in Pretoria-Wes, wat op dienslewering aan die groter Pretoria ingestel is.

Alhoewel dit nie die hoofdoel van die polisie is om al hierdie sake namens die slagoffers te reël nie, is dit tog belangrik dat hulle hulself deeglik van die situasie sal vergewis.

Vervolgens word daar gelet op regsoorwegings maar spesifiek ook oplossings vir probleme waarmee slagoffers van gesinsgeweld gekonfronteer word.

## 5.13 Regsoorwegings en oplossings

Daar moet altyd onthou word dat alle optredes deur die polisie en die regstelsel bloot tydelik van aard is. Dit moet aangevul word met meer blywende uitweë. Sekere aspekte in hierdie verband word vervolgens kortliks toegelig.

### 5.13.1 Verpligte arrestasie

'n Beleid van summiere arrestasie (soos aanbeveel word deur die bekende Minneapolis Eksperiment in die VSA) is 'n ander manier om die probleem te polisieer. Novitz (1996:15) sê hieroor: "... getuienis bevestig dat die onmiddellike arrestasie die aantal aanrandings en moord substantief laat afneem." Ten spyte van kritiek wat teen die Minneapolis Eksperiment ingebring is, veral ten opsigte van die grootte van die steekproef en die omvang van die opvolgperiode van die deelnemers daaraan, is die positiewe en heilsame uitwerking wat arrestasie op oortreders gehad het, beklemtoon.

Sherman, Schmidt en Rogan (1992:19) wys egter op 'n paar dilemmas wanneer summiere arrestasie ter sprake kom, naamlik:

- Arrestasie kan in die een stad geweld laat afneem, maar kan in ander stede die oorsaak wees dat dit toeneem.

- Arrestasie verminder klaarblyklik geweld onder werkendes, maar vermeerder dit onder werkloses.

- Arrestasie verminder die geweldsoptrede op die kort termyn, maar verhoog dit in die lang termyn. Daar was byvoorbeeld 'n vermindering van 7persent tot slegs 2 persent in Milwaukee in 'n vergelykende studie binne drie maande, maar 'n toename van 50 persent oor die verloop van 'n jaar (Sherman *et al.* 1992:19).

Daar word egter kritiek gelewer in dié opsig dat daar gevoel word dat verpligte arrestasie beter kan werk waar dit 'n gekoördineerde respons in die gemeenskap kan ontlok, wat behuising, finansies en regshulp insluit. Verpligte arrestasie is baie beter as opsionele arrestasie en wel om die volgende redes:

- Die rol van die polisie is baie duidelik afgebaken.

- Polisie word gedwing om hulle traak-my-nie-agtige houding te laat staan.

- Hulle kan hulle eie diskresie gebruik op die toneel.

- Die slagoffer is nie die enigste verantwoordelike nie, m.a.w. die klag kan ook deur familie, vriende, buurmense of ander belanghebbendes teen die oortreder gelê word, en die arrestasie kan nog uitgevoer word.

- Die manier waarop die arrestasie plaasvind is belangrik, veral in die lig van die feit dat dit 'n duidelike polisiëringsdoelwit is om uiteindelik gesinshereniging te bewerkstellig.

Daar is tans 'n interessante debat in die Kriminologiese wetenskappe aan die gang oor die vraag of gesinsgeweld oor dieselfde kam geskeer moet word as kriminele geweld. Novitz (1996:17) sê hieroor: "The criminal law probably remains one of the most effective ways of addressing cases of family violence. A criminal charge has certain advantages such as:

- low financial costs for the complainant;
- the deterrant effect of a criminal conviction; and
- the fact that sentences can be precisely tailored to the particular case."

Dit dien vermeld te word dat gesinsgeweld 'n kriminele oortreding in Suid Afrika is en dat summiere arrestasie dus 'n absolute realiteit is waar dit nodig blyk te wees vir die polisie om in te gryp (Kambula 2002:78). Wye magte hieroor is aan hulle vir die doeleindes van gesinsgeweld deur die Kommissaris van Polisie en Staande Orders toegeken.

Die probleem is egter dat talle sake teruggetrek word as gevolg van finansiële en emosionele oorwegings en dat die skuldige dan nooit werklik met sy skuld gekonfronteer word nie.

Daar kan egter ook ander redes verskaf word waarom sake in die Suid-Afrikaanse konteks teruggetrek word soos byvoorbeeld:

- onvolledige inligting wat aan die polisie verskaf word deur slagoffers
- vals adresse word opgegee
- adresverandering word nie aangemeld by die polisie nie
- ooggetuies ontbreek
- familie en skoonfamilie oefen druk daarvoor uit en
- kerklike intervensie.

Dit is baie jammer dat sake teruggetrek word as gevolg van baie faktore soos hierbo genoem, veral in die geval van gesinsgeweld. As die skuldige skotvry uitstap, is dit in werklikheid 'n tydbom wat gestel word net totdat die volgend geleentheid hom voordoen.

Vervolgens word die rol van die howe self in gevalle van die voorkoming van gesinsgeweld kortliks ontleed.

### 5.13.2 Die howe en straf

Dit moet duidelik hier gestel word dat die rol van die howe, soos die van die polisie, slegs sekondêr ter sake kom. Dit beteken die polisie en die howe kan eers ingryp nadat 'n voorval van gesinsgeweld voorgekom het.

Verder is dit so dat kriminele howe is nie altyd opgewasse vir die sensitiewe aard van die verhoor van gesinsgeweld nie. Die Handves van Menseregte stipuleer egter dat daar nie sommer weggedoen behoort te word met die verhoor daarvan in kriminele howe nie.

Daar word voorgestel dat daar eerder gesoek behoort te word na 'n balans (Novitz 1996:17).

Wanneer arrestasie deur 'n hofsaak (siviel of krimineel) gevolg word, is daar egter ook heelwat nadele aan verbonde, soos:

- hofgedinge is dikwels lank en uitgerek
- die slagoffer se eie finansiële bronne raak dikwels ook uitgeput en
- 'n interdik en skuldigbevinding sal onproduktief wees

aangesien onderhoudstoelae en ander reëlings dikwels op 'n laat stadium toegestaan word en die slagoffer byna nie meer finansieel kan oorleef nie.

Siviele eise teen die oortreder kan wel, saam met ander regstellende stappe wat gedoen word, 'n oplossing bied, mits kriminele vervolging ook 'n alternatief bly. Regsverteenwoordigers is dikwels uitgeslaap en ken elke skuiwergat in die wetboek. Daar word gebruikgemaak van die sogenaamde vertragingstaktiek, juis om die klaer/klaagster se moed te breek om met die saak voort te gaan. As daar egter 'n moontlikheid vir kriminele vervolging bestaan, word die saak uit 'n heel ander perpsektief benader.

Dit wil voorkom asof een van die beste maniere om gesinsgeweld in ons samelewing hok te slaan, die verkryging van interdikte is. Interdikte staan ook dikwels bekend as "nie-molesteringsopdragte" of "siviele beskermingsopdragte", en die oortreding of verontagsaming van die voorskrifte wat daarmee saamgaan, kan lei tot onmiddellike arrestasie, swaar boetes of gevangenisstraf, afhangende van die tipe misdaad en die graad van oortreding.

Daar blyk verskeie voordele verbonde te wees aan die verkryging van interdikte, soos die volgende:

- Die veiligheid van die slagoffer word in ′n mate gewaarborg.

- Die oortreder se probleme kan betyds geïdentifiseer word en hy/sy kan berading of ander psigologiese hulp ontvang alvorens hy/sy meer ernstige oortredings begaan.

- Die polisie word verplig om dringende stappe te doen.

Daar kan in Suid-Afrika aansoek gedoen word vir hofinterdikte om behulpsaam te wees met die voorkoming van gesinsgeweld. In ′n tersaaklike pamflet wat uitgereik word deur die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, getitel "Heal Our Families" (1999), word die volgende inligting verskaf:

- Indien iemand teen wie ′n interdik uitgereik is, nie die voorwaardes nakom nie, moet die polisie onverwyld daarvan in kennis gestel word.

- ′n Kriminele klagte mag gelê word.

- ′n Tweede interdik kan deur die hof op die skuldige persoon bestel word indien die eerste verontagsaam word.

Hierdie drastiese optrede deur die hof verhoed die oortreder om:

- enige verdere gesinsgeweldsverwante oortreding te pleeg
- ′n perseel ongemagtig te betree
- enigsins naby die perseel te kom
- ′n spesifieke gedeelte van die perseel te betree en
- die slagoffer se werksplek te besoek of te betree.

Verdere bepalings van sulke interdikte kan die volgende bevele instluit:

- die oortreder se vuurwapens kan weggeneem word
- die polisie begelei die slagoffer om persoonlike besittings te gaan haal
- die oortreder kan beveel word om die slagoffer van finansiële middele vir voedsel en ander huishoudelike benodigdhede te voorsien
- enige kontak met die kinders kan verbied word en
- addissionele stappe wat nodig geag mag word om die veiligheid, versorging, gesondheid en voorspoed van die slagoffer/s te waarborg, mag gedoen word.

### 5.13.3 Interdikaansoekers

Nader tuis in Suid-Afrika is die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998, in die onlangse verlede goedgekeur. Dit het 'n era ingelei waar interdikte deur die landdroshowe uitgereik kon word. Hierdie drastiese stappe was nodig om (Novitz 1996: 3):

- te fokus op die fenomeen van geweldsmisdaad met spesifieke verwysing na die gesin
- maniere te oorweeg waarop die probleem effektief aangespreek kan word
- wetlike maniere en 'n regstegniese kleur te gee aan stappe wat gedoen word om geweld teen vroue aan te spreek
- die voorgestelde Wet te evalueer in die lig van verdere debatte

- probleme te bespreek wat ondervind word met prosedures wat die implementering van die Wet verhinder
- aanbevelings te maak insake die effektiewe dinamika van die interdikstelsel en om ontwikkeling in die regstelsel teweeg te bring.

Die volgende persone mag persoonlik aansoek doen om 'n interdik óf in die geval waar die slagoffer tot só 'n mate getraumatiseer is dat hy/sy nie persoonlik daartoe in staat is nie, mag 'n ander persoon soos hieronder genoem namens die getraumatiseerde daarvoor aansoek doen:

- enige iemand wat mishandel word
- ʼn minderjarige (sonder die hulp van ʼn volwassene)
- enige persoon wat belang het by die betrokke mishandelde se lewe
- ʼn berader
- ʼn gesondheidswerker
- ʼn polisiebeampte
- ʼn sosiale werker óf
- ʼn onderwyser.

Indien ʼn persoon egter minderjarig, geestelik gestremd, bewusteloos is of as die hof oortuig is dat die betrokke persoon nie handelingsbevoeg is nie, word dit vereis dat enige aansoek om ʼn interdik in geskrewe vorm gedoen sal word. Die verantwoordelikheid om hieroor te besluit is uitsluitlik aan die diskresie van die hof oorgelaat.

### 5.13.4 Interdiktaansoeke

Aansoek om interdikte deur persone soos beskryf in 5.2.1 hierbo, mag ingehandig word by enige landdros- óf hoër hof naaste aan:

- die klaer /klaagster se fisiese adres
- die oortreder se fisiese adres, eie besigheid of werksplek asook
- die plek waar die oortreding plaasgevind het.

Nadat dit ingehandig is volgens die voorgeskrewe wetlike prosedure, word dit deur die hof bekragtig en ten uitvoer gebring. Sodoende word daar wet en orde toegepas en uitiendelik outorieteit oor die probleem van gesinsgeweld geneem.

### 5.13.5 Die tyd om aansoek te doen vir interdikte

Sodanige aansoeke om interdikte mag geskied in die volgende tye:

- gedurende gewone hofure
- buite die normale hofure en
- oor naweke of op openbare vakansiedae.

Dit is egter nie ʻn onveranderbare reël dat die aansoeker permanent vir ʻn spesifieke tyd moet woon of werk in die omgewing van die naaste hof in sy/haar omgewing nie. Interdikte kan landswyd toegepas word as dit eers in werking gestel word.

### 5.13.6 Prosedure wat gevolg moet word

Die volgende aansoekprosedures moet gevolg word by die uitreik van ʼn interdik:

- Die aansoek moet ingedien word by die klerk van die hof of as die persoon nie beskikbaar is nie, by die registrateur van die hoër hof.

- Die klerk lê die aansoek vir die interdik voor en die landdros berei ʻn kennisgewing voor aan die oortreder/gesinsgeweldenaar om hom/haar te verwittig van die interdik wat teen hom/haar beteken is.

- Die oortreder word aangesê om in die hof te verskyn waar die interdik deur die balju, polisie óf die klerk van die hof aan hom/haar oorhandig word.

Indien die oortreder nie in die hof verskyn nie, word die interdik ten spyte daarvan steeds uitgereik. Indien hy/sy wel hulle verskyning in die hof maak om die besonderhede van die interdik aan te hoor:

- Word albei partye die geleentheid gegee om hulle weergawe van die saak te stel kan daar selfs getuies geroep word

- Kan die landdros besluit, nadat hy beide partye se weergawe aangehoor het, om ‘n interdik uit te reik, ‘n opgeskorte bevel te bekragtig of selfs ‘n arrestasie te laat uitvoer

- Word die klaer/klaagster sowel as die polisiestasie van die persoon se keuse, van afskrifte van die landdros se bevel voorsien.

Alhoewel interdikte in sommige situasies van groot waarde kan wees, is dit tog belangrik om kennis te neem van die feit dat dit nie noodwendig die onmiddellike oplossing vir die probleem van gesinsgeweld in ons samelewing is nie. Daarom behoort daar gelet te word op die volgende moontlike nadele van interdikte wat in gedagte gehou moet word:

- Dit is nie so in die praktyk dat ‘n oorlewende of haar kinders, besittings ensovoorts se veiligheid ten volle gewaarborg kan word nie. Ten spyte van interdikte, vind daar steeds talle tragedies plaas. Bart en Morani (Novitz 1996:19) sê sy mag selfs aangerand word omdát sy ‘n interdik aangevra het.

- Dikwels verhinder interdikte polisie om arrestasies op die toneel te doen.

- Sommige slagoffers woon afgeleë en kan nie onmiddellik met die polisie of hulpdienste in verbinding tree wanneer die oortreder die reëls van die interdik oortree nie. Wanneer hulp dan opdaag, is dit heel dikwels reeds te laat en die skade reeds gedoen.

- Die geweldsiklus in ‘n oortreder se lewe word nie outomaties verbreek nie, veral nie wanneer daar reeds ‘n lang geskiedenis van misdadigheid gevestig is nie.

- Dikwels het oortreders goeie kontak met vriende in die polisie ten einde te verseker dat hulle nie gearresteer word indien hulle oortree nie.

Daar dien op gelet te word dat daar onderskei word tussen:

- 'n Interdik (soos volledig hierbo bespreek) en

- 'n Inperkingsbevel ("restriction order"). 'n Inperkingsbevel word basies op dieselfde wyse as hierbo verkry — soos in die geval van 'n interdik — maar verskil ten opsigte van beweging wat toegelaat word. Interdikte beperk die vrye beweging van die oortreder slegs ten opsigte van spesifieke areas waar die slagoffer betrokke is. Inperkingsbevele gaan verder deurdat die oortreder beperk word tot slegs 'n sekere voorafbepaalde gebied, al is dit nie eers naby aan die plek waar die slagoffer hom/haar bevind nie.

### 5.13.7 Amendemente aan die voorwaardes vir interdikte

Daar behoort op 'n veel wyer vlak na oplossings gesoek te word vir probleemaspekte soos die volgende (Kambula, 2002: 76-80):

- voorwaardes waarop interdikte toegestaan moet word (wat moet verander)
- duideliker definiëring van geweld in interdik dokumentasie
- toegang tot kinders wat geraak word tydens die interdikperiode
- volledige inligting oor befondsing wat beskikbaar is
- groter bemagtiging aan die polisie om summier te kan arresteer indien dit nodig blyk te wees
- verduideliking van die reg tot appèl en
- 'n sperdatum vir die oorhandiging van interdikte sodat die nakoming daarvan gemoniteer kan word.

Vervolgens word daar gelet op die breër spektrum van regspleging.

### 5.14 Die breër spektrum van resplegende voorkoming

Dit blyk dat daar geen eenvoudige oplossings vir die voorkoming van die probleem van gesinsgeweld is nie, selfs al sou die regstelsel en die polisie saam met die gemeenskap betrek word (Novitz 1996:20).

Die ideaal sou wees om al die tradisionele regsmeganismes wat beskikbaar is, te koördineer en toeganklik te maak vir die slagoffers. Die logiese gevolg hiervan is dat 'n realistiese regsbenadering die oorlewende se verskillende behoeftes in ag sal neem, en selfs daardie behoeftes wat uitgesluit word deur die interdikstelsel, in ag sal neem. Hier word gedink aan stappe soos die volgende:

- Wysiging van hofprosedures

  Om regspleging te bespoedig en maksimum effektief te maak, sal die regering deur die departement jusitisie 'n sisteem moet ontwerp soos om byvoorbeeld naweekhowe ook vir die gesinshof oop te stel.

- Opleiding van die gemeenskap in terme van die hofprosedures wat by sake van gesinsgeweld ter sake is.

- Plaaslike owerhede moet hulle beywer om deur middel van lektuur, gesinswerkswinkels, seminare, vergaderings sowel as in die visuele media net soos in die geval van die voorkoming van die HIV-epidemie, opleiding vir die voorkoming van en optrede na voorvalle van gesinsgeweld, te verskaf. Dit moet ook aangespreek word deur die provinsiale- en uiteindelik hoofregeringsvlakke.

- Toegang tot plekke van veiligheid

- Omdat plekke van veiligheid skaars is, moet die regering hom op alle samelewingsvlakke daarvoor te beywer om sulke plekke van veiligheid op te rig. Daar moet ook nie geskroom word om gemeenskapsprojekte hiervoor te aktiveer nie. Die privaat besigheidsektor en nie-regersingsoganisasie, moet ook as 'n vennoot in hierdie pogings geken word.

- Hospitale —hospitale is besige plekke. Talle lede van die publiek kom daar om besoek by pasiënte af te lê. Dit is 'n gunstige situasie wat benut behoort te word, eerstens om inligting oor die probleem van gesinsgeweld te versprei. Tweedens moet daar gekyk word na die implementering van 'n vakature of hulptoonbank by elke denkbare hospitaal in die land, waar persone hulp kan ontvang óf gesinsgeweld kan aanmeld.

- Regsondersteuning — regskoste is baie hoog. Daar is reeds 'n bestaande organisasie in ons regsisteem wat regshulp verskaf soos die Regshulpraad. Baie ander tipe misdaad dreineer hierdie fondse. Daar moet gekyk word na 'n toewysing wat spesifiek geoormerk word vir gesinsgeweld.

- Onderhoudskostes — onderhoudskostes is 'n groot probleem as gevolg van die feit dat daar talle gevalle van onderhoudsontduiking voorkom. Die wette in hierdie verband is egter onlangs streng aangepas en daar is wel 'n groot verbetering. Wat egter vir ons navorsing meer belangrik is, is die totstandkoming van 'n onderhoudstelsel om die slagoffer/s wat deur gesinsgeweld getraumatiseer is, en as gevolg daarvan in plekke van veiligheid versorg moet word, te onderhou. Dit is 'n baie duur opsie, maar heel dikwels die enigste. Iemand moet derhalwe daarvoor betaal. Iets drasties moet gedoen word soos byvoorbeeld 'n maandelikse verpligte aftrekking van elke huishouding om hiervoor voorsiening te maak óf oortreders wat skuldig bevind word aan gesinsgeweld, vir die rekening te laat betaal.

### 5.14.1 Maatreëls wat die Wet op Gesinsgeweld voorsien

In Suid-Afrika is die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet No. 116 van 1998) in Desember 1998 goedgekeur as 'n uitvloeisel van die debat oor onderwerpe soos:

- kriminele aanspreeklikheid
- siviele aanspreeklikheid
- egskeidings- en onderhoudskoste en
- interdikprosedure.

Dié Wet verklaar met betrekking tot die aansoek en uitreiking van 'n tussentydse beskermingsbevel die volgende:

(1) Die hof moet 'n aansoek ingevolge artikel 4(7) aan hom voorgelê so gou as wat redelikerwys moontlik is, oorweeg en kan, vir daardie doel, die bykomstige getuienis wat hy gepas vind, oorweeg en kan, vir daardie doel, die bykomstige getuienis wat hy gepas vind, oorweeg, met inbegrip van mondelinge getuienis of getuienis by wyse van beëdigde verklaring, en sodanige getuienis vorm deel van die oorkonde van die verrigtinge.

(2) Indien die hof tevrede is dat daar *prima facie* getuienis is dat —

(a) Die respondent 'n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het.

(b) Die klaer as gevolg van sodanige gesinsgeweld aan onbehoorlike ontbering leed blootgestel kan word, indien 'n beskermingsbevel nie onmiddelik uitgereik word nie moet die hof ondanks die feit dat die respondent nie kennis van die verrigtinge in sub-artikel (1) beoog, gegee is nie, 'n tussentydse beskermingsbevel teen die respondent uitreik op die voorgeskrewe wyse.

(3) ‘n Tussentydse beskermingsbevel word op ‘n voorgeskrewe wyse aan die respondent beteken, en moet die respondent aansê om op die keerdatum in die bevel gespesifiseer, redes aan te voer waarom ‘n beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie.

Daar word beweer dat die volgende hindernisse om die wet toe te pas, nie aangespreek word nie:

- ‘n Volledige opleidingsprogram om aan die breë publiek inligting deur te gee oor die hulp wat beskikbaar is, is nodig maar nog nie beskikbaar nie.

- Finansies blyk ‘n ernstige probleem te wees wanneer veral regskostes ter sprake kom.

- Die dringendheid van sake word nie altyd regtig besef nie, of so blyk dit te wees.
- Die gebrek aan genoegsame getuienis maak dit soms ook moeilik om met vervolging voort te gaan.

Die algemene reël van die reg in Suid-Afrika is altyd dat die skuldige onskuldig is, totdat hy skuldig bevind word. Om iemand dus skuldig bevind te kry behels ‘n lang proses. Die proses is dikwels lank en uitermate duur.

Vervolgens word daar gelet op strawwe wat deur die hof opgelê kan word.

### 5.14.2 Strawwe wat deur die hof opgelê kan word

Daar is verskeie toepassings van die Wet in omloop. Daar is selfs sprake van ‘n “afkoeltydperk”. Volgens klousule 6 van die Wet is die oortreding van interdikregulasies strafbaar met ‘n boete of gevangenisstraf van tot 12 maande. Die landdros kan sy eie diskresie gebruik. Die groot probleem is egter juis geleë in die wyse waarop hierdie

diskresie gebruik behoort te word Novitz (1996: 33). Strawwe soos die volgende word voorgestel:

- geldboetes
- gevangenisstraf
- korrektiewe toesig en
- gemeenskapsdiens.

Daar is ook verskillende alternatiewe wanneer oortreders gestraf moet word. Tydens die oorweging van gepaste straftoemeting, kan die betrokke howe vonnisse soos die volgende oorweeg:

- waarskuwings
- boetes
- gevangenisstraf
- gemeenskapsdiens
- naweekgevangenissetting
- opgeskorte vonnisse asook
- verskillende kombinasies van verskillende van bogenoemde strawwe.

Daar is ook die ander alternatief van verpligte berading en rehabilitasie soos verwysing na sentrums waar daar gespesialiseer word in:

- humeur-bestuur
- gesinsberading sowel as
- selfinsig.

Alhoewel bogenoemde kategorieë en voorstelle vir berading en rehabilitasie in aanmerking gebring word tydens regspleging van misdaad in sy totaliteit in Suid-Afrika, is dit ook in die besonder geldig met betrekking tot gesinsgeweld.

### 5.14.3 Beter wetstoepassing

Voorts word daar 'n paar voorstelle beskryf ten einde die wet (No.116 van 1998: Wet op Gesinsgeweld, 1998) meer effektief te kan toepas.

Die Regskommissie van Suid-Afrika het 'n poging aangewend om die prosedures van die strafproses te vereenvoudig deur die voorlegging van die Tweede Strafproseswysigingswetsontwerp en verwys as volg daarna:

"The South African Law Commission (the Law Commission 1992), as part of its investigation into the simplification of the criminal procedure (Project 73), considered the issue of plea bargaining. The Law Commission came to the conclusion that—

(a) Plea discussions and plea negotiations, although informal, do take place in South Africa and are considered to be legal; and

(b) The Criminal Procedure Act, 1977. Act No.51 of 1977 (Kambula 2002:80-81) does not regulate sentence bargaining.

Consequently, in its Report on the investigation, the Law Commission proposes that the Criminal Procedure Act, 1977, be amended so as to regulate sentence agreements in South Africa".

Die Regskommissie ondersoek dus deurlopend maniere om die regsprosesse te bespoedig. Daar behoort op 'n gereelde basis omgesien te word na die werking en praktiese toepassing van hierdie wet. Daar is slegs gefokus op enkele fasette van die problematiek, maar empiriese navorsing moet oral aangemoedig word en die staat behoort befondsing beskikbaar te stel, waar en wanneer nodig.

Daar moet ook sekere aanpassings gemaak word en vervolgens word daar sommige gedagtes hieroor bespreek. Vanuit hierdie gedagtes vloei die noodsaaklikheid vir die totstandkoming van 'n gesinshof.

## 5.15 Die totstandkoming van 'n gesinshof

Die samevoeging van:

- egskeidings
- onderhoudsaansoeke
- toegang tot kinders
- siviele en kriminele sake binne gesinsverband en
- aansoeke om interdikte sinvol gedoen kan word onder die sambreel van een hof, wat bekend sal staan as die gesinshof. 'n Goeie voorbeeld hiervan word gesien in die gesinshof van Nieu-Seeland (Novitz 1996:37).

Hierdie stap sal die probleem oorbrug van howe wat teenstrydige uitsprake of verskillende standpunte huldig oor sulke aangeleenthede. In die gesinshof kan al die landdroste en betrokkenes by regspleging dan uiteindelik uit een mond praat, omdat hulle almal spesialiseer op die terrein van gesinsgeweld.

Suid-Afrika het sedert die negentigerjare as uitvloeisel van bogenoemde behoeftes, 'n uiters suksesvolle gesinshof in werking gestel, met vertakkinge landwyd. Gesinshofsake in Pretoria word in kamer 52 van die Landdroskantoor in Pretoriusstraat aangemeld. Probleemsituasies (gesinsverwante aangeleenthede), word deur die gesinshof aangehoor en indien nodig, na die gesinsadvokaat verwys. Die gesinshof het toegang tot maatskaplike werkers en werksters deur verskeie regerings- sowel as nie-regeringsorganisasies wat situasies evalueer en hofverslae voorberei. Die gesinsadvokaat tree hoofsaaklik in 'n raadgewende hoedanigheid op, ten einde die verskillende partye met mekaar te probeer versoen. Die gesinsadvokaat beskik egter oor die outoriteit om

drastiese stappe te neem op finansiële en ander gebiede om regstegnies in te gryp in belang van die slagoffers in 'n gesinsgeweldsituasie.

### 5.15.1 Vergemaklik die toepassing van die wet

Die volgende is inisiatiewe wat deur voorsittende beamptes van howe geneem kan word ten einde die toepassing van die wet (Wet No. 116 van 1998) te vergemaklik:

- voorsiening van riglyne aan klaagsters/klaers oor die gronde van verkryging van interdikte
- aanmoediging om kriminele klagtes te lê waar nodig
- gemeenskapsprojekte om meer inligting te versprei
- afdwinging van boetes t.o.v. die verbreking van die reëls van interdikte
- reaksie op dringende aansoeke om interdikte
- toestemming om interdikte te verleng en
- die aanhoor van mondelingse getuienis ten einde interdikte te bekragtig.

Vervolgens word enkele aspekte rondom rehabilitasie van die slagoffers en oortreders belig.

### 5.15.2 Rehabilitasie

Daar is reeds heelwat programme wat in omloop is om sowel oortreders as slagoffers te help. Die verantwoordelikheid hiervoor rus egter heel dikwels op die regering en maatskaplike dienste oor 'n wye front. Die ideaal is dat gemeenskappe self by die behoeftes van hulle eie omgewing betrokke sal raak, ook wat die rehabilitasie van gesinsgeweldslagoffers (en oortreders) aanbetref. Daar is in hoofstuk drie verwys na die feit dat baie oortreders wat hulleself aan gesinsgeweld skuldig maak, nie dit werklik só wou laat gebeur nie. As daar dan 'n sterk leiersfiguur in die gemeenskap is wat 'n positiewe invloed kan uitoefen, kan dit 'n groot en heilsame uitwerking ten goede hê. Slagoffers van gesinsgeweld kan gehelp word met:

- selfbeeldverryking
- selfverdediging
- kommunikasievaardighede
- beroepsgerigte opleiding en
- inligtingsprogramme oor hulp wat beskikbaar is.

Die oortreders kan gehelp word met:

- sielkundige behandeling
- motivering
- werkskepping
- groepswerk
- selfrapporte
- rapporte deur die slagoffer oor die gedrag van die oortreder en
- sosialiseringsprogramme.

In Colorado (VSA) is daar Gemeenskapsbetrokkenheids-Projekte (GBP). Daar is meer as 20 daarvan in Minnesota in gebruik. Hierdie projekte word deur vrywillige regsgeleerdes aangebied, is nie-winsgewend en funksioneer onafhanklik. Slagoffers wat by hulle kom aanklop om hulp, word beraad en begelei deur al die wetlike aspekte rakende hulle huidige krisis. Dit is bekend dat hierdie projekte 'n groot bydrae lewer in die afname van gesinsgeweld.

In 'n soortgelyke toepaslike projek in Ontario, Kanada, is vier hoërskole betrek. Dit het 'n videovertoning en groepsbespreking daarna ingesluit wat deur kundiges gefasiliteer is. Daarná is 'n vraelys voltooi wat ná ses weke weer opgevolg is. Dit het interessante gegewens aan die lig gebring met betrekking tot sommige van die manlike respondente op die vraelys. Die algemene kennis wat oor gesinsgeweld opgedoen is was veral positief wat die vroulike repondente aanbetref, maar nie al die mans nie. Die

fasiliteerders het gevind dat dit só was aangesien daar reeds van die mans respondente was, wat by geweld teen hulle minaresse betrokke was (Stammers 1996:90).

In Brittanje het ʼn navorsingsielkundige, Ruth Hanson ʼn uiters suksesvolle navorsingsprojek "Lives in Your Hands"van stapel gestuur wat gefokus het op straatseuns wat self deur gesinsgeweld benadeel is in hulle jeug en in plaaslike Christelike skuilings opgeneem is. Hanson se kursus het gestrek oor agt weke en slegs een aand in ʼn week vir die agt weke tydperk was nodig. Tydens hierdie tydperk word daar gefokus op ontwikkelingsfases van die adolessent. Hierdie projek was só suksesvol dat daar allerweë stemme opgegaan het dat dit eintlik vir alle jongmense aangebied moes word. Dit het nie slegs voordele vir mans ingehou wat vrouens mishandel nie, maar uiteindelik ook daartoe gelei dat mense mekaar oor die algemeen op alle vlakke met groter respek begin hanteer het. Respek vir mekaar is dus geïdentifiseer as sentrale tema in die problematiek van gesinsgeweld (Stammers 1996:90).

Bogenoemde en ander navorsing wat met behulp van die polisie en ander kundiges van stapel gestuur is het gelei tot verskei hulporganisasies

Brittanje het byvoorbeeld organisasies en projekte soos :

- Association of Christian Counsellors.
- Domestic Violence Intervention Project.
- Everyman.
- Merton Male.

In die VSA bestaan die volgende:

- National Domestic Hotline.
- National Victim Centre.
- Centre for the Prevention of Sexual and Domestic Violence.

Australië beskik oor die volgende:

- Domestic Violence Advocacy Service.
- 24-hour Refuge Referral Service.
- Women's Refuge Resource Centre.

In Suid-Afrika tree die volgende organisasies (om slegs 'n paar bekendes te noem) in hierdie verband op:

- Inter Trauma Nexus.
- Abraham Kriel Kinderhuis.
- Pretoria Kinder en Gesinsorg Vereniging.
- Die Christelike Maatskaplike Raad.
- Life-Line.
- People Against Woman Abuse (PAWA).

Ál hierdie organisasies werk min of meer op dieselfde benaderingswyses en tree pro-aktief saam met die polisie en ander kundiges as 'n span op om gesinsmisdaad effektief te polisieer.

### 5.16 Samevatting

Dit is duidelik dat daar geen maklike oplossings is vir die probleem van gesinsgeweld nie. Die soeke na oplossings durf egter nooit in isolasie geskied nie. Dit moet bespreek word binne die raamwerk van gedokumenteerde kritiek op die politieke-, kulturele- en sosio-ekonomiese posisie van vroue in die samelewing (Bunch & Carrillo 1992:4). In hierdie proses is regspleging van rigtinggewende belang. Omdat en vir sover dit misdade is, speel die polisie, howe en korrektiewe dienste die deurslaggewende rolle in die hantering van sake van gesinsgeweld. In Suid-Afrika is hierdie instrumente goed ontwikkel en hulle doen hulle eie onontbeerlike bydrae tot die voorkoming van hierdie misdaadverskynsel ook – al is dit dan in sekondêre sin nadat die misdade eers plaasgevind het.

Dit is egter nie net wette wat gemaak en toegepas behoort te word nie. Dit is ook van groot belang dat persepsies en houdings verander sal word, aangesien gesinne deur samelewingstrukture beheer word.

In **hoofstuk 6** gaan die baie belangrike aspek van voorkoming van gesinsgeweld binne die raamwerk van die gesins self en met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse situasie, aandag geniet.

# HOOFSTUK 6

# VOORKOMING VAN MISDADE IN GESINSVERBAND

## 6.1 Inleiding

Gesinsgeweld was nie 'n prioriteitsmisdaad vir die navorsers oor die verloop van baie jare heen nie. Daar het egter wêreldwyd 'n noemenswaardige klemverskuiwing plaasgevind oor die laaste drie dekades ten opsigte van die algemene benadering tot misdaad wat in gesinsverband gepleeg word. Dit blyk dat namate daar 'n groter bewuswording van die probleem danksy die rol van die politiek asook die feminisme gegroei het, die sterk begeerte om 'n effektiewe voorkomingsmodel daar te stel, ook daarmee saam ontwikkel het. Hanmer en Maynard (1987:2) het reeds baie jare gelede daarop gewys dat daar 'n universele benadering tot die probleem wêreldwyd aan die ontwikkel is.

Alhoewel die fokus gewoonlik op die slagoffer val, is dit van kardinale belang om nie die oortreder uit die prentjie te laat wanneer voorkomende oplossings vir die probleem ter sprake sou kom nie. Decker (1999:3) sê hieroor dat baie manlike oortreders diepliggende geestesongesteldhede het wat 'n integrale deel vorm van wie hulle is en hoe hulle funksioneer oor die verloop van 'n lang periode. Decker verwys na navorsing deur Strauss, Hotaling en Sugarman talle gesinsgeweldenaars, self aan gesinsgeweld blootgestel was in hulle adollesente jare en sê: "…many batterers were also observers or targets of abuse in their own families of origin. They, too, have been left with emotional scars from long ago". Hierdie en ander realiteite maak dat daar met nuwe insig gekyk word na die Christelike huweliksbelofte wat paartjies aan mekaar maak dat hulle getrou aan mekaar sal wees "…tot die dood ons skei".

Wanneer 'n gemeenskap se mans hul krag en geweld misbruik teen vroue en *visa versa*, is dit 'n ernstige siekte in die gemeenskap wat gespesialiseerde aandag vanaf 'n multi-dimensionele taakspan verg. Dit spreek dus duidelik dat wanneer daar oor voorkoming gepraat word, daar ook gekyk moet word na behandelingstrategieë vir

die misdadiger self. Dit is nie genoegsaam om slegs die gevolge te behandel nie; daar moet indringend gekyk word na die oorsake of die veroorsaker/s, hetsy dit per implikasie die man, vrou of ‘n ander gesinslid of -lede is. Voorkoming is altyd beter as genesing, daarom is dit nodig om ‘n pro-aktiewe benadering tot die soeke na antwoorde vir die probleem te volg.

## 6.2 Die soektog na oplossings

Verskeie navorsers het in hul soeke na ‘n oplossing vir die problem van misdaad in gesinsverband tot die slotsom gekom dat die antwoord heelwaarskynlik sou kon lê by gesinsopvoeding. Maar dan nie net opvoeding vir die oortreder nie; ook opvoeding vir die slagoffer, die samelewing sowel as die owerhede. Decker (1999:191) sê dat opleiding ‘n belangrike deel van die vernaderingsproses uitmaak, en dat gewelddadige mans bereid moet wees om nuwe gesindhede en vaardighede aan te leer ten einde die geweld teen hulle gesinslede te beëindig. Opleiding verskaf die materiaal wat hulle in staat sal stel om met ander oë na die wêreld en hullself te kyk. Dieselfde sou natuurlik ook op toepassing kon wees vir daardie vroue wat geweld aanstig. Daar kan ruim gebruik maak van die voordele van lektuurverspreiding.

### 6.2.1 Lektuur

Lektuur is ‘n magtige medium in die bestryding, voorkoming en in die terapeutiese konteks van enige misdaad. Die elektroniese media is ook besonder effektief om in ‘n voorkomingsperspektief gebruik te word. Decker (1999:91) wys daarop dat deur van lektuur gebruik te maak, kan dinge soos die volgende effektief aangespreek word:

- geweld en die gevolge daarvan
- stres en stresbeheer
- woede
- selfkommunikasie
- skuldgevoelens en bemagtiging
- oorsprong van die probleem

- die selfgeldingsdrang en
- konflikhantering.

Daar moet gewerk word na die doelwit om:

(i) inligting saam te stel in die vorm van

- lesings
- videos
- laserskywe
- kasette
- brosjures
- pamflette
- nuusbriewe ensovoorts en

(ii) die verspreiding daarvan by openbare plekke soos:

- hospitale
- howe
- biblioteke
- doktersspreekkamers en
- skole.

Daar is behalwe die bogenoemde, ook soortgelyke bronne wat vir die doel van lektuurverspreiding benut sou kon word. Die geleenthede is daar en moet net gebruik word.

### 6.2.2 Opvoeding

Opvoeding is onlosmaaklik deel van enige misdaadvoorkomingsinisiatief. Dit kan oor 'n breë spektrum gedoen word vir onder andere:

- die oortreder
- die slagoffer

- die samelewing sowel as
- die owerhede.

Kaufman en Ziegler (De Keseredy & Schwartz 1996:479) wys daarop dat kinders vanuit gesinne waarin geweld voorkom, meer kwesbaar is om jeugmisdadigers te word. Hulle sê 30 persent kinders wat onder gesinsgeweld gely het, word uiteindelik ook self eendag gesinsgeweldenaars in hulle volwasse lewens. Ook Widom (De Keseredy & Schwartz 1996:479) se navorsing bevestig hierdie tendens.

Dit is 'n baie kritiese punt veral in die lig van die feit dat wanneer kinders uit 'n atmosfeer van geweld weggeneem word, daar 'n persepsie bestaan dat alles weer normaal is. Sodoende ontstaan die gevaar dat die regssisteem hierdie kinders se geestelike en emosionele behoeftes totaal ignoreer. Dit is 'n illusie om te dink dat voorkoming in watter vorm ookal, suksesvol kan wees, sonder om ook die geestelike en emosionele behoeftes van die slagoffer en oortreder rehabiliterend aan te spreek.

Courtwright (1996:279) sluit aan by die algemene mening dat die gesinslewe krities ten opsigte van voorkomingsperspektief is as hy sê: "Families rather than governments are the first and best line of defense against violent and disorderly behavior". Gesien in die lig van Courtwright se stelling kan gesinne dinge soos:

- uitstappies reël
- kampering aandurf
- kerkkampe en eredienste bywoon
- ouerskapkursusse bywoon
- vakansies onderneem
- musiekopvoerings bywoon
- aan sportbyeenkomste deelneem en
- gesamentlike stokperdjies beoefen.

Sulke aktiwiteite behoort aan hulle die nodige geleenthede te gee en die vermoë te bied om 'n gesonde lewenspatroon na te volg waarin die die probleem van gesinsgeweld te voorkom kan word.
Daar moet dus kennis geneem word van die feit dat geen sinvolle voorkomingsprogramme moontlik kan wees sonder dat die "agter geslote deure-faktor" soos Sewell en Sewell (2004 :6) dit noem, nie in berekening gebring word nie. Dit is 'n feit dat vroue net soos mans skuldig is aan geweldsopsies in gesinsverband, indien dalk nie in 'n nóg groter mate as mans nie. Ons behoort weg te beweeg van plekke van veiligheid wat slegs op die behoeftes van die vroulike slagoffers fokus. Die resultaat daarvan is dat gesinne opgebreek word.

Veel eerder behoort daar gefokus te word op programme wat gesinne wil herstel en aanmoedig. Die probleem moet in sy totaliteit aangespreek word en wetenskaplik gefundeerde navorsingsmetodes en rehabilitasieprogramme moet gebruik word. Dit moet gebeur omdat die probleem van gesinsgeweld ernstig van aard is.

**6.2.3 Rehabilitasieprogramme vir oortreders en slagoffers**

Daar is verskeie programme in werking gestel oorsee om gesinne wat deur gesinsgeweld getraumatiseer is, by te staan op die pad na herstel. Een só 'n program is die "Domestic Violence Intervention Project" waarna Stammers (1996:80) verwys wat in London, Brittanje geloods is.

Alhoewel daar aanvanklik net op die oortreder gefokus is en die slagoffer vanweë redes wat voor die hand liggend is, nie deel uitmaak van die aanvanklike beradingssessie nie, word albei partye uiteindelik deel van die voorkomingsprogram. Dit sluit die volgende fasette in:

- basiese groepsreëls vir die oortreders geld
- aktiewe deelname is 'n vereiste
- gereelde bywoning is verpligtend
- eerlikheid is van kritiese belang

- geen alkohol of verdowingsmiddels mag gebruik word nie
- geen dreigemente mag gemaak word nie en
- vertroulikheid is van uiterste belang.

Deelnemers (oortreders) moet volgens Stammers (1996:82):

- 'n Ooreenkoms onderteken wat hulle daartoe verbind om hulle volle samewerking te gee.

- Aandag word gegee aan liggaamstaal, snelleraksies, emosies en denkpatrone wat by hulle aanwesig is in die aanloop tot die misdaad.

- 'n Geweldsregister byhou wat hulle help om selfinsig te verkry.

- Daar moet ook ruimte geskep word vir 'n "time-out" periode. Gedurende hierdie periode wat stiptelik net uit een uur mag bestaan word deur die oortreder gefokus op sy gedragspatroon. Hy kan sy eggenote telefonies kontak en die saak met haar bespreek. Denkpatrone moet verander en ontkenning moet vervang word met aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid.

- Deelnemers aan die program ontvang ook opleiding ten opsigte van ontspanningstegnieke, interpersoonlike vaardighede en kognitewe herstrukturering.

Daar is goeie terugvoer ontvang dat hierdie en ander soortgelyke programme 'n verskil kan maak. Die vereiste is egter dat daar streng kontrole moet wees en persoonlike verantwoordelikheid deurentyd beklemtoon word.

### 6.2.4 Kultuur van selfbeheersing

Stammers (1996:2) lê klem daarop dat daar 'n nuwe benadering ontwikkel moet word om gesinsgeweld te voorkom wat vir die samelewing in sy totaliteit sal geld. Hierdie benadering moet in berekening bring dat:

- Geweld 'n onaanvaarbare manier van konflikhantering en probleemoplossing is ten opsigte van menseverhoudinge in die samelewing.

- Een geweldsdaad gewoonlik die katalisator kan word vir 'n hele reeks ander dade van geweld, aangesien dit oor die potensiaal beskik om in verskeie ander vorme te manifesteer.

Elke persoon is verantwoordelik (en moet verantwoordelik gehou word) vir die geweld wat hy aanstig. Die primêre taak van die opvoeder of terapeut sal wees om die oortreder te leer (Decker 1999:5):

- om selfbeheersing toe te pas
- om te erken dat hy 'n probleem het en om te begin werk aan die oplossing(s)
- om stresbestuurstegnieke aan te leer ten einde stres effektief te kan hanteer
- om deur middel van oop gesprekke met sy eggenote sy emosies te identifiseer en op respekvolle wyse daarvan ontslae te raak
- om te begin om te verstaan dat sy probleem 'n geskiedenis het wat moontlik sy huidige optrede beïnvloed
- om te erken dat sy gevoelens van magteloosheid direk gekoppel kan word aan sy geweldsoptrede en
- dat hy moet werk aan sy selfbeeld sowel as aan sy deernis met lede van sy gesin en ander mense.

Stammers (1996:84) sê ook dat die verwagting dat 'n geweldenaar in 'n kits 'n verandering sal ondergaan, nie realisties is nie, maar geleidelike verandering oor die

verloop van tyd is wel moontlik. Teen die agtergrond van die soeke na oplossings om gesinsgeweld te voorkom, is die kategorieë van voorkoming eweneens van belang om die verskynsel beter te verstaan.

### 6.3 Kategorieë van voorkoming

Wanneer voorkoming ter sprake is word daar op 'n wye front na metodes en sisteme gesoek om 'n bevredigende antwoord te kry op die probleem. Dit moet wetenskaplik benader word ten einde te help dat die data uiteindelik verantwoordbaar is vir die empiriese sowel as literêre navorsingsvelde.

Stammers (1996:77) wys drie kategorië van voorkoming uit, naamlik:

- primêre
- sekondêre en
- tersiêre voorkoming.

Kortweg is primêre voorkoming gerig op die voorkoming van 'n probleem nog voor hy ontstaan, sekondêre voorkoming op vroeë identifisering om te verhoed dat dit veel verder gaan en tersiêre voorkoming op die voorkoming van 'n herhaling daarvan.

#### 6.3.1 Primêre voorkoming

Primêre voorkoming is om planne en strategiëe in plek te stel ten einde te verseker dat geen gesinsgeweld plaasvind nie. Dit hou verband met die gesegde: "voorkoming is beter as genesing". Om in hierdie doelwit te kan slaag is dit noodsaaklik om die hele samelewing goed in te lig rondom die probleme wat ondervind word waarom dit voorkom (Stammers 1996: 79). 'n Duidelik pro-aktiewe benadering is dus nodig, wat dinge sou kon insluit soos:

- inligtingspraatjies by skole, kantore en openbare plekke
- verspreiding van lektuur

- video, radio en televisie en
- swaarder strawwe wat as afskrikmiddel kan dien.

Dit is dus duidelik dat daar 'n groter impak teen gesinsgeweld gemaak kan word, deur goed georkestreerde bewusmakingsveldtogte. Al die bogenoemde faktore kan effektief ingespan word. Primêre voorkoming van gesinsgeweld kan ook positief verbind word aan huweliksvoorligting deur huweliksbevestigers.

**6.3.2 Sekondêre voorkoming**

Dit fokus op die vroeë identifisering van 'n reeds bestaande probleem. Daar is reeds 'n probleem van gesinsgeweld, maar deur voorkomingstrategieë sinvol aan te wend, word daar verhoed dat dit 'n groter en ernstiger omvang aanneem. Stammers (1996:77) wys daarop dat dit aspekte sou kon insluit soos:

- groepsterapie
- individuele onderhoude
- berading
- verspreiding van lektuur
- praatjies deur kenners en
- verspreiding van videomateriaal.

Uiteraard is sekondêre voorkoming afhanklik van bogenoemde faktore. Die waarde van kleingroepsdinamika mag nooit onderskat word in die voorkomingsperspektief nie. Persoonlike onderhoude kan waardevolle inligtingsessies na beide kante (die oortreder sowel as die navorser) toe word. Berading het 'n waardevolle plek, veral omdat die persoon aan homself bekendgestel word tydens die beradingsessies. Dit is terapeuties van groot waarde as iemand selfinsig bekom. Lektuurverspreiding, toesprake en seminare deur kundiges asook videomateriaal is van groot waarde om met voorkoming behulpsaam te wees.

### 6.3.3 Tersiêre voorkoming

Stammers (1996:78) wys op die menslike geneigdheid om eers hulp te soek wanneer die probleem reeds kritieke afmetings begin aanneem. Dan is tersiêre voorkoming ter sake. Tersiêre voorkoming staan hoofsaaklik op drie bene, naamlik:

- skuilings en plekke van veilige bewaring
- polisie-ingrype en strenger wette en
- sielkundige berading vir die oortreder sowel as die slagoffer.

Wanneer 'n taakspan besig raak met tersiêre voorkoming, moet daar indringende stappe geneem word. Die persone wat betrokke is moet goeie kennis dra van die beskikbaarheid van skuilings in hulle onmiddelike omgewing, asook al die vereistes en prosedures wat gevolg moet word om slagoffers daar te laat opneem indien dit nodig sou blyk te wees.

Verder moet geen steen onaangeroer bly om deur middel van die regeringstrukture wette te maak óf dit só te laat herskrywe, dat die probleem van gesinsgeweld effektief deur die polisie en ander gesagsdraers aangespreek kan word.

Beradingsdienste moet beskikbaar wees tot op die hoogste professionele vlak indien dit nodig sou blyk te wees. Sulke dienste behoort bekostigbaar te wees. Indien dit nie die geval is nie, moet daar planne beraam word om dit bekostigbaar vir die slagoffer sowel as die oortreder te kry. Benewens die primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingstrategieë is voorkoming wat deur spesifieke instellings geaktiveer word ewe belangrik en van praktiese belang.

## 6.4 Institusionele voorkoming

Aangesien gesinsgeweld in globale konteks manifesteer, word daar uiteraard op verskillende plekke in die wêreld pogings aangewend om dit aan te spreek.

**Voorbeelde van oorsese programme**

In oorsese konteks is daar verskeie organisasies wat in belang van vroue optree wat geviktimiseer is, soos die "Chiswick Family Rescue" (Londen), die "Chinese Women Refuge Group" (Londen), die "London Rape Crisis" en die "National Aid Federation" (Noord-Ierland).

Organisasies wat optree vir mans is die "CHANGE Project" (Universiteit van Stirling), die "Domestic Violence Intervention Project" (London), "Everyman" (London) en "Merton Male" (Sutton) (Stammers 1996:98-99).

Institusionele voorkoming fokus op die bydrae wat instansies soos die howe, polisie, skole, maatskaplike dienste, kerke en nie-regeringsorganisasies tot voorkoming maak.

**6.4.1 Veilige plekke**

Veral vroue wat om een of ander rede nie meer tuis kan aanbly nie uit vrees vir verdere aanrandings en geweld, kan gebruik maak van die strukture soos huise van veilige bewaring wat deur weldoeners vanuit die samelewing sowel as die owerhede vir hulle (en hul kinders) beskikbaar gestel word.

Die kriteria vir sulke behuising volgens Barnett en La Violette (1993:15) sluit in:

- die behuising moet skaflik en netjies (dus nie agterlik nie) daar uitsien
- daar moet reëls wees, maar geen diskriminasie nie
- ondersteuningsprogramme moet beskikbaar wees
- kinders moet kan skoolgaan
- mediese sorg moet beskikbaar wees
- tydsduur van inwoning moet onbeperk wees en
- betaling moet weekliks geskied volgens elkeen se vermoë.

Hierdie kriteria moet meewerk daartoe dat getraumatiseerdes se lewe so vinnig as moontlik na normaal kan terugkeer.

Die voordele verbonde aan sodanige skuilings is legio vir die slagoffers van gesinsgeweld, naamlik:

- Die lewensreëls is prakties en bevorder die gevoel van veiligheid. Daar is sekere sekuriteitsreëlings, telefoonreëlings, besoektye, tye wat kinders buite mag speel, tye wat huiswerk gedoen moet word, ensovoorts wat nagekom moet word. Die roetine het 'n stabiliserende uitwerking op gedrag.

- Die voorkoms van so 'n plek word nie afgeskeep nie. Die estetiese afwerking is van so 'n aard dat die slagoffer van gesinsgeweld (en lede van die gesin) wat van hierdie fasiliteit gebruik maak, nie vreemd voel of 'n kultuurskok ondergaan as gevolg van 'n skielike verandering in lewensgehalte wat woonplek aanbetref nie. Vir talle ander (wat nie gewoond is aan woonplek in 'n gegoede omgewing nie) behoort dit eintlik 'n gevoel van opheffing te verskaf om daar tuis te wees.

- Ondersteuningsprogramme is beskikbaar. Kursusse, werkswinkels en groepbesprekings oor 'n verskeidenheid van aspekte wat op hulle probleem van toepassing is, kan bygewoon word. Al die bogenoemde moet beskou word as geleenthede om hulle toekoms beter en mooier te maak. Daarom is dit belangrik dat die betrokke slagoffers/s van gesinsgeweld hierdie geleenthede sal benut, terwyl dit vir hulle beskikbaar gestel word.

- Skoolkinders kan ook gehuisves word en skoolgaan. Die fassiliteit moet 'n groter rustigheid vir skoolgaande kinders bevorder, want die onsekerheid wat deur gesinsgeweld veroorsaak word, is nou iets van die verlede. Gewoonlik word plekke van veiligheid geskep in 'n omgewing waar die skole nabygeleë is.

- Mediese sorg is beskikbaar. Dikwels gaan gesinsgeweld gepaard met beserings en ander mediese verwante probleme. By die plek van veilige bewaring, word daar voorsiening gemaak voor dat slagoffers binne die bereik van goeie mediese behandeling geplaas word.

- Die tydsduur van inwoning is onbeperk. Afhangende van die meriete van elke saak, word daar nie tyd gekoppel aan veilige bewaring nie. Wanneer dinge egter tuis normaliseer, kan daar ná goeie oorlegpleging deur 'n multi-professionele taakspan, 'n besluit hieroor geneem word al dan nie.

- Weeklikse betaling vir die behuising geskied volgens die persoon se eie finansiële vermoë. Finansies speel hier net só 'n deurslaggewende rol as op alle ander plekke in die samelewing. Wanneer 'n slagoffer se finansies dit toelaat word verwag dat daar 'n bydrae tot die huishouding gemaak sal word, en wel op 'n weeklikse basis. Die rede hiervoor is heel eenvoudig dat inwoners se situasie op 'n weeklikse basis gemonitor word. Daar is in die meeste gevalle van gesinsgeweld nie langtermynbeplanning moontlik nie. Daarom is dit goed om die situasie op 'n weeklikse basis te evalueer.

Ter illustrasie en verdere toeligting van die voorafgaande, word die Pretoria Kinder- en Gesinsorg Vereniging, Inter Trauma Nexus en ander instellings wat met die veilige versorging van slagoffers van gesinsgeweld gemoeid is, kortliks toegelig.

### 6.4.2 Die Pretoria Kinder-en Gesinsorg Vereniging

Die Pretoria Kinder-en Gesinsorg Vereniging het in 1918 in Pretoria tot stand gekom en is een van die eerste organisasies ooit wat uitgereik het na minderbevoorregte gemeenskappe. Gesinne, maar veral kinders in nood is baie hoog op hul prioriteitslys.

As uitloper hiervan het die Bramley Kinderhuis in Groenkloof Pretoria, in 1960 tot stand gekom. Die werksaamhede het uitgebrei na Atteridgeville, Eersterust en Mamelodi in 1945 en die Itumeleng Skuiling het gevolg in 1993. Huidiglik is die

werksaamhede van Pretoria Kinder en-Gesinsorg Vereniging oor die breër Pretoria versprei by:

- Atterdidgeville
- Centurion
- Eersterust
- Groenkloof (Bramley Kinderhuis).
- Mamelodi
- Olievenhoutbosch
- Schubart Park en
- Sunnyside.

Daar word deurlopend sake na Pretoria Kinder en-Gesinsorg Vereniging verwys sodat daar terapeuties met die betrokkenes gewerk kan word. Alle sake wat verwys word na hulle, het egter nie noodwendig met gesinsgeweld te doen nie, maar 'n groot deel van die aanmeldingstatistiek, wel (Van der Merwe 2004; Pretorius 2004).

Wanneer voorvalle van gesinsgeweld gerapporteer word, word dit na die maatskaplike werkers verwys wat die betrokke gesin besoek of reël dat hulle na die asseseringskantoor kom. Hier word 'n plan van aksie ná evaluasie saamgestel wat kort-en langtermynbeplanning inhou. Indien dit nodig sou blyk, word die getraumatiseerde vrou en/of kinders en die res van die gesin na 'n deurgangshuis of plek van veilige bewaring oorgeplaas. Die enigste beskikbare deurgangshuis in die middestad van Pretoria is 'n sekere plek met die naam "Jawa-deurgangshuis" wat in Sunnyside geleë is.

Volgens Van der Merwe (2004) en Pretorius (2004) ondervind hulle 'n toename in die voorkoms en aanmelding van gesinsgeweld. Hulle sê dit is opmerklik dat dit nie noodwendig jong egpare nie, maar veral getroude pare in hul vroeë dertigerjare is, wat by die meeste van die klagtes oor gesinsgeweld betrokke is. Die hoofredes wat hiervoor aangevoer word is dat faktore soos onder andere:

- alkoholmisbruik (in 80 persent van die gevalle)
- dwelmmiddelmisbruik en
- werkloosheid

dikwels die snellerfaktore met ʻn vernietigende effek in gesinsgeweld is.

Terapeutiese programme wat deur die Pretoria Kinder-en Gesinsorg aangebied word fokus op aspekte soos:

- lewensvaardighede
- gesonde kommunikasie
- gesinswerkswinkels
- interpersoonlike verhoudings
- ouerskap en ouerskapstyle
- selfbeeld
- aggressie
- die profiel van ʻn gebalanseerde funksionele gesin
- gesinsbegrotings en finansies
- alkohol en verdowingsmiddels en
- werkskepping.

Daar kan nie regtig van groot suksesse getuig word nie aangesien :

- die fasiliteite dikwels oorvol is
- sekere fassiliteite glad nie beskikbaar is nie
- hofsake lank sloer en
- ʻn tekort aan maatskaplike werkers ondervind word.

Alhoewel daar nie van groot en noemenswaardige deurbrake getuig kan word ten opsigte van die werksaamhede van die organisasie nie, speel die Pretoria Kinder-en Gesinsorg Vereniging tog ʻn baie belangrike rol. Al is daar nie altyd genoegsame fasiliteite en befondsing vir projekte nie, is elke gesin in nood wat gehelp word, uiteindelik ʻn diamant in die kroon van voorkoming.

### 6.4.3 Inter Trauma Nexus

Inter Trauma Nexus is 'n nie-winsgewende gemeenskapsdiensorganisasie wat onder leiding staan van ds. Barbara Louw en haar eggenoot Wynand. Hulle spesialiseer in traumaverligting van die alledaagse lewe. Die takkantore van Inter Trauma Nexus is versprei oor die groter Pretoria tewete Centurion, Gezina, Eersterust, Pretoria Noord, Pretoria-Wes, die Moot, Pretoria-Oos ensovoorts. Die hoofkantoor is in Menlyn Park Pretoria en daar word gewerk onder alle rassegroepe. Daar is ook by feitlik elke polisiestasie in die breër Pretoria 'n traumakantoor ingerig, wat deur vrywillige professionele persone beman word op 'n 24 uur basis.

Inter Trauma Nexus is in noue samewerking met die SAPD en hanteer sake soos:

- verkragting
- gesinsgeweld
- dreigende selfmoord
- post traumatiese stres (rooftogte, kapingsdramas, gesinsmoord, ensovoorts)
- kindermishandeling en doen ook
- krisisberading.

Die werkswyse wat gevolg word is om deur middel van strategiese beplanning:

- gereelde kursusse aan te bied
- lektuur te versprei
- kundige personeel op te lei
- beradingsprogramme aan te bied en te implimenteer, sowel as
- om tussenganger te wees tussen die verskillende professies wat gemoeid is met ondermeer gesinsproblematiek.

Persone word gereeld deur Inter Trauma Nexus verwys na deurgangsplekke of plekke van veilige bewaring. Hulle is ook net soos die Pretoria Kinder–en Gesinsorg Vereniging, aangewese op die owerhede en privaatsektor, vir die beskikbaarstelling

van fasiliteite om gesinne in nood (meestal vroue en kinders) te kan akkommodeer. Verskeie pogings word aangewend om die breër publiek te betrek by projekte om aan die nood van fasiliteite en ander noodsaaklike projekte te help voorsien.

Inter Trauma Nexus behaal groot sukses met hulle werksaamhede en die volgende redes kan hievoor verstrek word naamlik:

- die kundigheid lê op 'n hoë professionele vlak
- flinke diens (24 uur per dag) deur toegeruste personeel
- die motief is nie winsbejag nie
- daar is 'n deeglik beplande bemarkingstrategie
- die kursusinhoud is van hoë gehalte en
- die spanbenadering tussen die beroepe tot trauma is uiters susksesvol.

Inter Trauma Nexus is 'n betreklik jong organisasie maar vind homself reeds deeglik gevestig en behaal groot sukses.

## 6.5 Ander voorkomingsorganisasies

Ander organisasies in Suid-Afrika wat nóú gemoeid is met gesinne in krisis is onder andere

- Die Heilsleër.
- Die Prisoniersvriend.
- Die Christelike Maatskaplike Raad (CMR),
- Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Dwelms (SANRA).
- Family and Marriage Society of South Africa (FAMSA).

Al die bogenoemde organisasies volg min of meer dieselfde terapeutiese werkswyse, behalwe dat daar in spesifieke spesialiteitsrigtings gevolg word. SANRA spesialiseer byvoorbeeld in alkoholprobleme, FAMSA in huweliksproblematiek en die CMR in algemene maatskaplike sorg en welsyn. Alhoewel hulle spesialiseer deel al die spesialiteitsrigtings ʻn duidelike bemoeienis met gesinsproblematiek.

Benewens die Nie-Regerings Organisasies (NRO's) se impak op voorkoming van gesinsgeweld, doen die owerhede en Regering ook hulle deel.


### 6.6 Voorkoming deur die owerhede

Vroue wat aan navorsing in Suid-Afrika deelgeneem het, voel dat oneffektiwiteit van polisie en gebreke in die kriminele regspleging beide probleemareas is wat dringend aandag moet kry in pogings om ʻn voorkomingstrategie daar te stel (Bollen *et al.* 1999:80). In ʻn vraelys wat gehandel het oor wat hulle dink die Regering behoort te doen om die lewe vir vroue geweldsvry te maak, het hulle as volg gereageer:

- vyftig persent voel dat verbeterde polisiëring nodig is.
- twintig persent voel dat strenger wetgewing nodig is.
- vyf persent voel dat die kriminele regspleging aangepas moet word.
- 74 persent vroue voel dat die antwoord geleë is in beter wetstoepassing en dat kriminele regspleging die belangrikste area is wat aandag verdien.

Dit kan soos volg voorgestel word deur middel van die grafiek hieronder

**Grafiek 6.6.1 Die regering se rol in die voorkoming van gesinsgeweld**




- Die inligting vir bostaande grafiek is bekom uit persoonlike onderhoude met 269 vroue wat verteenwoordigend was vanuit al die verskillende rassegroepe in die metropolitaanse gebiede van Durban, Kaapstad en Johannesburg (Bollen *et al*. 1999:10).

## 6.7 Voorkoming deur die gemeenskap

In Bollen *et al*. (1999:82) se navorsing is daar gefokus op aspekte soos:

- Wat kan op gemeenskapsvlak gedoen word om misdade teen vroue met betrekking tot gesinsgeweld te voorkom?

- Watter tipe voorstelle sou jy oorweeg as jy die leier is van 'n vrouebeweging of 'n buurtwag met betrekking tot die vermindering van gesinsgeweld en ondersteuning van slagoffers?

- Watter nuwe organisasies kan 'n buurtwag in die lewe roep word om gesinsgeweld te voorkom en slagoffers daarvan by te staan?

Aanbevelings wat hieruit voortgevloei het, is die volgende:

- Opleiding en bewusmakingsveldtogte om die breër publiek bewus te maak van die probleem van gesinsgeweld.

- Voorsiening van beter fasiliteite aan slagoffers met betrekking tot beradingsbehoeftes en plekke van veiligheid.

- Groter bemagtiging aan slagoffers.


- Beter wetstoepassing.

- Verbeterde regspleging sodat die skuldige skuldig verklaar en gestraf kan word.

- Daar het 45 persent vroue tydens hierdie studie gevoel dat opleiding 'n noodsaaklike hersosialiseringsinstrument behoort te word, wat lede van die gemeenskap moet lei tot nie-gewelddadige gedrag; deur opleiding word 'n groter bewustheid van die problematiek gevestig en ook van kinders se reg om in 'n nie-gewelddadige gesinsmilieu opgevoed te word.

Die bevindinge kan grafies só voorgestel word:

**Tabel 6.7.1 Die gemeenskap se bydrae tot voorkoming van geisinsgegeld**




Dieselfde steekproef waarna in grafiek 6.6.1 verwys is, is gebruik om die inligting vir grafiek 6.7.1 hierbo te bekom en die respondente het as volg gereageer met betrekking tot die bydrae wat deur die gemeenskap gelewer kan word om misdade teen vroue (ook in gesinsgeweld) te voorkom (Bollen *et al.* 1999:10):

Dit is duidelik dat die meeste lede van die gemeenskap meen opleiding (van die publiek en die oortreders) die beste metode is om misdaad teen vroue te voorkom. Daarbenewens het hulle die stigting van die ondersteuningsgroep vir mishandelde vroue gepropageer, gevolg deur die verspreiding van inligting oor sulke fassiliteite. Dié respondente het strenger wetgewing, vroue-aksies, gemeenskapsprojekte en verbeterde polisiëring as van minder belang erken.

## 6.8 Beter fasiliteite vir slagoffers

Daar is 'n groot behoefte geïdentifiseer vir beter fasiliteite, maar ook plekke van veilige bewaring waar noodsaaklike ondersteuningsdienste beskikbaar sal wees om

die vrou (gesinslede) in krisis daardeur te help. Voorstelle soos die volgende is gemaak (Bollen *et al.* 1993:83-85):

- die beskikbaarstelling van plekke van veiligheid
- spesiale polisie-eenhede wat spesialiseer in geweldsmisdaad
- verhoogde fondse aan die plaaslike polisie om gesinslede te ondersteun
- welsynsdienste en krisissentra
- beskikbaarstelling aan slagoffers oor watter tipe dienste op die huidige stadium in die gemeenskap beskikbaar is
- meer en verbeterde beradingsdienste
- langer werksure vir krisispersoneel
- meer ondersteuningsgroepe
- die totstandkoming van groepe deur gesinslede wat geviktimiseer was, sodat hulle mekaar vanuit hulle ondervinding kan raad gee en
- oprigting van sentra waar kundigheid en inligting beskikbaar is om die probleem van gesinsgeweld effektief die hoof te bied.

Die algemene konsensus is dat die huidige beskikbare plekke van veiligheid in Suid-Afrika geherevalueer moet word ten einde hulle effektiwiteit al dan nie, te bepaal. Plekke waar kinders tydelik geplaas kan word in noodsituasies moet ook vroegtydig geïdentifiseer word.

### 6.9 Die beginsels van alle voorkomingsprogramme

Sodanige hulp kan op individuele basis of in groepsverband plaasvind. Die basiese reëls wat geld by groepsterapie is universeel en sluit dinge in soos die volgende:

- daar moet wedersydse respek wees tussen groepslede
- aktiewe deelname en betrokkenheid is noodsaaklik
- gereelde bywoning is van uiterste belang
- eerlikheid van die oortreder met homself
- geen drank 24 uur voor die byeenkoms nie

- geen dreigemente mag gemaak word nie en vertroulikheid moet gewaarborg kan word.

Deelnemers aan een van hierdie programme wat deur Decker (1999:5) ontwerp is en beskryf word, stel sekere voorwaardes aan hulself. Hulle onderneem dat basiese reëls nagekom sal word. Skorsing sal plaasvind indien die reëls nie nagekom word nie. Hulle moet selfvertroue aanleer, en bewus gemaak word van die kousale faktore wat aanleiding gee tot uitbarstings van geweld. Die enigste effektiewe manier waarop die probleem — waaraan hulle hulself skuldig aan gemaak het, naamlik gesinsgeweld—in die langtermyn aangespreek kan word, is om die oortreder op die pad van selfinsig te lei.

Die behandelingsprogram sluit in 'n geweldskontrolelys ("check list"), 'n inventaris van die gebeure wat die insident voorafgegaan het, die snellerfaktore (soos geld, skoonouers, kinders, jaloesie, en stres), liggaamstaal, verbaliserings, afkoeltyd ("time-out") en kognitiewe herstrukturering.

Daar word veral ná die 1994 verkiesing in Suid-Afrika groot erns gemaak van die voorkomingsaspek van misdade teen vroue. Die regering van die dag het dit 'n prioriteit gemaak om deur middel van opheffingsprogramme soos byvoorbeeld die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) aandag te skenk aan die verontregting van vroue. Vroue is ná 1994 in 'n sterk bemagtigingsposisie in Suid-Afrika.

Human Rights Watch (1995:1) verwys hierna deur te sê: " The Reconstruction and Development Programme (RDP) must focus on the reconstruction of the family and community life by prioritising and responding to the needs of …women and children who have been victims of domestic and other forms of violence". Dieselfde bron (HRW 1995:1) se standpunt is ook dat daar formele toewysing van geslags-en rassegelykheid moet wees om dit te kan bevorder.

Alhoewel die HOP program dit sedertien die bewindsoorname van die nuwe Suid-Afrikaanse Regering onder leiding van die African National Congress ernstig

nastrewe om 'n verskil te maak, blyk dit eerder dat nie-regeringsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse vrouebeweging te wees , wat uiteindelik 'n daadwerklike verskil aan gesinsgeweld kan maak. Hulle is reeds diep ingegrawe in privaat finansiëring vir noodlyne, plekke van veiligheid vir slagoffers, wetsherskrywing en wysiging en opleiding op 'n wye front (Human Rights Watch 1995:5). Hulle werksaamhede in samewerking met die HOP het gelei tot die ondertekening van "The Convention of the Ellimination of All Forms of Discrimination against Women". Hieruit is die logiese gevolg dat daar:

- streng stappe op regsgebied met betrekking tot polisiëring, hofprosedures en algemene hantering van interdikte geïmplimenteer is
- streng optrede teen verkragters en bystand aan verkragtingslagoffers volg en dat
- polisiëringsdienste aansienlik verbeter is.

Daar is dus heelwat aktiwiteit in Suid-Afrika aan die gang rondom voorkoming. Verskillende rolspelers is besig om op verskillende terreine van belangrikheid, die probleem van gesinsgeweld aan te spreek. 'n Groter bewuswording daaroor is stadig maar seker besig om by die algemene bevolking inslag te vind.

### 6.10 Slotbeskouïng

Dit is verblydend dat daar regoor die wêreld aksies in plek gestel word om dringende aandag aan die probleem van misdaad teen vroue te skenk. Nader tuis word daar ook stappe gedoen en word daar maniere ondersoek om die probleem effektief aan te spreek.

Die soektog na literatuur wat daaroor handel, opvoeding, en rehabilitasieprogramme vir oortreders, asook 'n kultuur van selfbeheersing, kan 'n ver ent vorder om gesinsgeweld te voorkom. Wanneer dit met primêre, sekondêre en tersiêre misdaadvoorkomingsmaatreels gekombineer word, kan voorkoming verder gevoer word. Voorkoming van gesinsgeweld deur middel van veilige plekke, die Pretoria

Kinder- en Gesinsorg Vereniging, Inter Traua Nexus en ander institutionsle organisasies soos die Heilsleër en die Christelike Maatskaplike Raad, kan die voorkoming van gesinsgeweld verder op formele wyse ondersteun. Die voorkomingsmaatreels deur die owerhede moet dan nog hierby gevoeg word. Hierdie navorsing het ook vasgestel dat voorkoming deur die gemeenskap self en beter fasiliteite vir slagoffers ook voorkomende bydraes kan lewer. Nietemin, nieteenstaande al hierdie goeie voorkomingsinisiatiewe, gaan gesinsgeweld voort. Die aard daarvan kom duideliker na vore met die empiriese data wat vir die doel van hierdie navorsing versamel is.

In **hoofstuk 7** volg die analise en interpretasie van die empiriese data wat tydens hierdie navorsing gegenereer is. Die gegewens is op dossier-analise gebaseer.

# HOOFSTUK 7

# STATISTIESE ONTLEDING

## 7.1 Inleiding

Die inhoud van hierdie hoofstuk word aangebied rondom die

- biografiese data van die oortreder
- biografiese data van die slagoffer
- die *modus operandi* wat deur die oortreders gevolg is en die
- beregting van die misdade.

In die geval waar kruistabelle gebruik word, is die maatstaf van die Pearson Chi-kwadraattoets waarvan die meting tussen 0.05 tot 0.01 as statisties beduidend beskou word. ʼn Meting van 0.05 beteken dus dat daar ʼn 95 persent kans bestaan dat dieselfde meting verkry sou word indien daar ʼn ewekansige steekproeftrekking sou plaasvind en ʼn 99 persent kans in die geval van 0.01 persent.

Vervolgens word die biografiese data van die slagoffers in tabelle uiteengesit en geanaliseer. Dit word gedoen in terme van die geslag, ras, en ouderdom van die klaers.

## 7.2 Biografiese data van die slagoffer

**Tabel 7.2.1 Geslag van die slagoffers**

| Geslag van die slagoffer | | |
|---|---|---|
| **Geslag** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
| Manlik | 64 | 15.4 |
| Vroulik | 351 | 84.6 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.2.1 was daar 64 (15.4%) manlike en 351 (84.5%) vroulike klaers met betrekking tot gesinsgeweld. Alhoewel daar baie meer vroue as mans is wat klaagsters is wat bevestig dat die oorgrote meerderheid persone wel mans is, is dit tog belangrik om kennis te neem van die feit dat daar wél 'n hele aantal vroue is, wat óók aangekla is vir gesinsgeweld. Alhoewel mans by die grootste frekwensie voorvalle van gesinsgeweld geïmpliseer word, is dit tóg sinvol om kennis te neem dat in teenstelling met die feminisme wat álle gesinsgeweld nét aan mans wil toedig, ook 'n aantal vroue 64, wat 15.4 persent van die steekproef verteenwoordig het, by gesinsgeweld betrokke was.

Die gegewens oor die ouderdom van die slagoffers wat uit die dossiere verkry kon word, was soos volg:

**Tabel 7.2.2 Ouderdom van die slagoffer**

| Ouderdom | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Onder 18 | 19 | 4.6 |
| 19-21 | 38 | 9.2 |
| 22-24 | 80 | 19.3 |
| 25-27 | 55 | 13.3 |
| 28-30 | 44 | 10.6 |
| 31-45 | 129 | 31 |
| Bo 45 | 50 | 12 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.2.2 is daar sewe ouderdomsgroepe vir die doeleindes van hierdie navorsing op die vraelys afgesonder en elkeen afsonderlik ten opsigte van frekwensie en persentasie vergelyk. Dit blyk dat klaagsters/klaers in die volgende ouderdomsgroepe in volgorde van belangrikheid die mees kwesbaarste is met betrekking tot gesinsgeweld: 31-45 jariges, 129 (31.1%), 22-24 jariges, 80 (19.3%), 25-27 jariges, 55 (13.3%), 45 en ouer, 50 (12%), 28-30 jariges, 44 (10.6%), 19-21 jariges, 38 (9.2%) en onder 18's, 19 (4.6%).

Waarskynlik kom gesinsgeweld die meeste voor onder die 31-45-jariges, naamlik 129 (31.1%) omdat die meeste mense dan reeds getroud is en of 'n eie huisgesin het. Dit kom waarskynlik die minste, slegs (4.6%) onder jong mense onder 18 jaar oud voor, waarskynlik omdat nog minder van hulle in die spesifieke ouderdomsgroep in die huwelik bevestig is. Die ouderdom van die slagoffers en die skuldigbevinding van die oortreders is gevind om met mekaar in verband te staan.

**Tabel 7.2.3 Die ras van die slagoffer**

| Ras | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Swart | 411 | 99.1 |
| Kleurling | 1 | 0.2 |
| Asier | 3 | 0.7 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.2.3. is daar drie verskillende etniese groepe as klaagsters /klaers op die vraelys as volg geïdentifiseer: 411 (99.1%) Swartes, 1 (0.2%) was 'n Kleurling en 3 (0.7%) was Asiërs. Die meeste voorvalle kom dus voor onder swartes, gevolg deur Asiërs en daarna kleurlinge.

Hierdie syfers moet verstaan word teen die agtergrond van die ligging van die gekose polisiestasies. Mamelodi (naby Pretoria), Alexandra (naby Johannesburg), en Rietgat (ook naby Pretoria) is gebiede wat voorheen slegs deur Swart mense bewoon kon word. Laudium (naby Pretoria) is 'n gebied waarin voorheen slegs Indiers kon woon. Eersterust (naby Pretoria) is 'n gebied waarin voorheen slegs Kleurlinge kon woon. Hoewel hierdie 'bevolkingsklassifikasie' met die koms van demokrasie in April 1994 geskraap is, word die woonbuurte 10 jaar later nog steeds hoofsaaklik deur hierdie etniese groepe bewoon.

Die voorafgaande data (ouderdom, ras en geslag) is die enigstes wat ten opsigte van die slagoffers uit die dossiere bekom kon word.

Vervolgens word die data wat van die oortreders op die dossiere geregistreer is, weergegee en kortliks ontleed.

### 7.3 Biografiese data van die oortreder

Die dossiere het inligting oor die geslag, ras en ouderdom van die oortreders bevat. Die nasionaliteit, beroep, huwelikstatus en ouderdom is ook aangeteken.

**Tabel 7.3.1 Die geslag van die oortreder**

| Geslag van oortreder | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Manlik | 375 | 90.4 |
| Vroulik | 40 | 9.6 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.3.1 is daar gelet op manlike sowel as vroulike oortreders en aanmelding is met betrekking tot frekwensie en persentasie met mekaar vergelyk. Die syfers is as volg: Daar was 375 (90.4%) manlike en 40 (9.6%) vroulike oortreders.

Alhoewel daar ook vroulike geweldenaars is, is die persentasie en frekwensie van manlike gesinsgeweldenaars 375 (90.4%) vanuit 'n kriminologiese oogpunt onaanvaarbaar en kommerwekkend hoog. Die feit dat gesinsgeweld ook deur vroue gepleeg word, 40 (9.6%), kan egter nie geïgnoreer word nie.

Soos verwag kon word, is statistiese beduidendheid geregistreer ten opsigte van die geslag van die oortreder en die geslag van die slagoffer. Dit was soos volg:

**Kruistabel 7.3.1 Geslag van die Oortreder versus Geslag van die Slagoffer**

| Geslag van oortreders | Geslag van slagoffers | | Totaal |
|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | |
| Manlik | 47 | 17 | 64 |
| Vroulik | 328 | 23 | 351 |
| **Totaal** | **375** | **40** | **415** |

**Chi-Kwadraat 24,88; Df 1; Prob. 0.000**

Volgens kruistabel 7.3.1 was die verband tussen die geslag van die oortreder en die geslag van die slagoffer statisties hoogs beduidend. Mens sou dit logieserwyse kon verwag.

Die navorsing se fokus is immers gesinsgeweld – en gesinsgeweld kom voor tussen die twee geslagte (manlik en vroulik) binne gesinsverband. Daarom wys die navorsing duidelik dat die dames meer kere die slagoffers is omdat hulle vroulik is. Hule is immers met mans getroud.

**Tabel 7.3.2 Ouderdom van die oortreder**

| Ouderdom | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Onder 18 | 7 | 1.6 |
| 19-21 | 28 | 6.7 |
| 22-24 | 113 | 27.3 |
| 25-27 | 70 | 16.9 |
| 28-30 | 51 | 12.3 |
| 31-45 | 112 | 27.1 |
| Bo 45 | 32 | 7.7 |
| **Totaal** | **413** | **99.6** |

Volgens tabel 7.3.2 is daar gelet op manlike sowel as vroulike oortreders en aanmelding is met betrekking tot frekwensie en persentasie met mekaar vergelyk. Die syfers is as volg: Daar was 113 (27.3%) oortreders in die ouderdomsgroep 22-24 jaar, 112 (27.1%) oortreders in die ouderdomsgroep 31-45 jaar, 70 (16.9%) oortreders in die ouderdomsgroep 25-27 jaar, 51 (12.3%) oortreders in die ouderdomsgroep 28-30 jaar, 32 (7.7%) oortreders in die ouderdomsgroep bó 45 jaar, 28 (6.7%) oortreders in die ouderdomsgroep 19-21 jaar en slegs 7 (1.6%) in die ouderdomsgroep onder 18 jaar.

Die hoë voorkoms van oortreders in die ouderdomsgroep 22-24 jaar van 113 (27.3%) en 31-45 van 112 (27.1%) sowel as die lae voorkoms van die ouderdomsgroep onder 18 van slegs 7 (1.6%) voorvalle, het waarskynlik te doen met die ouderdom wanneer oortreders in die huwelik tree. Daarom is die frekwensie voorvalle onder die onder 18 jariges laag maar hoog in veral die ander twee genoemde kategorieë.

Soos verwag kon word is statistiese beduidendheid geregistreer ten opsigte van die ouderdom van die slagoffer en skuldigbevinding van die oortreder. Hierdie navorsing het 'n belangwekkende bevinding gemaak ten opsigte van die

ouderdom van die slagoffer in die tipe gesinsgeweld waaraan die oortreder skuldig bevind is. Die gegewens word in tabel 7.3.2 weergegee.

**Kruistabel 7.3.2 Ouderdom van Slagoffer versus Skuldigbevinding aan Tipe Misdaad**

| **Ouder dom van Klaer** | **Oortreder skuldig bevind aan** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Aan-rand Ge woon** | **Aan-rand Opset** | **Ver-Baal** | **Sek-suele teiste-ring** | **Ver-krag-ting** | **Ont-voering** | **Ander** | **Totaal** |
| –18 | 10 | 2 | 0 | 0 | 3 | 1 | 3 | 19 |
| 19-21 | 18 | 9 | 2 | 1 | 0 | 0 | 8 | 38 |
| 22-24 | 47 | 15 | 5 | 2 | 1 | 2 | 8 | 80 |
| 25-27 | 26 | 16 | 3 | 0 | 0 | 0 | 9 | 54 |
| 28-30 | 25 | 10 | 0 | 3 | 2 | 0 | 4 | 44 |
| 31-45 | 65 | 34 | 6 | 0 | 1 | 0 | 23 | 129 |
| 45 + | 25 | 11 | 4 | 0 | 1 | 0 | 9 | 50 |
| **Totaal** | **216** | **97** | **20** | **6** | **8** | **3** | **64** | **414** |

**Chi-Kwadraat 61,353; Df 36; Prob. 0,005**

Tabel 7.3.2 toon duidelik aan dat daar statistiese beduidendheid tussen die ouderdom van die slagoffer en die tipe misdaad waaraan die oortreder skuldig bevind is, geregistreer is. Die bevinding kom daarop neer dat, byvoorbeeld die verskille tussen gewone aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer, in verband met die ouderdom van die slagoffer gebring kan word. Dit beteken dat dit juis die ouderdom van die slagoffers is wat die belangrike faktor is in die voorkoms van die tipe aanranding.

Tabel 7.3.2 toon verder aan dat die meeste slagoffers wat tussen 31 en 45 jaar oud was tydens die navorsing, geslaag het met skuldigbevinding van die twee tipes aanranding – naamlik 'n totaal van 99 (23.85%). Hierna volg die

ouderdomsgroep van 22-24 jaar met 62 (14.93%) skuldigbevindings — ook ten opsigte van die aanrandingsake.

### 7.3.3 Huwelikstatus van die oortreder

| Huwelikstatus | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Getroud | 125 | 30.1 |
| Geskei | 16 | 3.9 |
| Wewenaar | 3 | 0.7 |
| Nooit getroud | 175 | 42.2 |
| Saamwoon | 94 | 22.7 |
| **Totaal** | **413** | **96.6** |

Volgens tabel 7.3.3 is daar is vyf kategorieë van moontlike huwelikstatus van die oortreder ondersoek en met mekaar vergelyk ten opsigte van frekwensie en persentasie. Van hulle was 175 (42.2%) nog nooit getroud nie, 125 (30.1%) getroud, 94 (22.7%) het saamgewoon, 16 (3.9%) was geskei en 3 (0.7%) was wewenaars. Van die totale groep vraelyste wat op hierdie vrae moes antwoord was 2 (0.4%) dossiere onvolledig en kon dus nie verwerk word nie.

Gesien teen die agtergrond van die hoë frekwensie voorvalle wat by die ongetroudes 175 (42.2%) asook dié wat bloot saamwoon 94 (22.7%) voorgekom het, is die waarskynlikheid groot dat nie-geformaliseerde saamwoon as huweliksmaats, skynbaar bevorderlik vir gesinsgeweld is. Van die gevalle was 125 (30.1%) egter persone wat in gevestigde, tradisionele huweliksvehoudinge gestaan het. Hierdie syfers is kommerwekkend hoog – juis omdat hierdie persone wel uiting gegee het aan die formaliserig van hulle huweliksverhouding. Dit spreek van die wil om 'n lewenslange verbintenis aan te gaan. En tog kom daar dan geweld voor.

Die huwelikstatus van die oortreder en die ouderdom van die slagoffers is met hierdie navorsing ook statisties hoogs beduidend verbind. Die gegewens is soos volg:

**Kruistabel 7.3.4 Huwelikstatus Oortreder versus Ouderdom Slagoffer**

| Ouderdom van Slagoffer | Huwelikstatus v Oortreder | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getroud | Geskei | Wewenaar | Nooit getroud | Woon saam | |
| Onder 18 | 1 | 2 | 0 | 14 | 1 | 18 |
| 19-21 | 5 | 1 | 0 | 21 | 11 | 38 |
| 22-24 | 13 | 0 | 0 | 41 | 26 | 80 |
| 25-27 | 8 | 2 | 2 | 27 | 15 | 54 |
| 28-30 | 10 | 2 | 0 | 15 | 17 | 44 |
| 31-45 | 63 | 5 | 0 | 41 | 20 | 129 |
| Bokant 45 | 25 | 4 | 1 | 16 | 4 | 50 |
| **Totaal** | **125** | **16** | **3** | **175** | **94** | **413** |

**Chi-kwadraat 90,60; Df 24; Prob. 0,000**

Kortweg kom die inligting wat in tabel 7.3.4 weergegee is op die volgende neer: Die meerderheid van die oortreders in hierdie navorsing, naamlik 63 (15.2%) was getroud, en hulle slagoffers was tussen 31 en 45 jaar oud. Daarná volg die slagoffers wat bokant 45 jaar oud was 25 (6.3%). Hierná volg die slagoffers 13 (3.1%) van die getroude oortreders tussen 22 en 24 jaar oud, gevolg deur die 10 (2.4%) wat 28 tot 30 jaar oud was.

Die meeste voorvalle vind waarskynlik in die hoër ouderdomsgroepe ten opsigte van getroude oortreders en slagoffers plaas, omdat die redes wat genoem word vir gesinsgeweld soos onder andere die hoë werkloosheidsyfer, veranderende en veranderde rolle van die vrou in die huwelik en die samelewing asook 'n gebrek aan aanpassing, duidelik sy tol begin eis. Jonger getroudes probeer oor die algemeen om dinge reg te maak en probleme uit te stryk aangesien die liefde nog jonk en die hoop om gesinsonmin te oorleef betreklik hoog is. Ouer mense se

geduld raak op en omdat hulle ouers is en hulle huweliksverhouding waarskynlik ook ouer is, kan hulle makliker sinies word. Gesinsgeweld kom dan makliker aan die orde van die dag omdat ou vetes waarskynlik onafgehandel, toleransiedrempel laag en die frustrasievlak hoog is.

'n Ander waarskynlike rede waarom die ouer getroude slagoffers en getroude oortreders se frekwensie hoog is, mag wees omdat daar reeds 'n hegte band is (kinders, finansiële voorspoed ensovoorts) wat hulle wel nog saambind. Die bindende faktore maak dat hulle nie uitmekaar wil gaan nie. Hulle onderlinge verskille is egter so groot dat dit maklik in geweld uitbars. Wanneer daar verskille kom is hulle eerder bereid om vir hulle "reg te veg" of miskien dinge "reg te veg" ten einde hulle reg te beskerm en in stand te hou. Die uiteinde van hierdie optrede is heel dikwels gesinsgeweld in 'n ernstige graad soos in die syfers weërspieël word. Die dossiere het ook vir die taalvoorkeur en bevolkingsgroep van die oortreder voorsiening gemaak.

**Tabel 7.3.4 Nasionaliteit van die oortreder**

| Nasionaliteit | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Tsonga | 54 | 13 |
| Suid-Sotho | 93 | 22.4 |
| Noord-Sotho | 22 | 5.3 |
| Xhosa | 34 | 8.2 |
| Zoeloe | 129 | 31.1 |
| Pedi | 3 | 0.7 |
| Venda | 5 | 1.2 |
| Kleurling | 26 | 6.3 |
| Asiër | 8 | 1.9 |
| Blank | 3 | 0.7 |
| Uitlander | 6 | 1.4 |
| Ander | 31 | 7.5 |
| **Totaal** | **414** | **99.7** |

Tabel 7.3.5 toon aan dat die grootste frekwensie onderskeidelik vanaf die Zoeloes kom, 129 (31.1%), en daarna onderskeidelik vanaf die Suid-Sothos 93 (22.4%),

Tsongas 54 (13%), Kleurlinge 26 (6.3%) en Asiërs 8 (1.9%). Blankes was heelwat minder betrokke met 'n frekwensie van slegs 3 (0.7%). Alhoewel die moedswillige leser hieruit sou kon aflei dat die Zoeloes 129 (31.1%) waarskynlik meer aggressief is as die Suid-Sothos 93 (22.4%) en die Tsongas 54 (13%) en dat die swart bevolking wat hierdie ondersoek aanbetref, in sy geheel 341 (73.2%), baie meer betrokke skyn te wees by gesinsgeweld as die Kleurlinge, Blankes, Asiërs en Ander gesamentlik 74 (26.8%), behoort dit met groot omsigtigheid gedoen te word.

Faktore soos demografiese verspreiding, politiek, werkloosheid, finansies, alkohol, tradisie en kultuur moet ook in aanmerking geneem word by 'n evaluasie van die genoemde syfers. Die polisiestasies wat vir die doel van die navorsing geselekteer is, kom voor in dié woongebiede wat deur dié bevolkingsgroepe bewoon word. Die rede waarom dié stasies geselekteer is, is omdat die meeste voorvalle van misdade wat onder gesinsgeweld kan resorteer, hier aangemeld word volgens senior superintendent M. Freislich (2003). Die empiriese data kan die navorsing verder verryk met inligting uit die dossiere ten opsigte van die beroepsvelde van die oortreders.

**Tabel 7.3.5 Die beroep van die oortreder**

| Beroep van oortreder | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Boubedryf | 25 | 6.0 |
| Administratief | 32 | 7.7 |
| Sekuriteit | 39 | 9.4 |
| Bankwese | 1 | 0.2 |
| Eie besigheid | 38 | 9.2 |
| Staatsdiens | 8 | 1.9 |
| Werkloos | 86 | 20.8 |
| Ander | 184 | 44.6 |
| **Totaal** | **413** | **99.8** |

Volgens tabel 7.3.5 kan daar agt verskillende beroepsvelde by die oortreders geregistreer word. Die grootste meerderheid 184 (44.6%) oortreders resorteer

wat beroepstatus aanbetref onder "ander", 86 (20.8%) is werkloos, 39 (9.4%) werk in sekuriteitsverwante beroepe, 38 (9.2%) het hulle eie besighede, 32 (7.7%) werk in administratiewe poste, 25 (6.0%) werk in die boubedryf, 8 (1.9%) werk in die staatsdiens terwyl slegs 1 (0.2%) in die bankwese betrokke is.

Die grootste groep van 184 (44.6%) wat onder "ander" geplaas moes word, wek kommer. Dit spreek van 'n onderafdeling van die dossiere wat nie volledig voltooi is nie. Die afleiding kan met redelike sekerheid gemaak word dat dit waarskynlik só is dat werkloosheid 'n deurslaggewende rol speel in gesinsgeweld aangesien dit die tweede hoogste frekwensie 86 (20.8%) gehad het.

Die persone in die sekuriteitsberoepe 39 (9.4%) het die derde hoogste frekwensie wat baie interessant is. Omdat sekuriteitswagte dikwels met geweld in hulle beroepslewe te doen kry, kan dit maklik in hulle persoonlike verhoudingslewe oorgaan.

Vuurwapens speel ook dikwels 'n rol as sekuriteitswagte of polisiemanne by gesinsgeweld betrokke raak. Persone in die bankwese 1 (0.2%) het die laagste frekwensie van gesinsgeweld getoon. Dit is waarskynlik só omdat hulle in 'n vaste beroep staan en met groot verantwoordelikheid te doen het. Daardie verantwoordelikheidsin, word na hulle eie verhoudingslewe verplaas.

Sekere belangrike data van die *modus operandi* van die oortreders kon ook uit die dossiere onttrek word. Dit word vervolgens kortliks weergegee en ontleed.

## 7.4 *Modus operandi* van die oortreder

### 7.4.1 Die maande waarin gesinsgeweld die meeste voorkom

| Maand van die jaar | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Januarie | 3 | 0.7 |
| Februarie | 100 | 24.1 |
| Maart | 80 | 19.3 |
| April | 59 | 14.2 |
| Mei | 35 | 8.4 |
| Junie | 29 | 7 |
| Julie | 14 | 3.4 |
| Augustus | 15 | 3.6 |
| September | 24 | 5.8 |
| Oktober | 20 | 4.8 |
| November | 24 | 5.8 |
| Desember | 12 | 2.9 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.4.1 is inligting bekom vanuit aanmeldings op vraelyste wat by ses verskillende polisiestasies verkry is vir die tydperk Januarie 2000 –Desember 2001. Uit bogaande gegewens is daar in Februarie 100 (24.1%) gevalle van gesinsgeweld in Gauteng aangemeld, in Maart 80 (19.3%), in April 59 (14,2%), in Mei 35 (8.4%), in Junie 29 (7%), in September 24 (5.8%) en in Oktober 24 (5.8%).

Dit blyk dat die bogenoemde maande die hoogste aktiwiteit van gesinsgeweld het en dat maande soos hier onder die minste het en daarom die sogenaamde "stil" maande in die onderste kurwe is, wat gesinsgeweld in die RSA aanbetref. In Januarie is daar slegs 3 (0.7%) gevalle van gesinsgeweld by die genoemde polisiestasies in Gauteng aangemeld, in Desember 12 (2.9%), en in Julie 14 (3.4%). Dit is opmerklik dat die bekende vakansiemaande (Desember, Januarie, Julie) die minste aanmeldings by dié ses polisiestasies gerraporteer het. Die waarskynlikste rede hiervoor is dat die mense nie (tradisioneel) met vakansie weggaan nie. Hulle bly tuis. Die feit dat hulle vanweë die vakansiemaande minder werk toe

gaan, veroorsaak dan baie meer mense in die woonbuurte tuis is, as wanneer dit nie vakansietyd is nie. Dit kan ʻn inhiberende effek hê op die pleging van misdade in daardie gebiede — omdat daar baie mense tuis is, kan oortreders maklik raakgesien en uitgewys word. Omdat die risikos vir uitvang hoër is, neem die gesinsgeweld rapporterings ook af in die vakansiemaande.

Daar kan sekerlik ook verskeie redes aangevoer word waarom sommige maande "stil" en ander weer "besige" maande is. Dit is insiggewend dat Februarie met 100 (24.1%) voorvalle, Maart met 80 (19.3%) en April met 59 (14.2%) voorvalle die hoogste frekwensie toon wanneer die jaarsyfers vergelyk word. ʻn Mens sou eerder verwag dat die vakansiemaande soos Desember en Julie die hoogste voorkoms sou weerspieël. Die bevinding dat Desember en Januarie laer rapporterings geregistreer het, kan natuurlik ook toegeskryf word aan ekonomiese redes. In dié maande het mense ook meer geld beskikbaar omdat vakansiebonusse uitbetaal is. Minder redes vir stryery is dus teenwoordig. Dit moet egter dadelik toegegee word dat hierdie "oor vakansietyd" argument nie ten opsigte van Juliemaand kan geld nie. Hierdie gevolgtrekking se logiese eindpunt is natuurlik dat werkverwante stres, ʻn groot rol speel by gesinsgeweld — omdat die meeste insidente tydens die "werksmaande" aangemeld word.

Die maand waarin die voorvalle aangemeld is en die geslag van die oortreder is ook in die navorsing positief verbind. Meer vroue as mans het deurgaans gesinsgeweld gaan aanmeld by die polisie (Chi-kwadraat 39.918; DF11; Prob.0.001).

Die data wat in die dossiere opgesluit is, het ook die dae van die week waarop gesinsgeweld die meeste voorkom, beskikbaar gemaak.

**Tabel 7.4.2 Die dae waarop gesinsgeweld voorkom**

| Dag van die week | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Maandag | 58 | 14 |
| Dinsdag | 31 | 7.5 |
| Woensdag | 45 | 10.8 |
| Donderdag | 41 | 9.9 |
| Vrydag | 62 | 14.9 |
| Saterdag | 93 | 22.4 |
| Sondag | 84 | 20.2 |
| **Totaal** | **414** | **99.8** |

Volgens tabel 7.4.2 is dit dus duidelik dat Saterdae met 93 (22.4%) voorvalle, heel bo aan die lys is, en daarná volg Sondae met 84 (20.2%), Vrydae met 62 (14.9%), Maandae met 58 (14%), Woensdae met 45 (10.8%), Donderdae met 41 (9.9%) en Dinsdae met 31 (7.5%) voorvalle.

Naweke blyk dus krities te wees ten opsigte van die voorkoms van gesinsgeweld. Dit is waarskynlik só omdat albei partye of slegs een, nie werk oor 'n naweek nie, sosiale verkeer saam met vriende, kan lei tot die misbruik van alkohol, die gesin nie kwaliteittyd saam spandeer en eerder rusie sal maak as om te ontspan, die gesin kerklos of selfs kerkloos geraak het. Party mans (en soms ook vroue) kry weekliks geld, dan is daar rusie oor geld, kinders bring naweke maats huistoe óf verdwyn na maats toe, want die skole is gesluit. Dit kan die teelaarde van gesinsrusies word. Kinders kan selfs persoonlik drank en verdowingsmiddels gebruik wat tot gesinsrusies lei.

**7.4.3 Tyd van die dag**

| Tyd van die dag | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 06h01-10h00 | 51 | 12.3 |
| 10h01-14h00 | 42 | 10.1 |
| 14h01-18h00 | 81 | 19.6 |
| 18h01-22h00 | 147 | 35.4 |
| 22h01-02h00 | 69 | 16.6 |
| 02h01-06h01 | 25 | 6 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.4.3 is daar is ses tydskedules in hierdie tabel weergegee. Dit blyk dat die meeste voorvalle plaasvind in die tydperk 18h01-22h00 met 147 (35.4%) voorvalle, 14h01-18h00 81(19.5%) voorvalle, 22h01-02h00 69 (16.6) voorvalle, 06h01-10h00 51 (12.3%) voorvalle, 10h01-14h00 42 (10.1%) voorvalle en 02h01-06h00 met 25 (6%) voorvalle.

Dis te verstane dat die meeste voorvalle van gesinsgeweld, naamlik 147 (35.4%) voorvalle, kom waarskynlik voor in die aand ná werk tot en met ongeveer slapenstyd. Uit die aard van die saak kan dit nie plaasvind wanneer die gesinslede nie bymekaar is nie. Die middae is waarskynlik ook krities vanweë die feit dat sommige persone die middag af kan wees en die huweliksmaat dalk net 'n halfdag pos beklee. Die minste voorvalle gebeur in die nánag as almal slaap.

Vervolgens word die data insake die tipe misdaad wat uit die dossiere ontsluit kon word, ook kortliks weergegee.

**Tabel 7.4.4 Tipe misdaad**

| Tipe misdaad | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Aanranding (gewone) | 198 | 47.7 |
| Aanranding (ernstig) | 167 | 40.2 |
| Verbale teistering | 11 | 2.7 |
| Seksuele teistering | 2 | 0.5 |
| Verkragting | 4 | 1 |
| Onsedelike aanranding | 3 | 0.7 |
| Ander (bv. Menseroof) | 30 | 7.2 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.4.4 is daar sewe verskillende tipes misdaad ten opsigte van frekewensie en persentasie met betrekking tot gesinsgeweld, met mekaar vergelyk. Die tipes misdaad kom onderskeidelik van die hoogste na die laagste frekwensie as volg voor : Gewone aanrandings 198 (47.7%), ernstige aanrandings 167 (40.2%), ander tipes (bv. ontvoering) 30 (7.2%), verbale teistering 11 (2.7%), verkragting 4 (1%), onsedelike aanranding 3 (0.7%) en seksuele teistering 2 (0.5).

Gewone aanranding kom die meeste voor en is kommerwekkend hoog op 198 (47.7%) van die gevalle. Ernstige aanranding is net so hoog op 167 (40.2%) van die gevalle. Gesamentlik verteenwoordig hierdie 365 voorvalle die oorspronklike meerderheid van misdaadsoorte, naamlik 87.95 persent.

Statistiese hoë beduidenheid is ten opsigte van die tipe misdaad en die ouderdom van die oortreder aangeteken.

**Kruistabel 7.4.4 Die tipe misdaad versus die ouderdom van die oortreder**

| Ouder dom | Aanranding Gewoon | Aanranding Ernstig | Verbaal | Seksuele teistering | Verkragting | Onsedelike Aanranding | Ander | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| – 18 | 11 | 4 | 0 | 0 | 3 | 1 | 0 | **19** |
| 19-21 | 20 | 14 | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | **37** |
| 22-24 | 36 | 28 | 6 | 0 | 0 | 2 | 6 | **78** |
| 25-27 | 27 | 24 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 | **53** |
| 28-30 | 23 | 20 | 0 | 0 | 1 | 0 | 2 | **46** |
| 31-45 | 61 | 54 | 1 | 0 | 0 | 0 | 18 | **134** |
| 45 + | 20 | 23 | 1 | 1 | 0 | 0 | 3 | **48** |
| **Totaal** | **198** | **167** | **11** | **2** | **4** | **3** | **30** | **415** |

**Chi-kwadraat 91.641; Df 36; Prob.000**

Volgens kruistabel 7.4.4 is daar statisties hoë beduidenheid tussen die tipe misdaad wat gepleeg is en die ouderdomsgroep van die oortreder. Daar was 61 (14.7%) oortreders betrokke by gewone aanranding in die ouderdomsgroep 31 tot 45 en 54 (13.1%) in dieselfde ouderdomsgroep met betrekking tot ernstige aanranding. Die ouderdomsgroep 31 tot 45 met 'n totaal van 134 (32.3%), het dramaties bokant die ander ouderomsgroepe uitgestaan. Gewone aanranding het die hoogste frekwensie gehad met 198 (47.7%) gevolg deur ernstige aanranding 167 (40.2%) van die universum.

Dit is duidelik dat die oortreders bó dertig meer by aanranding (gewone óf ernstig) betrokke raak as diegene wat in die jonger kategorieë resorteer. Die redes hiervoor is onduidelik.

Vervolgens is daar gelet op die plekke waar gesinsgeweld voorkom.

**Tabel 7.4.5 Plekke waar gesinsgeweld voorkom**

| Plek van voorkoms | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Fabriek | 1 | 0.2 |
| Skool | 1 | 0.2 |
| Hotel | 1 | 0.2 |
| Motor | 5 | 1.2 |
| Eie adres | 238 | 57.3 |
| Veld | 1 | 0.2 |
| Kafee | 5 | 1.2 |
| Kerk | 1 | 0.2 |
| Supermark | 2 | 0.5 |
| Plakkerskamp | 8 | 1.9 |
| Straat | 27 | 6.5 |
| Vriend se plek | 13 | 3.1 |
| Oortreder se huis | 79 | 19 |
| Elders | 33 | 7.9 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.4.5 is daar dertien verskillende moontlikhede in die dossiere van plekke waar gesinsgeweld kan voorkom geïdentifiseer en met mekaar ten opsigte van frekwensie en persentasie vergelyk. Volgens die data het 238 (57.3%) van die voorvalle by die klaagster/klaer se eie adres plaadsgevind, 79 (19%) gevalle by die oortreder se huis, 27 (6.5%) op straat, 13 (3.1%) by vriende se huis, 8 (1.9%) in plakkerskampe, 5 (1,2%) in motors, 5 (1.2%) by die kafee,2 (0.5%) by die supermark, en 1 (0.2%) voorval elk by onderskeidelik die fabriek, skool, hotel en in die veld. Daar het 33 (7.9%) voorvalle elders by plekke plaasgevind, wat nie in die ander kategorieë weerspieël word nie.

Dis duidelik dat — soos mens kan verwag dat misdade wat as gesinsgeweld getipeer kan word — meeste van die oortredings in "privaat plekke" (eie adres, plakkerskampe, vriende se huis, oortreder se woning) plaasgevind het. Daar was naamlik 338 (81.44%) van die voorvalle wat by dié plekke plaasgevind het. Dit hou verband met die aard van waar gesinne meer in interaksie met mekaar tree.

Die res — 33 (7.95%) — het "elders" en 'n nóg ander getal van 44 (10.6%) het in meer "openbare" plekke voorgekom (straat, fabriek, skool, hotel, motor, veld, kafee, werk en supermark). Dat meer as 10 persent van die oortreders egter bereid is om by openbare plekke gewelddadig in gesinsverband op te tree, is nie 'n goeie tendens nie.

Hierdie navorsing het dus vasgestel dat gesinsgeweld dus onlosmaaklik gekoppel in die meeste gevalle aan huise waar mense saamwoon en nie soseer aan ander sosiale instellings nie. Ons maak die afleiding dat die betrokkenes by gesinsgeweld, meer vrymoedigheid het om dit te pleeg waar hulle privaat is en nie maklik inmenging van buite af verwag nie. Veral ook nie in ons nuwe Suid-Afrika waar buurmense nie maklik vriende maak en maklik betrokke raak by mekaar se probleme nie. Waarskynlik het daar die minste voorvalle 1 (0.2%) by die kerk, skool, fabriek en hotel plaasgevind wat dit "veilige plekke" ten opsigte van gesinsgeweld maak .

### 7.4.6 Tipes beserings wat in gesinsgeweld opgedoen word

| Tipe besering | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Kneusing | 141 | 34 |
| Snywonde | 50 | 12 |
| Swelsel | 79 | 19 |
| Skietwonde | 1 | 0.2 |
| Fraktuur | 11 | 2.7 |
| Ander | 131 | 31.6 |
| **Totaal** | 413 | 99.5 |

Volgens tabel 7.4.6 is daar is ses moontlike beserings wat opgedoen is aangeteken. Daar was 141 (34%) voorvalle van kneusings, 131 (31.6%) ander tipe beserings (nie op vraelys bv. vergiftiging), 79 (19%) swelsels, 50 (12%) snywonde,

11 (2.7%) frakture en 1 (0.2%) skietwonde. Dis nie duidelik uit die dossiere hoe ernstig die kneusings is wat aangeteken is nie.

**Kruistabel 7.4.5 Die tipe besering verus geslag van die klaer**

| Geslag | Kneu-sings | Sny-wonde | Swel-sels | Skiet-wonde | Frak-ture | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Manlik** | 20 | 16 | 12 | 0 | 0 | 16 | 64 |
| **Vroulik** | 121 | 34 | 67 | 1 | 11 | 115 | 349 |
| **Totaal** | **141** | **50** | **79** | **1** | **11** | **131** | **413** |

**Chi-kwadraat 32,918; Df 11; Prob. 0.001**

Volgens kruistabel 7.4.6 is daar 'n statistiese beduidenheid tussen die tipe beserings wat opgedoen word in gesinsgeweld en die geslag van die klaer. In die meeste gevalle doen 121 (29.6%)vroue en 20 (4.8%) mans kneusings op.

Baie meer vrouens as mans word dus in gesinsgeweld beseer, wat daarop dui dat mans meer geneig is om tot fisiese geweld oor te gaan tydens gesinsargumente. Alhoewel mans in die minderheid is wanneer statistieke vergelyk word, word mans egter ook deur vroue aangerand. Dit is 'n feit wat nie weggeredeneer kan word nie. Swelsels is by 67 (16.1%) vroue en 12 (2.9%) mans teenwoordig. Weereens bevestig dit dat vroue meer kwesbaar is in gesinsgeweld. Die rede vir die hoër voorkoms van die twee vorme van aanranding in gevalle van gesinsgeweld, is in alle waarskynlikheid kultureel van aard. In die meeste swart kulture beskou mans hulself as die eerste, enigste en finale gesagsfiguur in die gesin. Geweld is is 'n bekende en selfs aanvaarde tegniek om geskille binne die kulture mee te besleg. In die geval waar vroue egter die aanroerders is, is dit waarskynlik toe te skryf aan 'n kombinasie van die aanwending van die bekende kulturele geweldstegniek om gehoor te word, maar ook gekoppel aan die nuwe menseregte en geslagsgelykheid gedagtegange.

In die dossiere is ook data aangeteken ten opsigte van die voorwerpe waarmee die misdade gepleeg is.

**Tabel 7.4.7 Die voorwerp waarmee die misdaad gepleeg is.**

| Voorwerp | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Vuurwapen | 13 | 3.1 |
| Mes | 17 | 4.1 |
| Sambok | 6 | 1.4 |
| Vuis | 199 | 48.0 |
| Skop | 20 | 4.8 |
| Klip | 16 | 3.9 |
| Motor | 1 | 0.2 |
| Ketting | 3 | 0.7 |
| Meubelstuk | 2 | 0.5 |
| Gereedskapstuk | 8 | 1.9 |
| Byl | 1 | 0.2 |
| Stok | 11 | 2.7 |
| Verwurging | 1 | 0.2 |
| Brandstigting | 1 | 0.2 |
| Ander (bv. Skêr; tou;) | 116 | 28.0 |
| **Totaal** | **415** | **100** |

Volgens tabel 7.4.8 is daar vyftien verskillende maniere geregistreer van hoe die misdade gepleeg is. Daar was 199 (48%) keer geslaan met die vuis, 116 (28.0%) ander voorvalle (bv. skêr; tou, kookwater), 20 (4.8%) keer geskop, 17 (4.1%) keer met 'n mes gesteek, 16 (3.9%) keer gegooi met klippe, 13 (3.1%) keer vuurwapens gebruik, 11 (2.7%) keer geslaan met 'n stok, 8 (1.9%) geslaan met 'n gereedskapstuk, 6 (1.4%) keer geslaan met 'n sambok, 3 (0.7%) keer geslaan met 'n ketting, 2 (0.5%) aangeval met 'n meubelstuk, 1 (0.2%) keer met 'n byl gekap, 1 (0.2%) keer brandstigting gepleeg en daar het 1 (0.2%) geval van verwurging voorgekom.

Dit wil voorkom asof vuisslaan 199 (48%), ander metodes (bv. 'n skêr, tou, kookwater) 116 (28%) en skop 20 (4.8%), by die meeste voorvalle betrokke is en die verkose *modus operandi* van die oortreder is. Ook dui die neiging om met

messe te steek 17 (4.1%), vuurwapens 13 (3.1%) te gebruik en om met 'n stok te slaan 11 (2.7%) daarop dat die oortreder in 'n oomblik van woede, enige voorwerp in sy onmiddelike omgewing sal gebruik, om sy aggressie te laat uitwoed. Die 119 (28.67%) voorvalle van skop en vuisslaan kan verstaan word teen die agtergrond van van die feit dat dit meestal kneuswonde is wat opgedoen word.

Vervolgens word 'n beskrywing gegee — wat op die verklarings van slagoffers in die dossiere gebaseer is — van die dinamika wat by die voorvalle van gesinsgeweld aangetref is.

### 7.5 Die dinamika van gesinsgeweld

Hierdie analise gee aandag aan die aspekte wat die slagoffers in hulle verklarings aangebied het van wat en hoe die misdade gepleeg is.

#### 7.5.1 Die snellerfaktore

Sonder provokasie

Respondent twee het gemeld dat daar geen snellerfaktor of provokasie was nie. Die geweld het sonder rede begin: "*...at about 09:00 I was at above mentioned house with my daughter, Name 1 and my son Name 2, when my elder son Name 3 without any argument started to threaten my daugther (sic) Name 1. Name 3 threw away the food. When I warned Name 3, he told me that I must go to the Police Station and threaten to assault my children*".

In ander gevalle het subjekte (Subjek 4) in die verklaring nie 'n snellerfaktor vermeld nie, maar slegs aangedui dat hulle begin het om oor die verlede te

argumenteer sonder om bekend te maak waaroor die argument presies was *"...arguing about the past. He told me that he was just usin me. We argued till he assaulted me with fists and booted me all over my body".*

Subjek 20 het ook geen snellerfaktor verskaf nie "*...my parents abuse me physical and emotionally, especially my step-mother. She beats me for no reason every time. They said I am not allowed to eat in the house until June. They don't allow me to use anything. I have to see for myself.*

Subjekte 10, 12, 19, 270 en 348 het ook gesê daar was nie provokasie nie.

Nietemin, in die meeste gevalle het klaers wel 'n snellerfaktor vermeld. Dit het meestal in verband gestaan met voedselvoorbreiding, geld, kinders en beskuldigings van ontrouheid. Dit word vervolgens ontleed.

Voedselvoorbereiding

Subjek 1 het vertel hoe haar pa haar aangeval het. Sy vertel dit het soos volg gebeur: *" At about 08:30 I was preparing breakfast for the children. My father Name 1 came in and told me he was waitng for breakfast. I asked him why he asked for breakfast for he never buys any food for the house.He told me that I must respect him as my father and do everything he is telling me to do or he will clap me. And argument followed. He started beating me and dropped me down".*

Drankmisbruik

Volgens subjek 8 was drankmisbruik die direkte snellerfaktor. *" I was together with my husband at adress. I was drinking cooldrink while he was drinking Smirnoff. Then he turned the music centre harder. I asked him to lower the volume as people in the*

*vicinity were sleeping. An argument started and he said to me he was not a child and he will not take any instructions from me. I ran away after he threatened to injure me and came accross the police of Moroka SAPS. They arrested him.*

Subjek 28 se seun drink gereeld en rand haar aan. " *Every time when my son is under the influence of liquor, he intimidated me and promised to beat me".*

Huishoudelike argumente

Subjek 3 het in haar verklaring geskryf dat die snellerfaktor met haar klere in verband gestaan het: " *I approached my niece Name 1 in connection with mybelongings that went missing. I found my clothes under her mattress and in the cupboard amongst her clothes.*

In die geval van Subjek 15, het dit weer meer oor herstelwerk en die daarmee gepaardgaande argumente gegaan wat die geweld aangestig het: " *...at about 10:00 I was walking to my youngeryounger father Name 2. While busy talking to him, his daughter came and clap me, her Name 3. My younger father changed his mindafter he was influenced by his daughter. A fight started and I was beaten by my father Name 2 and his daughter Name 3. Name 4 used pot on coocking...and she hit me on my left side with this pot. My eye is swollen. My father's wife tried to stop him assaulting me. I ran away and borde a taxi to go to the clinic. They assaulted me because I had to repair the fridge. I was informed that my brother borrowed an amount of cash in order to burry his wife. The man who borrowed the money, didn't pay them back".*

Subjek 22 skryf: " *He was accusing me of removing his chain from the pavement. I tried to tell him that I was cleaning, but he didn't understand.*

Subjek 24 se verhaal het as volg verloop: " *On Friday 2002/03/29 at about 17:15 while I was at home. My husband Name 2 accused me that I am allowing my sister's son to be visited by his girlfriend at home. I told him that my sister's son is not a child for he*

*is 25 years old. I also told him that he doesn't sleep with his girl at home. His girl only visited him there".*

'n Argument oor die verbruik van elektrisiteit was die snellerfaktor in die geval van Subjek 30: " *I was at home when an argument started between my children Name and Name 3 for using electricity. My son Name 2 refuse to pay electricity fees, after some few minutes he then cut off the electricity cables in my yard.He always insult me by calling me a dog. I then decided to open a case of malicious damage to property against my son, Name 2".*

In die geval van Subjek 38 het haar seun haar vir Vaseline gevra en toe sy dit nie vir hom kon gee nie, het hy haar angeval: " *I was in my house. My son Name 2 came and said to me that he wanted Vaseline. I said to hom I did not have Vaseline. He continued looking for Vaseline and did not find it. He said you hide Vaseline and it is not your place here. You are wrong mother. He drew a knife and tried to stab me. He grabbed me by the neck and pushed me against a wall.I ran away from the house. He said he will get me and kill me. I don't need you here and you must not come back. I was afraid of him for he tried to stab me".*

Die insidente is soos volg deur die slagoffers beskryf:

### 7.5.2 Die insident

Konfrontasie

Volgens Subjek 1 het sy haar pa gekonfronteer en hy het met geweld gereageer. *I asked him why he asks for food, because he does not buy any. He told me that as long as I stayed with him, I will do as he says.* Subjek 3 het weer vir haar niggie gesê sy moet

haar *craziness* laat staan. *There was an argument when I stopped her from talking to me in that manner. Her mother interfered.*

Dreig

Vervolgens (Subjek 1) is die slagoffer gedreig met aanranding. *He told me that he will clap me. I told him that I don't care.*

Uitvoering van die dreigement

Toe die slagoffer nie na wense gereageer het nie, is die dreigement van geweld uitgevoer (Subjek 1): *So he clapped me.* Regarding the execution of the threat Respondent 3 tried to avoid it by leaving: *I decided to leave when I got to the gate still arguing she started throwing stones and pulling my braids, my mother was blocking her. She managed to go free and hit me 3 times with a half brick and two other stones missed. I was hit on my lower left hip near the vertebrata.*

Volgens Subjek 22 het die geweld soos volg verloop met die gevolge: *I sustained injury on my left chick and my saliva came out mixed with blood. He insulted me verbally, with my mother's private parts. Name is a witness in this case, suspect is well known.*

Subjek 24 het die insident só beskryf: *My husband grabbed me and pushed me into the bedroom and I struggled with him and he threatened me with death and he was aggressive and I saw that he could really kil me. I then screamed for help from my sister's son Name 3 as he was waiting outside. He pushed the door open and the suspect started fighting with him. While he threatened to kill me, I got a chance to run away. He said I cloud go to the police and report him. He was not afraid of them and he will eventually kill me.*

Subjek 28 het die volgende in haar verklaring gestel insake haar dronk seun wat haar aangeval het. *On Sunday 17/03/2002 when I was asleep, my son Name 2, came under the influence of liquor and started shouting at me. He inentionally damagaed the windows with stones and sweared at me.I had enough of him and don't want him in my house anymore for he also abuses me emotionally. Value of the damages estimated at R300. I desire police investigation in this matter.*

Weer gekonfronteer

Volgens Respondent 1 het sy toe die vertrek verlaat, maar die argument het voortgeduur. *After that I went into the dining room and I told him that because he don't respect us, we will not respect him.* Respondent 3 continued to confront the attacking niece: *When I threatened to call the police, she said she was not afraid of them. I made two calls to 10111 but they never pitched.*

Aanranding duur voort

Subjek 1 het gesê dat die aanranding voortgeduur het nadat sy haar pa weer gekonfronteer het. *He started beating me and and dropped me down.*

### 7.5.3 Herstel die ekwilibrium

Ten einde van die gewelddadige situasie te ontkom en weer 'n mate van kalmte te bereik, het Subjek 1, die huis verlaat. *After that, I went to my friend's place so that they could help me.A protection order was signed to stop him from assaulting my mom.*

Subjek 20 sê syself en die bure het al probeer om die harmonie te herstel, maar kon nie daarin slaag nie. *I had even decided to help a lady who sells fruit at the railway station,in order to buy food and soap for myself. Even the neighbours had tried to talk to*

*my stepmother, but nothing changed.There is this who helps my stepmother at home with...tried to help me several times, from the treatment I get at home.*

Bespreking van die verklarings

Uit bogenoemde verwysings na voorvalle wat aangemeld is en deur die vraelyste ontleed is, het 'n paar interessanthede na vore getree. Alhoewel daar in sommige opsigte unieke situasies ontstaan het, was daar ook in heelparty gevalle interessante korrelasies.

Daar het 'n paar gevalle voorgekom wat te doen gehad het met kos en kosvoorbereiding. Respondent 1 kla oor die stadige voorbreiding. Respondent 89, verwys na 'n broer en suster se gestry oor kos. Argumente ontstaan en dikwels met heel ernstige eindresultate. In beide gevalle het niemand uit die buurt of gesin betrokke geraak om te keer dat die argument oorgaan in aanranding nie. Respondente 270 en 280 het soortgelyke ervarings gehad.

Daar het 'n hele paar gevale voorgekom waar geld die oorsaak van die rusie was. Respondent 12 beskuldig sy suster oor geld wat weg is. Respondent 34 verwyt sy eggenote omdat daar nie geld is nie. Respondente 53, 74 en 80 is feitlik 'n herhaling van die vorige insidente. In al drie gevalle is die betrokkenes ernstig beseer en niemand van die omstanders was bereid om betrokke te raak óf te help keer nie.

Baie gevalle het te doen met buite-egtelike verhoudings soos owerspel en ontug. Sommige is onbetwisbaar uitgevang terwyl ander valse beskuldiging moes verduur. In al die gevalle word dit eers aanvanklik ontken. Respondente 25, 26, 40, 51, 58, 59, 72 en 85 toon hier interessante ooreenkomste.

Dit wil voorkom asof rusie tussen kinders ook 'n brandpunt in gesinsgeweld kan wees. Respondente 3, 7, 12, 22, 41, 65, 68, 79, 89, 100 en 270 is voorbeelde hiervan. Dikwels is hulle diegene wat die hele huishoudelike orde ontwrig en ouers vat verkeerdelik part vir strydende partye. Kinders is dus dikwels die oorsaak van groot onmin in 'n huisgesin en dus daarom potensiële aanstigters van gesinsgeweld.

In die meeste gevalle raak niemand betrokke om te help as daar probleme kom nie, selfs al is die slagoffer in lewensgevaar. By respondente 1, 9, 12, 13, 17, 22, 24, 25, 28, 34, 40, 41, 46, 63, 72, 80, 96, 100, 108, 113, 266, 280 en 348 het niemand kom help nie. Vrees speel beslis 'n groot rol.

In ander gevalle was daar wel hulp soos by respondente 24, 27, 51, 59, 74, 79, 85, 89, 270, en 277.

Baie van die aanvalle het plaasgevind sonder enige vooraf waarskuwing óf provokasie. Gewoonlik bestaan die siklus mos maar eers uit 'n insident, daarná 'n woordewisseling, daarna volg 'n dreigement, daarna 'n oninskiklike argument en uiteindelik 'n geveg. Maar in 'n hele paar gevalle was daar glad nie eers gepraat nie. Daar is skielik tot geweld oorgegaan in 'n oogwink, sonder enige waarskuwing soos byvoorbeeld in die gevalle van respondente 53, 58, 59, 68, 72, 74 en 96.

Wat baie ernstig is in die hele gesinsgeweldfenomeen, is die feit waar mense wat dalk die slagoffer te hulp gesnel het of probeer het om dit te doen, dikwels ernstig beseer word soos in die geval van respondente 65 en 68. Daar is ook gevalle bekend (hoewel nie in hierdie spesifieke navorsing gedokumenteer nie) waar omstander wat wou help, met hulle lewe daarvoor betaal het. Dit alles

bevestig die feit dat wanneer ons gesinsgeweld bestudeer, ons nie met grappies nie, maar 'n baie ernstige probleem te kampe het.

**Tabel 7.5.2 Snellerfaktore**

| Rusie oor kos | Kinders stry met mekaar | Geld | Stief familie | Ouer en Kind | Ontug | Vals Beskuldig | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 9 |
| 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 7 |
| | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | 5 |
| | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | | 5 |
| | 1 | 1 | 1 | 1 | | | 4 |
| | 1 | 1 | 1 | | | | 3 |
| | | | 1 | | | | 1 |
| | | | 1 | | | | 1 |
| 1 | | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 6 |
| | | | | 1 | | | 1 |
| **3** | **8** | **7** | **9** | **7** | **5** | **3** | **42** |

Volgens hierdie tabel is dit duidelik dat die snellerfaktore meestal van finansielë oorsprong is (geld, werkloosheid). Dit word gevolg deur argumente oor, deur en tussen kinders (ook stiefkinders en buite-egtelike kinders) en toesig oor die kinders, wat die huishouding ontwrig. Daarna volg valse beskuldiging, huweliksontrou en voedselvoorbereiding óf beskikbaarheid daarvan al dan nie.

## 7.6 Slotbeskouing

Daar het 'n hele paar interessante feite aan die lig gekom met die ontleding van die vraelys.

### 7.6.1 Bevindinge oor die biografiese data van die slagoffer

- Volgens 7.3.1 was daar 64 (15.4%) manlike en 351 (84.5%) vroulike klaers met betrekking tot gesinsgeweld. Meer mans as vrouens is skuldig aan gesinsgeweld.

- Alhoewel daar baie meer mans (volgens die statistieke hierbo) is wat oortreders is , is dit tog belangrik om kennis te neem van die feit dat vroue ook soms oortreders en aanstigters van gesinsgeweld is.

- Volgens tabel 7.3.2 is daar sewe ouderdomsgroepe vir die doeleindes van hierdie navorsing op die vraelys afgesonder en elkeen afsonderlik ten opsigte van frekwensie en persentasie vergelyk. Dit blyk dat die meeste klaers in die ouderdomsgroep 30-45 jaar val met 'n frekwensie van 129 (31.1%)

- Werkloosheid, alkoholmisbruik, kinders uit 'n vorige huwelik, buite-egtelike kinders en ander faktore soos stieffamilieverwantskappe, speel 'n beduidende rol by die voorkoms van gesinsgeweld.

- Statistieke wys daarop dat die grootste probleem wat gesinsgeweld aanbetref onder die Swart bevolking voorkom. Daar het 411 (99.1%) klagtes vanuit die swart bevolking gekom. Gesinsgeweld het dus 'n kulturele onderbou waaraan dringend aandag gegee sal moet word.

- Opvoeding en nogmaals opvoeding is nodig en moet ondersoek en geïmplimenteer word.

### 7.6.2 Bevindinge oor die biografiese data van oortreder

- Gesien teen die agtergrond van die hoë frekwensie voorvalle wat by die ongetroudes 175 (42.2%) asook dié wat bloot saamwoon 94 (22.7%) voorgekom het, is die waarskynlikheid groot dat 'n "losbandige" saamblyery bevorderlik vir gesinsgeweld is.

- Faktore soos jaloesie, finansies, buite egtelike kinders, godsdiens, portuurs, werksdruk en werkloosheid speel beslis 'n rol in kousaliteit.

- Veranderde sosiale rolle in 'n geëmansipeerde nuwe Suid-Afrika kan positief verbind word met gesinsgeweld. Dikwels het die vrou alleen werk, word sy gouer bevorder in haar beroep en bring dit konflik mee.

### 7.6.3 Bevindinge oor die *modus operandi* van die oortreder

- Die dag wat die mees kritieke stadium vir gesinsgeweld is om te gebeur is Saterdae 93 (22.4%) heel bo aan die lys is, en daarná Sondae 84 (20.2%).

- Die meeste voorvalle van gesinsgeweld gebeur oor naweke

- Die vakansiemaande Desember en Julie is die "stilste" wat gesinsgeweld aanbetref

- Die meeste voorvalle vind tussen 18h01-22h00 plaas met 'n frekwensie van 147 (35.4%) gevalle
- Die tipes misdaad wat die meeste in gesinsverband gepleeg word is gewone aanranding met aanranding met die doel om ernstig te beseer kort op sy hakke.

- Die plek waar gesinsgeweld die meeste voorkom, is by hulle eie huis.

- Die meeste oortreders wat by gesinsgeweld betrokke raak is pleit vir versoening.

- Die mees algemeenste beserings wat in gesinsgeweld opgedoen word is kneusing, swelsels, snywonde en frakture.

- Die wapen wat die meeste gebruik word in gesinsgeweld is die vuis.

In **hoofstuk 8** volg nou die samevatting, slotbeskouing en aanbevelings wat op hierdie navorsing gebaseer is.

# HOOFSTUK 8

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN SLOTBESKOUING

### 8.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word ´n samevatting gegee van die navorsing wat met betrekking tot gesinsgeweld gedoen is. Die bevindinge van die navorsing word uitgelig, en op grond van die bevindinge, word sekere aanbevelings gemaak. Daar word ook voorstelle vir verdere navorsing gemaak. Hier volg ´n kort samevatting van dit wat gedoen is, en dit waarop die bevindinge gebaseer is.

### 8.2 ´n Kort samevatting van die navorsing

In **hoofstuk 1** is daar gefokus op die metodologiese model en ontwerp van die navorsingsproses wat gevolg is. Dit het gesentreer om inligting wat vanuit 415 vraelyste uit polisiedossiere, afkomstig van MIAS se streekkantoor in Johannesburg, beskikbaar gestel is. Inligting vir die vraelyste is afkomstig vanaf 6 polisiëringsgebiede naamlik Alexandra, Eersterust, Hillbrow, Laudium, Mamelodi en Rietgat. Die rasionaal van die studie sowel as die bydrae daarvan tot die Kriminologie is bespreek. Die doel van die ondersoek, tesame met die geografiese afbakening is beskryf, waarna toepaslike tabelle wat die biografiese en ander data aangaande die slagoffers en oortreders weergee, statisties ontleed is. Hierna het die hipotesestellings, definiëring van sekere konsepte asook die navorsingsprosedures aandag gekry.

In **hoofstuk 2** is daar indringend gekyk na die aard en omvang van gesinsgeweld soos dit wêreldwyd manifesteer. Verskillende tipes misdaad is gedefinieer, terwyl daar ook kennis geneem is van die toedrag van sake in ander lande soos die VSA , Kanada en Brittanje. Die omvang van die probleem is in die Suid-Afrikaanse konteks bespreek. Moontlike oorsake van sowel as oplossings vir die probleem van gesinsgeweld is geïdentifiseer.

In **hoofstuk 3** is daar verskillende teorieë wat vertakkinge is van die sosiale struktuur-, proses- en sosiale reaksie teorie op 'n eklektiese wyse bespreek. Die raakpunte wat hierdie teorieë met die probleem van gesinsgeweld het, is uitgewys en sekere aanbevelings is gemaak.

In **hoofstuk 4** is die aangeleerde hulpeloosheidsteorie van Seligman breedvoerig bespreek. Die konsepte soos vervat in die teorie, die uitgangspunte sowel as die toepassing daarvan in die praktyk het aandag geniet. Hierna het die negatiewe kritiek vanuit die beskikbare lektuur wat teen die teorie van Seligman gemaak is onder die soeklig gekom. Die positiewe bydraes wat die teorie kan lewer, is ook onderstreep.

In **hoofstuk 5** is daar gelet op die huidige status van regspleging met betrekking tot gesinsgeweld in die Republiek van Suid-Afrika. Polisiëring van gesinsgeweld en die toepassing daarvan asook die definiëring van konsepte is geformuleer. Die hele regsplegingsaspek is oor 'n wye spektrum bespreek. Daar is gelet op die status van hofsake, interdikte en vonnisse, terwyl rehabilitasieprogramme vir slagoffers en oortreders ook aandag in die bespreking gekry het.

In **hoofstuk 6** is gefokus op voorkoming van gesinsgeweld. Institusionele-, programmatiese- en prioiteitsvoorkoming het aandag geniet in die bespreking met betrekking tot voorkoming. Die invloed wat kultuur en opvoeding op voorkoming kan hê, is onderstreep. Daar is gelet op primêre, sekondêre en tersiêre voorkoming. Plekke van veilige skuiling tydens traumatiese situasies en voorstelle vir verbetering van die bestaande sisteme is gemaak. 'n Groter samewerking tussen bestaande hulporganisasies wat deur die staat beskikbaar gestel word, is bepleit. Verbeterde beradingsprogramme is voorgestel en uitbreiding waar moontlik aangemoedig.

In **hoofstuk 7** is daar hoofsaaklik gefokus op statistiek. Biografiese inligting oor die slagoffer en oortreder is in tabelvorm weergegee en analities bespreek. Hierna het die *modus operandi* asook data wat op regspleging betrekking het aandag geniet. Dit is aan die hand van statisties beduidende tendense bespreek. Daar is sekere bevindinge gemaak vanuit die statistiese getuienis.

## 8.3 Bevindinge

Die bevindinge van hierdie navorsing word aan die hand van die resultate van die literatuurstudie en die empiriese datavangs weergegee. Soos volg:

### 8.3.1 Bevindinge oor die slagoffer

Gesinsgeweld het 'n negatiewe impak op die gesin, die ekonomie, en die regsstelsel. Die rol wat veilige plekke en ander institutionele organisasies in terme van meer formele voorkoming van gesinsgeweld speel, moet nie onderskat word nie. Meer vroue as mans is die slagoffers van gesinsgeweld. Die ouderdom van die slagoffers wat die meeste voorkom is tussen 31 en 45 jaar oud. Die meeste oortreders en slagoffers vir hierdie navorsing was Swart – weens die plekke waaruit die universum geslekteer is. Die meerderheid slagoffers was vroue omdat hulle vroulik is.

Gesinsgeweld vind meestal by die adres van die slagoffer plaas. Die beserings wat die slagoffers opdoen is meestal kneusings. Beide die vroue en mans wat slagoffers van gesinsgeweld was, het meestal kneusings en swellings opgedoen.

### 8.3.2 Bevindinge oor die oortreder

- Gesinsgeweld is 'n omvangryke misdaadprobleem. Gesinsgeweld manifesteer veral
- as gewone aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, verkragting,
- seksuele teistering, verbale teistering en ontvoering. Die oorsake daarvoor moet
- gesoek word in in makrososiale faktore, geslagsrolsosialisering en verhoudingsfaktore. Anomiese innovasie kan tot op sekere hoogte gebruik word om

dit te verklaar. Wat die prosesteorieë betref kan differensiële asossiasie nie ver kom met die verklaring van gesinsgeweld nie, en ettikettering kan net tot op sekere hoogte slaag. Die aangeleerde hulpeloosheidsteorie se kenmerke en uitgangspunte slaag die

beste daarin om gesinsgeweld te verklaar.

Wat betref die beregting van gesinsgeweld is bevind dat die polisie en howe en korrektiewe dienste elkeen hulle bydrae daartoe maak. Opvoeding, rehabilitasie van oortreders en selfbeheersing kan groot bydraes tot die voorkoming van gesinsgeweld lewer – veral as dit aan primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsbeginsels gekoppel word.

Die meeste oortreders vir hierdie navorsing was Swart – wees die aard van die universum. Die meerderheid oortreders se ouderdomme is tussen 22 en 24 of tussen 31 en 45 jaar. Die meerderheid oortreders wat skuldig bevind is aan aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer, se slagoffers was 31 tot 45 jaar oud. Die meerderheid oortreders was nooit getroud nie. Die orotreders wat nooit getroud was nie se slagoffers se ouderdom was veral tussen 22 en 24 en tussen 31 en 45 jaar oud. Die meerderheid van die oortreders was Zulu- en Tsongasprekendes. Die meerderheid van die oortreders was werkloos. Die vroue en mans wat slagoffers van gesinsgeweld was, het meestal kneusings en swellings opgedoen. Die oortreders gebruik meestal hulle vuiste en skop om die beserings toe te dien. Die misdaadinsidente word voorafgegaan deur provokasie wat met voedselvoorbereiding, drankmisbruik, en argumente oor huishoudelike aangeleenthede te make het. Die oortreders begin die insidente met 'n konfrontasie gevolg deur dreigemente, die uitvoering van die dreigement, weer 'n konfrontasie en voortsetting van die aanranding – daarna kom die ekwilibrium terug.

### 8.3.3 Bevindinge oor die *modus operandi* van die oortreder

- Die dag wat die mees kritieke stadium vir gesinsgeweld is om te gebeur is Saterdae 93 (22.4%) heel bo aan die lys is, en daarná Sondae 84 (20.2%).
- Die meeste voorvalle van gesinsgeweld gebeur oor naweke.
- Die vakansiemaande Desember en Julie is die "stilste" wat gesinsgeweld aanbetref.

- Die meeste voorvalle vind tussen 18h01-22h00 plaas met 'n frekwensie van 147 (35.4%) gevalle.

- Die tipes misdaad wat die meeste in gesinsverband gepleeg word is gewone aanranding met aanranding met die doel om ernstig te beseer kort op sy hakke.

- Die plek waar gesinsgeweld die meeste voorkom, is by hulle eie huis.

- Die mees algemeenste beserings wat in gesinsgeweld opgedoen word is kneusing, swelsels, snywonde en frakture.

- Die wapen wat die meeste gebruik word in gesinsgeweld is die vuis.

### 8.3.4 Bevindinge aangaande hipotesetoetsing

**Tabel 8.1 Hipoteses**

| Hipotesestelling | Aanvaarding | Kruistabel |
|---|---|---|
| Hipotese 1<br>Die geslag van die oortreder hou verband met die geslag van die slagoffer | Aanvaar | Tabel 7.3.1, p. 173 |
| Hipotese 2<br>Die ouderdom van die slagoffer hou verband met die skuldigbevinding aan 'n sekere tipe misdaad | Aanvaar | Tabel 7.3.2, p. 175 |
| Hipotese 3<br>Die huwelikstatus van die oortreder hou verband met die ouderdom van die slagoffer | Aanvaar | Tabel 7.3.4, p. 177 |
| Hipotese 4<br>Die tipe misdaad en die ouderdom van die oortreder hou met mekaar verband | Aanvaar | Tabel 7.4.4, p. 185 |
| Hipotese 5<br>Die tipe besering en die geslag van die klaer hou met mekaar verband | Aanvaar | Tabel 7.4.8, p. 188 |

Tabel 8.1 dui duidelik aan dat al die hipoteses wat vir die doeleindes van hierdie navorsing gestel is, aanvaar is.

### 8.3.5 Bevindinge van die literatuurstudie

Soos aangedui in hoofstuk 7, was daar in die polisiedossiere wat ondersoek is, 97 (32,0%) verkragtings, 86 (28,4%) gewone aanrandings en 40 (13,2%) voorvalle van roof. Hierdie drie tipes misdade verteenwoordig dus saam 'n frekwensie van 223 (73,6%) voorvalle. Daar word vir die doeleindes van hierdie navorsing, net op die genoemde drie tipes misdade gekonsentreer.

Misdade teen vroue kan op 'n beperkte wyse aan die hand van die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie verklaar word, en wel soos volg:

(1) Daar kom van tyd tot tyd geleenthede voor waar politieke leiers in Suid-Afrika die apartheidstydperk, dit wil sê die tydeperk voor die 1994 – verkiesing, wil blameer vir misdade teen vroue. Adjunk-president Jacob Zuma het juis verlede Saterdag, 8 Desember 2001 by die Uniegebou 'n lang verduideliking hieroor gegee. Hy het gesê: "Women were powerless and therefore learned helplessness because of legislation and cultural views of the 'apartheid' era in our country" (SATV 2 – 7nm).

Die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie berus op die aanname dat daar 'n onvermoë bestaan by mense (vroulike slagoffers) om effektief in krisissituasies (misdade wat teen hulle gepleeg word) op te tree. Hiervoor word verskillende redes aangevoer soos byvoorbeeld die sogenaamde "onkontroleerbaarheid" van 'n situasie wat in die teorie ter sprake is. Wanneer daar 'n verkragting,- aanranding- of roof sou plaasvind, sal die logiese gevolg volgens die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie wees dat die persoon (vrou) weinig weerstand bied, omdat sy redeneer dat daar nie beheer (kontrole) daaroor is nie. Sy voel daar is nie 'n manier hoe sy kon wen nie, selfs al sou sy probeer.

(2) 'n Verdere element van aangeleerde hulpeloosheid wat poog om misdade in gesinskonteks te verklaar, is die konsep "persoonlike magteloosheid". In hierdie geval glo slagoffers dat hulle weinig weerstand kan bied omdat

hulle vroue is en dat daar (manlike) hulp van buite sal kom. Dit verklaar waarom vroue wat verkrag, aangerand en beroof word, min doen om weerstand te bied. Baie keer vra buitestaanders waarom die betrokke persoon dit toegelaat het en skynbaar niks gedoen het om die oortreder teë te staan nie. Ander vra weer waarom bly die slagoffer tuis en verlaat nie haar huweliksmaat nie. Dit is juis hierdie kontroversiële aspek in die voorkoms van gesinsgeweld waarop die teorie nou lig wil werp.

(3) Die element "universele magteloosheid" verduidelik waarom (vroulike) slagoffers redeneer niemand ander sou die saak anders hanteer het as juis op die wyse wat hulle dit gedoen het nie. 'n Mens is geneig om te veralgemeen, veral in die lig van die huidige algemene toename in gesinsgeweld. Die vraag kan met reg gevra word, hoe sou jy (anders) opgetree het, as jy in 'n soortgelyke situasie beland het? Die blote behoefte om só 'n vraag te vra, bevestig die element van "universele magteloosheid" van die teorie van aangeleerde hulpeloosheid.

(4) Slagoffers glo volgens die teorie van aangeleerde hulpeloosheid, dat dit hulle niks sal baat om hulp te vra nie omdat hulle aanvaar dat niemand na hulle sal wil luister nie en gee by voorbaat moed op. In hierdie navorsing is gevind dat 98/303 (32,3%) aanmeldings deur ander persone behalwe die slagoffer gedoen is. Dit bevestig die bestaan van aangeleerde hulpeloosheid by mense omdat dit ook waarskynlik die rede is waarom so baie gevalle van veral verkragting en aanranding, nooit in hulle persoonlike hoedanigheid by die polisie aangemeld word nie. Vrees speel ook 'n groot rol in die aangeleerde-hulpeloosheidsteorie aangesien die slagoffer van mening is dat die misdadiger mag terugkom om wraak te neem. Hulpelose gedrag kom as gevolg hiervan voor omdat hulle deur die blote gedagte daaraan gekondisioneer is om byvoorbaat handdoek in te gooi.

Gebaseer op al die voorafgaande bevindinge, kan die volgende model vir die begrip van die stabilisering van gesinsgeweld saamgestel word:

### 8.3.6 Stabiliseringsmodel vir gesinsgeweld

Tabel 12 Die stabiliseringsmodel vir gesinsgeweld

| | |
|---|---|
| Oorsake<br><br>Makrososiale faktore<br>Geslagsrolsosialisering<br>Verhoudingsfaktore<br>(Biologiese faktore) | Verklarings<br><br>Struktuurteoretiese<br>Prosesteoretiese<br>Reaksieteoreiese en<br>Aangeleerde hulpeloosheidsverklarings |
| Dinamika<br><br>Snellerfaktore<br>Konfrontasie<br>Misdaadinsident<br>Ekwilibrium | Voorkoming<br><br>Beregring (polisie, howe, tronke)<br>Primêre<br>Sekondêre en<br>Tersiêre voorkoming |
| Die oorsake, verklarings, voorkoming en dinamieka lei almal saam tot<br><br>stabilisering<br>van gesinsgeweld | |

Die model kan kortliks soos volg beskryf word:

Die oorsake (makrososiale, geslagsrolsosialisering, verhoudingsfaktore en biologiese faktore – wat van die doel van die navorsing weggelaat is) omdat die klem slegs op die meer sosiologiese aspekte was) gee die fundering vir die verklarings daarvan (struktuur-, proses-, reaksieteorieë en die aangeleerde hulpeloosheidsteorie). Die verklaringsteorieë wat verduidelik waarom die oorsake wel tot gesinsgeweld lei, gee op hulle beurt aanleiding tot die implimentring van die voorkominggstrategieë (polisiëring, howe en tronke) as aksiestappe teen gesinsgeweld. Verder moet die diagram só verstaan word dat die oorsake en verklarings en voorkomingsfaktore almal saam ook ingetrek word in en by die verstaan van die dinamika (snellerfaktore, konfrontasie, misdaadinsident en ekwilibrium) van gesinsgeweld.

Met verwysing na die oorsake en verklarings, kan die volgende logiese argument gevoer word ten einde die plek daarvan in die model te verstaan. Die makrososiale

faktore bepaal die aard van die geslagsrolsosialisering – en op sy beurt lei die geslagsrolsosialiering weer tot die verhoudingsfaktore wat dominant is binne die gesinstruktuur. Aansluitende by die makrososiale oorsaaklike faktore, is die struktuurteoretiese verklarings - beide anomie en misdaadekologie is immers aanvanklik ontwerp en daarop afgestem om misdaad in terme van die makrostruktuur van die samelewing te verklaar. Logiese argumente en Parsons se bydrae tot anomie het egter ook die deur geopen om dit op meso- (d.w.s. op gesinsvlak) en selfs op mikrovlak (dit wil sê op individuele vlak) toe te pas.

Op hulle beurt sluit die prosesteorieë aan by die geslagsrolsosialisering. Dit is immers d.m.v. prosesse (insluitende differensiële assosiasie en sosiale gebondenheid) waardeur geslagsrolsosialisering ook aangeleer word. Die verhoudingsfaktore sluit weer aan by die reaksieteorieë: omdat en vir sover verhoudinge skeefloop (soos in die geval van gesinsgeweld) lei dit tot etikettering en konflik.

Dit moet ook duidelik gestel word dat, wat die oorsake betref, daar skynbaar 'n geslagsrolsosialisering is, en die geslagsrolsosialisering bepaal weer op sy beurt die verhoudingsfaktore. Hoewel dit nie vir die doel van hierdie navorsing belig is nie, volg dit logies dat biologiese fundering ten grondslag hiervan lê.

Dieselfde logiese gedagte kan t.o.v. die verklarings aagevoer word: die struktuur (van die samelewing) bepaal die prosesse (funksies) daarvan, en beide die struktuur en prosesses rig weer die aard van die reaksies wat in die samelewing toegelaat word (t.o.v. gesinsgeweld). In finale analise is in hierdie navorsing geargumenteer dat die aanlering van hulpeloosheid die beste kriminologiese begrip aanbied vir gesingeweld.

Verdere beredenering van die impak van die oorsake en verklarings op die dinamika van gesinsgeweld, gee insig daarin dat dit juis die oorsake en verklarings is wat bydrae tot die begrip van die snellerfaktore. Die oorsake en verklarings "ontwerp" die "klimaat" waarin die dinamika kan floreer. Op dieselfde vlak van abstraksie kan ook geargumenteer word dat selfs die aard van die voorkoming (d.m.v. beregting, primêre, sekondêre en tersiêre maatreëls) deur die aard van die oorsake, die aard van die verklarings en die aard van die dinamika gerig word.

Kortweg gestel kom dit daarop neer dat die wisselwerking tussen die eklekties beredeneerde oorsake, eklekties beredeneerde verklarings, eklekties beredeneerde dinamika en eklekties beredeneerde voorkoming, kriminologies gesproke insig t.o.v. die stabilisering (voortbestaan) van gesinsgeweld oopbreek.

## 8.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

Empiriese navorsing moet onderneem word om die aangeleerde hulpeloosheidsteorie se misdaadverklaringsmoontlikhede by vroue, verder te ondersoek.

Nog aspekte wat met die datavangs uit die dossiere verband hou, wat verdere navorsing vereis, sluit die volgende in:

- die uitwerking van vaste verhoudings op misdade teen vroue
- kultuurverskille by verskillende rassegroepe en misdade teen vroue
- die redes waarom die *modus operandi* van vroue verskil van dié van mans wat misdade teen vroue pleeg
- die rol van onmiddellikke arrestasie van oortreders waar misdade teen vroue ter sprake kom en
- berading aan die slagoffer sowel as die oortreder met die oog op rehabilitasie

Behalwe die aanbevelings vir verdere navorsing, kan die volgende ook oorweeg word insake misdade teen vroue in Gauteng provinsie:

## 8.5 Algemene aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak na aanleiding van die navorsing wat voltooi is om die probleem van misdade teen vroue in Suid-Afrika effektief te beheer:

- Verbeterde opleiding van polisiebeamptes in die hantering van misdade teen vroue moet geïmplementeer word.

- Die polisie moet bemagtig word om vinniger en effektiewer te reageer tydens en na aanmeldings van misdade teen vroue.
- 'n Algemene gesindheidsverandering by die polisie teenoor getraumatiseerde vroue moet bevorder word.
- Oortreders wat misdade teen vroue pleeg, moet summier gearresteer word.
- Die aard van vonnisse wat opgelê word vir mans wat teenoor vroue oortree, moet heroorweeg word.
- Wette wat oor die algemeen verband hou met misdade teen vroue moet strenger gemaak en effektiewer toegepas word.
- Die stelsel van interdikte behoort aangepas en uitgebrei te word.
- Hofprosedures moet meer vaartbelynd gemaak word sodat verhore insake misdade teen vroue gouer afgehandel kan word.
- Opleiding en bewusmakingsveldtogte insake die voorkoming van misdade teen vroue om die breër publiek bewus te maak van die probleem, moet bevorder word.
- Die staat moet beter plekke van veiligheid aan die slagoffers beskikbaar stel.
- Vroue moet bemagtig word ten opsigte van hulle regte.
- Welsynsdienste vir vroue en krisissentra moet gekoördineer word.
- Vroue moet ingelig word oor die aard en tipe van die dienste wat op die huidige stadium in die gemeenskap beskikbaar is.
- Meer en verbeterde beradingsdienste aan sowel slagoffers as oortreders moet voorsien word.
- Die totstandkoming van groepe deur vroue wat geviktimiseer was, sodat hulle mekaar vanuit hulle ondervinding kan ondersteun en raad gee, moet bevorder word.
- Sentra moet opgerig word waar kundigheid en inligting beskikbaar is om die probleem effektief die hoof te bied.

### 8.6 Voorstelle oor veiligheidsplekke vir vroue en / of kinders

Die algemene konsensus is dat die huidige beskikbare plekke van veiligheid vir vroue in Suid-Afrika geherevalueer moet word, ten einde hulle effektiwiteit al dan nie te

bepaal. Plekke waar kinders tydelik geplaas kan word in noodsituasies moet ook vroegtydig geïdentifiseer word.

### 8.7 Voorstelle vir die verbetering van beradingsdienste

Huidige beradingsdienste laat veel te wense oor en daarom moet daar gekyk word na dinge soos verskuiwing van beradingsfasiliteite na sentrale sentra waar dit vir almal makliker bereikbaar sal wees. Spesiale traumasentra moet ingerig word om krisisse die hoof te bied. Daar moet ook hulpdienste aan oortreders beskikbaar wees, en vrouepersoneel moet hierdie sentra beman omdat vroue oor die algemeen 'n beter aanvoeling met getraumatiseerdes het. Komitees moet gevorm word deur slagoffers sodat hulle kennis en vaardighede kan uitruil met betrekking tot hul gemeenskaplike probleme; probleme moet aangemeld kan word by alternatiewe plekke en nie slegs by polisiestasies nie; verder moet regshulp wat uitsluitlik op slagoffers gerig is, onmiddellik beskikbaar wees.

### 8.8 Slotwoord

Hierdie navorsing het gefokus op gesinsgeweld. Daar is oor 'n wye spektrum na die probleem gekyk. Die lig wat deur struktuur-, proses- en sosiale reaksieteorieë op die probleem van gesinsgeweld kon werp is eklekties ondersoek en geïntegreer. Dit is 'n realiteit dat die moderne gesin in 'n ernstige moraliteits-en oorlewingskrisis gewikkel is. Dit sal egter 'n donker dag vir die beskawing wees as die noodfakkels om hulp wat daagliks uit soveel verskillende huishoudings in ons samelewing afgevuur word, geen reaksie by ons die verbygangers sal hê nie. Daarom moet álles gedoen word om oplossings en antwoorde te vind. Dit het tyd geword om iets daadwerkliks aan die probleem te doen. Môre mag dalk vir baie gesinne in ons samelewing heeltemal te laat wees.

Bibliografie


Abramson, L.Y., Garber, J.T. & Seligman, M.E.P. 1980. *Learned Helplessness in Humans; an Attributional Analysis in Human Helplessness*. Edited by J.Garber and M.E.P. Seligman. New York: Academic Press.

Abramson, L.Y., Seligman, M.E.P. & Teasdale, J.D. 1978. *Learned Helplessness in Humans: Critique and Reformulation*: Journal of Abnormal Psychology 87 (no.1) 49-74.

American Institute on Domestic Violence. 2005. *Domestic Violence Statistics*. Beskikbaar by: http://www.aidv-usa.com/Statistics.htm.

Amnesty International Media Briefing. 2004 March 05. *Making Violence Against Women Count – Facts and Figures, p.6.* http://web.amnesty.org/library/index/ENGACT770362004 (12 December 2004).

Austin, J. & Krisberg, B. 1982. *The Promise of Alternatives to Incarcenation.* Crime and Delinquency 28 (July 1982). 374-409.

Babbie, E. 1992. *The Practice of Social Research.* Sixth edition. California: Wadsworth.

Barber, J. G. The *Promise and the Pitfalls of Learned Helplessness Theory for Social Work Practise*. Br.J. Social Wk.(1986), 557-570.

Barlow, H.D. 1993. *Introduction to Criminology.* 6th edition. New York: Harper Collins.

Barnett, O.W., & La Violette, A.D. 1993. *It Could Happen to Anyone: Why Battered Women Stay.*London: SAGE Publications.

Barron, M.L. 1956. *The Juvenile Delinquent in Society.* New York, Alfred A. Knopf.

Bart, P. & Morani, E. (eds.) 1993. *Violence Against Women: The Bloody Footprints.* Newbury Park : Sage Publications.

Bartol, C. R. & Bartol, A. M. 1986. *Criminal Behavior, a Psychosocial Approach.* 2nd edition. Englewood Cliffs. NJ: Prentice-Hall.

Bollen, S., Artz, L., Vetten, L. & Louw, A. 1999. *Violence Against Women in Metropolitan South Africa.* ISS Monograph Series No 41, September 1999. Pretoria: Institute for Security Studies.

Braud,W., Webman,B. & Russo,D. *Task and Species Generality of "Helplessness" Phenomenon.* Psychonomic Science, 1969, 16, 154-155.

Bredemeier, H.C. & Stevenson, R.M. 1962. *The Analysis of Social Systems.* New York: Holt and Rinehart.

Brown, S.E. & Curtis, J.H. 1987. *Fundamentals of Criminal Justice Research.* Cincinati, OH: Anderson.

Bunch, C. & Carrillo, R. 1992. *Gender Violence: a Developement and Human Rights Issue.* Dublin: Attic Press.

Burger, M. 1992. *Verwysingstegnieke.* Agste hersiening. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Burgess, R.L. *Social Incompetence as a Precipitant to and Consequence of Child Maltreatment,* Victimology: An International Journal, Volume 10, 1985, Number 1-4. Pp. 72-86.

Burkett, S.R. & White, M. 1974. *Hellfire and Delinquency: Another Look.* Journal for the Scientific Study of Religion 13: 455-462.

Cilliers, C.H., Grobbelaar, M.M., Jacobs, W.J., Labuschagne, I.L., Pretorius, R. & Van der Hoven, A.E. 1986. *Viktimologie.* Onder redaksie van C.H. Cilliers. Pretoria: HAUM.

Coetzee, C.H., Le Roux, J.H., Van Deventer, S.H., Van Lill, J.B. & Visser, J.D. 1982. *Enigste gids vir PSY213-A (Sielkundige meting).* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Conklin, J.E. 1989.*Criminology.* 4th edition. New York. Macmillan Publishing Company.

Conradie, H. 1980. *'n Kritiese Ontleding van die Misdaadverklaringsmoontlikhede van Bepaalde Sosiologiese Teorie oor Afwykende Gedrag.* Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Courtwright, D.T. 1996. *Violent Land: Single Men and Social Disorder from the Frontier to the Inner City.* Cambridge: Harvard University Press.

Crowell, N.A. & Burgess, A.W. 1996. *Understading violence against women.* Washington, D.C.: National Academy Press.

Davies, M. (editor). 1994. *Women and Violence.Realities and Responses world wide.* London: Zed Books, 1994.

Davis, N.J. & Stasz, C. 1990. *Social Control of Deviance: a Critical Perspective.* New York: McGraw-Hill Publishing Company.

Decker, D.J. 1999. *Stopping the Violence. A Group Model to Change Men's Abusive Attitudes and Behaviors.* London: The Haworth Maltreatment and Trauma Press.

De Keseredy, W.S. & Schwartz, M.D. 1996. *Contemporary Criminology.* New York: Wadsworth Publishing Company.

Dhladla, S. 2004. *Pretoria Gesinshof.* Kamer K52. Persoonlike Onderhoud. 10 Maart 2004.

Fattah, E.A. 1997. *Criminology, Past, Present and Future: A Critical Overview.* Hampshire: MacMillan Press Ltd.

Freislich, M. Senior-Superintendent. 2003. *Misdaad Inligting Analise Sentrum* – Suid-Afrikaanse Polisiediens. Persoonlike onderhoud op 3 Maart 2004.

Garbarino, J. & Eckenrode, J. 1997. *Understanding Abusive Families. An Ecological Approach to Theory and Practise.* San Francisco: Jossey-Bass Inc., Publishers.

Gartner, R. & Doob, A. N. 1994. *Trends in Criminal Victimization:1988-1993.* Juristat, Vol. 14. no. 13 (June).

Gerber, C. 2001. *Statistieke van mans in Suid-Afrikaanse Gevangenisse weens misdade teen vroue.* Data per faksimilee. 16 November 2001.

Gray, M.M.M. & Sathiparsad. 1997. *Violence Against Women in South Africa: An Analysis of Media Coverage.* Social Work. A professional journal for the social worker. Special edition Volume 34 No. 1. Pretoria: Unisa Centre for Women's Studies, 1994:3.

Hanmer, J. & Maynard, M. (editors) 1987. *Women, Violence and Social Control.* Explorations in sociology 23. Basingstoke: Macmillan.

Hanmer, J. & Saunders, S. 1984. *Well-founded Fear. A Community Study of Violence to Women.* London: Hutchinson in association with the Explorations in Femminism, Collective, 1984.

Harway, M. & O'Neil, J.M. 1999. *What Causes Men's Violence Against Women?* Thousand Oaks, California : Sage publications.

Hirschi, T. & Stark, R. 1969. *Hellfire and Delinquency.* Social Problems 17: 202-213.

Human Rights Watch. 1995. *Violence Against Women in South Africa: State Response to Domestic Violence and Rape.* New York.

Huysamen, G.K. 1983. *Inferensiële Statstiek en Navorsingsontwerp.* Derde uitgawe. Pretoria: Academica.

Joubert, S.J. 2001. *Struktuurteorieë.Kriminologie,teorieë oor misdaad en misdaadvoorkoming: Tradisionele en postmoderne toenaderings.* Enigste studiegids vir CMY302Y-J. Pretoria: Unisa, p.111-131.

Joubert, S.J. 2001. *Prosesteorieë. Kriminologie,teorieë oor misdaad en misdaadvoorkoming: Tradisionele en postmoderne toenaderings.* Enigste studiegids vir CMY302Y-J. Pretoria: Unisa, p.132-155.

Joubert, S.J. 2001. *Sosialereaksie-teorieë. Kriminologie, teorieë oor misdaad en misdaadvoorkoming: Tradisionele en postmoderne toenaderings.* Enigste studiegids vir CMY302Y-J. Pretoria: Unisa, p.156-178.

Kambula, T. 2002. *Integrated Training on Domestic Violence Manual: Joining Hands on Domestic Violence.* First edition. Creative Hut: National Prosecution Authority of South Africa 2002.

Kruger, J.E. 1972. *Anomie; 'n Kritiese Ontleding van die Teorie met besondere verwysing na enkele Sosiaal-Patologiese Verskynsels.* (Ongepubliseerde Proefskrif, PU vir CHO.)

Louw, D.A., Erasmus, A.K., Gagiano, C.A., Grobler, S.A., Möller, A. T., Theron, A. & Van Jaarsveld, P.E. 1989. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.* Onder redaksie van D.A. Louw. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Louw, D.A., Van Heerden, T.J. & Smith, P.R. 1978. *Kriminologiewoordeboek.* Durban: Hayne en Gibson.

Louw, N. *MIV mite oor seks met maagd.* Beeld, 16 November 2001:14.

Maier, S.F. & Seligman, M.E.P. 1976. *Learned Helplessness: Theory and Evidence.* Journal of Experimental Psychology: General. Vol. 105, No. 1, p. 3-46.

Maier, S.F. & Watkins, L. R. 1998. *Stress, Learned Helplessness and Brain Interleukin-1* http://www.mcmaster.ca/inabis98/anisman/maier0245/index.htm.

Makofane, M.D.M. & Du Preez, M.S.E. 2000. *Reporting of Wife Physical Abuse to the Police in the Northern Province* in Acta Criminologica Vol 13 No 1 2000.

Meyers, M. 1997. *News Coverage of Violence Against Women.Engendering Blame.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Merton, R.K. 1968. *Social theory and social structure*. New York: The Free Press.

MIAS. 2004. *Crime Information Analysis Centre*—South African Police Service. Telefax received from Capt. E.C. du Plessis. 1st August 2003.

Miller, I. W. & Norman W. H. 1979. *Learned Helplessness in Humans: A Review and Attribution-Theory model.* Psychological Bulletin. 1979, Vol. 86, No. 1, 93-118.

Miller, S.A. 2001. *Men's Learned Helplessness.* Available at: http://www.users.erols.com/afc/learned1.html.2001-11-14.

Mouton, J.S. & Marais, H.C. 1985. *Metodologie van die Geesteswetenskappe: Basiese Begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Mouton, J.S. & Marais, H.C. 1991. *Metodologie van die Geesteswetenskappe: Basiese Begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Neveling, J. 2004. *The Effectiveness of Victim Impact Reports.* Sexual Offences Bulletin. Volume 1, Number 5, p. 30-32.

Novitz, T. 1996. *The Prevention of Family Violence Acts 1993.Issues in Law, Race and Gender.* Law, Race and Gender Research Unit: University of Cape Town.

Odendal, F.F., Schoonnees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, S.M. 1984. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* Johannesburg: Perskor.

Ovens, M. 1992. *Drug Related Child Abuse*. M-Verhandeling: Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Overmier, J.B. & Seligman, M.E.P. *Effects of Inescapable Shock Upon Subsequent Escape and Avoidance Learning.* Journal of Comparative Physiological Psychology, 1967, 63, 28-33.

Pahl, J. 1985. *Private Violence and Public Policy.The Needs of BatteredWwomen and the Response of Public Services.* London: Routlledge & Kegan Paul.

Parsons, T. 1952. *The Structure of Social Action; a Study in Social Theory with special reference to a group of recent European writers.* Glencoe, Ilinois: The Free Press.

Peterson, C. & Seligman, E.P. 1983. *Learned Helplessness and Victimization.* Journal of Social Issues, No.2, 1983, pp.103-116.

Peterson, C., Maier, S.F. & Seligman, M.E.P. 1993. *Learned Helplessness: A Theory for the Age of Personal Control.* New York: Oxford University Press.

Schmalleger, F. 1996. *Criminology Today.* Englewood Cliffs, N J: Prentice Hall.

Schuler, M. 1992. Series on woman, law and development. *Freedom From Violence. Woman's Strategies from Around the World.* Edited by M. Schuler. New York: OEF International.

Seddon, N. 1993. *Domestic Violence in Australia*. Second edition. Sydney: The Federation Press Pty Ltd.

Seligman, M.E.P. 1975. *Helplessness; on Depression, Development and Death.* San Fransisco: W.H. Freeman and Company.

Sewell, S. & Sewell, B. *Family Violence.* Family Resources & Research, 2004, 1-28.

Shelley, L.I. 1981.*Readings in Comparitive Criminology.* In Melvyn, B. Nathanson, (editor), Science and International Affairs Series. Carbondale & Edwardsville: Southern Illinois University Press.

Sherman, L.W., Schmidt, J.D. & Rogan, D.P. 1992. *Policing Domestic Violence: Experiments and Dilemmas.* USA: Macmillan, Inc.

Shoemaker, D. J. 1984. *Theories of Delinquency: An Examination of Explanations of Delinquent Behavior.* New York: Oxford University Press.

Smit, G.J. 1985. *Navorsingsmetodes in die Gedragswetenskappe.* Pretoria: HAUM.

Smith, L.J.F.1989. *Domestic Violence.* Home Office Research Study 107. London: Her Majesty's Stationery Office.

Stammers, T. 1996. *Love Lies Bleeding.* London: Hodder & Stoughton.

Stanley, M.A. & Maddux, J. E. 1986. *Self-efficacy Theory: Potential Contributions to Understanding Cognitions in Depression.* Journal of Social and Clinical Psychology, Vol 4, No. 3, 1986, pp. 268-278.

Sutherland, E. 1939. *Principles of Criminology,* 3rd ed. Philadelphia: Lipincott.

Swart, C.F. & Lamont, A.M. 1973. *Die Stad; Sosiologie en Beplanning*. Johannesburg: Mc Graw-Hill.

Taft, D.R. & England, R.W. 1964. *Criminology.* London: The Macmillan Co.

Tempellhoff, E. *Pa Verkrag glo Dogter vir Genesing van MIV.* Beeld, 16 November 2001:2.

The Law Commision. Working paper No. 113 *Domestic Violence and Occupation of the Family Home.* Her Majesty's Stionary Office.

Thomas, E. & Balter, A. 1970 *Learned Helplessness : Amelioration of Symptoms by Cholinergic Blockage at Septum.* Science, in press.

Valier, C. 2002. *Theories of Crime and Punishment.* New York: Longman.

Van der Hoven, A.E. 1990. *Kriminologie.* KRM 100-5 studiegids. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van der Merwe, H. & Pretorius, M. 2004. *Gesinsgeweld en gesinsterapie.* Onderhoud. 23 November 2004. Skrywer het op 23 November 2004 'n persoonlike ondehoud gevoer met Henda Van der Merwe en Marissa Pretorius by hulle Terapie-eenheid in Vosstraat, Sunnyside, Pretoria.

Van der Westhuizen, M.M. 1998. *Victimization of Domestic Workers in a (post)modern South African Society: an explorative study.* Unpublished MA-dissertation. Sovenga: University of the North.

Van Rensburg, R. *Gesinsgeweld....* Die Huisgenoot, 23 September 2004.

Walker, L.E. 1978. *Battered Women and Learned Helplessness.* Victimology: An International Journal. Volume 2, 1977-78. Numbers 3-4. pp. 525-534.

Wet No. 116, 1998. *Wet op Gesinsgeweld, 1998*. Staatskoerant No.19537. Republiek van Suid-Afrika. 2 Desember 1998. Kaapstad.

Williams, F.P. & McShane, M.D. 1994. *Criminological Theory*. 2nd edition. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Wolpe, A. 1999. *Child abuse: Some things never change*. 14 March p.24 in *Sunday Times*.

# GESINSGEWELD
## T.I.M. Jooste

**1. Masnommer**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**2. Hofsaaknommer**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**3. Stasie**

| Laudium | Alexandra | Hillbrow | Rietgat | Villieria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| Pta Noord | Pta Wes | Mamelodi | Randburg | Elders |
|---|---|---|---|---|
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

**3**

**4. Datum van Voorval**

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**5. Maand waarin voorval plaasgevind het**

| Jan | Feb | Mar | Apr | Mei | Jun |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| Jul | Aug | Sept | Okt | Nov | Des |
|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |

**6. Dag van Voorval**

| Ma | Di | Wo | Do | Vry | Sa | So |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

**7. Tyd wanneer voorval plaasgevind het**

| 06H01 – 10H00 | 10H01 – 14H00 | 14H01 – 18H00 |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

| 18H01 – 22H00 | 22H01 – 02H00 | 02H01 – 06H00 |
|---|---|---|
| 4 | 5 | 6 |

**8. Geslag van Klaer / Klaagster**

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| 1 | 2 |

**9. Ouderdom van Klaer / Klaagster**

| < 18 | 19 – 21 | 22 – 24 | 25 – 27 | 28 – 30 | 31 – 45 | 45 > |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

**10. Ras van Klaer / Klaagster**

| Blank | Swart | Kleurling | Asiër | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**2**

**11. Tipe misdaad**

| Aanranding (Gewoon) | Aanranding (Met opset) | Verbaal | Seksuele teistering | Verkrag |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| Ontvoering | Brandstigting | Moord | Onsedelike aanranding | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

**12. Waar het die voorval plaasgevind**

| Kantoor | Fabriek | Skool | Kampus | Hotel | Motor |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| Trein | Eie Huis | Veld | Plaas | Vliegtuig | Hoewe |
|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |

| Hospitaal | Kafee | Kerk | Bank/OTM | Super-mark | Stasie-gebou |
|---|---|---|---|---|---|
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |

| Openbare Toilet | Plakkers-kamp | Straat | Vriende se huis | Oortreder se huis | Elders |
|---|---|---|---|---|---|
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |

**13. Aard van beserings**

| Kneusings | Snywond(e) | Swelsel | Skietwond(e) | Frakture | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

**14. Oortreding waarvoor skuldig bevind is**

| Aanranding (Gewoon) | Aanranding (Met opset) | Verbaal | Seksuele Teistering | Verkrag |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| Ontvoering | Brand-Stigting | Moord | Ander |
|---|---|---|---|
| 6 | 7 | 8 | 9 |

**15. Beskikking oor dossier**

| Ja | Nee | Onttrek |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

**16. Rede vir skikking**

| Teruggetrek | Beskuldigde Oorlede | Beskuldigde Verdwyn | Ander |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

## AFDELING B – DATA VAN DIE OORTREDER

**1. Ouderdom van Oortreder**

| < 18 | 19 – 21 | 22 – 24 | 25 – 27 | 28 – 30 | 31 – 45 | 45 > |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

**2. Ras van Oortreder**

| Blank | Swart | Kleurling | Asiër | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**2**

**3. Geslag van Oortreder**

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| 1 | 2 |

**4. Huwelikstatus van Oortreder**

| Getroud | Geskei | Weduwee/ Wewenaar | Nooit getroud | Woon saam |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**5. Beroep**

| Boubedryf | Mynbedryf | Admini-stratief | Onderwys | Medies | Sekuriteit |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| Bankwese | Eie besigheid | Staats-diens | Werkloos | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |

**6. Nasionaliteit**

| Tsonga | S/Sotho | N/Sotho | Khosa | Zulu | Pedi |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| Venda | Kleurling | Asiër | Blank | Uitlander | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |

**7. Hoe is die misdaad gepleeg?**

| Vuurwapen | Mes | Sambok | Vuis / Oop hand | Skop (Voet) | Klip / baksteen |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| Motor | Ketting | Meubel-stuk | Gereed-skapstuk | Byl | Stok |
|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |

| Ver-smoring | Ver-drinking | Ver-wurging | Ver-giftiging | Brand-stigting | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |